

William Shakespeare

**KONING
LEAR**

Uys Krige

UYS KRIGE AS SHAKESPEARE-VERTALER

Toe Uys Krige se vertaling van Shakespeare se beste blyspel, *Twelfth Night*, met die eeufees van Shakespeare in 1964, deur TRUK in Pretoria, Johannesburg en op die Rand opgevoer is, is dit met 'n merkwaardige geesdrif ontvang deur die Transvaalse publiek sowel as die pers van die hele Suid-Afrika. In ons Afrikaans- sowel as Engelsprekende koerante en tydskrifte het die kritici met mekaar gewedywer om vertaling én opvoering (onder die regie van Leonard Schach) te huldig. Party kritici het selfs verklaar dat die opvoering van *Twaalfde Nag* die mees geslaagde Shakespeare-vertoning was wat hulle nog in Suid-Afrika gesien het. Wat hulle veral hoog geroem het, was die beroemde komiese dele tussen die twee ou drinkebroers, sir Tobie Wynvat en sir Andries Bibberbakkies.

Kort na *Twaalfde Nag* se première het TRUK aangekondig dat die stuk die grootste reklame ontvang het wat enige toneelstuk nog te beurt geval het in die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse toneel.

Toe *Twaalfde Nag* in 1967 in boekvorm verskyn, was ons kritici eenparig in hul mening dat ons hier met 'n meesterlike vertaling te doen het. Een kritikus het verklaar: „*Twaalfde Nag* is die beste vertaling van 'n Shakespeare-stuk wat ek nog ooit teëgekom het . . .”

Uys Krige is die sienswyse toegedaan dat *King Lear* 'n veel moeiliker vertalerstaak is as *Twelfth Night*. Hier is wat hy geskryf het vir *Koning Lear* se program vir die openingsaand in die Nico Malanteater, Kaapstad, in Mei 1971:

KRIGE OOR KONING LEAR

King Lear was nog altyd my gunsteling-treurspel in die Engelse letterkunde, en een van die aangrypendste en sinrykste tragedies in die hele geskiedenis van wêreld-drama. Na my vertaling van *Twelfth Night* in 1963 was dit die een drama van Shakespeare wat ek „nog een van die mooi dae” graag in Afrikaans wou vertaal. En nie alleen omdat die stuk my altyd so diep ontroer het nie. Ook omdat ek al geruime tyd oortuig was dat Afrikaans by uitnemendheid geskik is as vertaalmedium vir Shakespeare se dinamiese, van lewe bruisende Engels. (Dis 'n ou stokperdjie van my, die stelling dat Afrikaans op hierdie stadium van sy ontwikkeling in sy lewenskrag, idiomatiese rykdom, frisheid en ongereptheid veel gemeen het met Elisabethaanse Engels.)

Die vertaling van *King Lear*, het ek gedink, sou nie alleen 'n uitdaging wees aan die Afrikaanse taal en sy veelvuldige vermoëns nie, maar ook 'n uitdaging aan my eie vermoëns as 'n vertaler. Sou ek minstens redelik kon slaag, het ek myself afgeveer, met die vertaal van Shakespeare se grootste treurspel soos ek volgens party kritici geslaag het met die vertaal van sy beste blyspel? Ek het dus gegryp, in 1970, na Pieter Fourie van KRUIK se uitnodiging om *King Lear* te vertaal. Want hierdeur is ek voor 'n voldonge feit gestel. Nou was daar geen wegkomkans meer nie: hier staan 'n groot versperring my voor die deur, en ek moet hom oor kom wat wil . . .

Ek het agterstevoor begin, by die einde. Ek het gedink ek sou die moeilikste gedeelte eerste pak – daardie slot-toneel van *Lear* se afsterwe, vir my die sterkste sterfbed-

Vervolg op agterflap





HAUM

WILLIAM SHAKESPEARE

KONING LEAR

VERTAAL DEUR

UYS KRIGE

Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij

Rid: Sab 89-12937

Hollandsch Afrikaansche Uitgevers Maatschappij
Langstraat 58, Kaapstad | Paul Krugerstraat 480, Pretoria
Kopiereg © Afrikaanse vertaling Uys Krige 1971
Eerste Afrikaanse uitgawe 1971
Tweede druk 1975
Derde druk 1976
Vierde druk 1976
Stofomslag Bill Edingburgh
Geset in 10 op 12 pt. Baskerville en gedruk en gebind deur
Citadel-Pers, Lansdowne, Kaap

ISBN 0 7986 0004 7



300079843




B0223538



*. . . Haar stem was altyd sag,
Lieflik en teer, iets heel moois in 'n vrou.*

Aan die nagedagtenis
van ons dierbare suster,
MIZZI BAUMANN



KONING LEAR

is vir die eerste maal opgevoer deur die Kaaplandse Raad vir die Uitvoerende Kunste in die Nico Malan-Teater, Kaapstad, op die aand van 28 Mei, 1971. Hierdie opvoering was die Afrikaanse Toneelgroep se openingsaanbieding; en die rolverdeling was as volg:

| | |
|---|---|
| Lear, Koning van Brittanje | Cobus Rossouw |
| Koning van Frankryk | Price Coetzee |
| Hertog van Boergondië | Martin Crous |
| Hertog van Cornwall, Regan se Eggenoot | Chris Swanepoel |
| Hertog van Albanië, Goneril se Eggenoot | Mees Xteen |
| Graaf van Kent | Pieter Joubert |
| Graaf van Gloucester | Jannie Gildenhuis |
| Edgar, Gloucester se Seun | David Haynes |
| Edmond, Gloucester se Onegte seun | Johan Malherbe |
| Curan, 'n Howeling | Paul Malherbe |
| Oswald, Goneril se Bediende | Paul Slabolepsy |
| Ou Man, Gloucester se Pagter | |
| Arts | |
| Nar | Siegfried Mynhardt |
| 'n Offisier, in Edmond se diens | |
| 'n Heer, Volgeling van Cordelia | Barry White |
| 'n Herout | |
| Cornwall se Bediendes | Martin Crous |
| Lear se Dogters | |
| Goneril | Margot Luyt |
| Regan | Sandra Kotzé |
| Cordelia | Katinka Heyns |
| Ridders in Lear se Gevolg, Offisiere, | |
| Soldate en Volgeling | Johann Potgieter, Graham Prosser, Barry White en Martin Crous |

Toneel: Brittanje

Die regisseur was Dieter Reible; en die kostuums was deur Beatrice Reible, die dekor deur Pieter de Swardt.



EERSTE BEDRYF

TONEEL EEN

*Die Paleis van Koning Lear.
Kent, Gloucester en Edmond op.*

KENT

Ek het die indruk gekry die Koning was die Hertog van Albanië meer toegeneë as die Hertog van Cornwall.

GLOUCESTER

So het dit ons altyd voorgekom; maar nou, by die verdeling van die koninkryk, blyk dit tog nie watter Hertog hy die hoogste skat nie; want die twee dele is so haarfyn teen mekaar opgeweeg dat die noukeurigste ondersoek nie één van die twee Hertoë in staat kan stel om die ander se deel bo sy eie te verkies nie.

KENT

Is dit nie u seun nie, my Heer?

GLOUCESTER

Sy opvoeding, Heer, was vir my rekening. Ek het al so dikwels gebloos om hom as seun te erken, dat ek teen dié tyd daarteen verhard is.

KENT

Ek begryp u nie.

GLOUCESTER

Heer, hierdie jongman se moeder het my maar alte goed begryp; ons het ons eintlik aan mekaar vergryp; en toe kry sy begryplikerwyse 'n ronde buik, en had sy inderdaad, Heer, 'n seun vir haar wieg nog voor sy 'n eggenoot had vir haar bed. Ruik u miskien 'n fout?

KENT

'n Dergelike fout sou ek nie ongedaan kon wens nie aangesien die gevolge daarvan so aantreklik is.

GLOUCESTER

Maar ek het nog 'n seun, Heer, en hy is wettig, ongeveer 'n jaar ouer as dié een, wat egter daarom nie hoër by my aangeskryf staan nie. Alhoewel hierdie rakker nogal 'n bietjie voor op die wa en ongenooi die wêreld ingekraai gekom het, tog was sy moeder mooi; ons het ons vermaak om hom te maak; en my speelkind moet erken word. Ken jy hierdie edelman, Edmond?

EDMOND

Nee, my Heer.

GLOUCESTER

Die Graaf van Kent; onthou hom voortaan as my hooggeëerde vriend.

EDMOND

Die dienaar van U Edelheid.

KENT

Ek sal u op my hart dra, en sou graag nader met u kennis wil maak.

EDMOND

Heer, ek sal alles in die werk stel om u vriendskap te verdien.

GLOUCESTER

Hy was nege jaar in die buiteland, en nou moet hy daarheen terugkeer. Hier kom die Koning.

'n Fanfare. Iemand verskyn wat 'n kroon dra; dan volg Koning Lear, Cornwall, Albanië, Goneril, Regan, Cordelia en Gevolg.

LEAR

Ontvang die Vorste van Frankryk en Boergondië, Gloucester.

GLOUCESTER

Ek sal, my Vors.

Gloucester en Edmond af.

LEAR

Intussen wil ons ons geheime plan onthul.
Gee my dié kaart. Almal moet weet ons het
Ons ryk in drie verdeel; en ons is vasbeslote
Om alle sorges van ons oudag af te skud,
Hulle oor te dra aan jonger kragte wyl
Ons sonder las kruip na die dood. Ons seun, Cornwall,
En u, ons seun, Albanië, ons ewe toegeneë,
Ons wil nou graag elk dogters bruidskat aan
U openbaar, dat daar geen stryd kom in die toekoms.
Die Prinse, Frankryk en Boergondië, wat meeding om
Die liefde van ons jongste dogter, het
Al lank as minnaars in ons hof vertoef,
En wag nou op 'n antwoord. Sê my, my dogters,
(Daar ons ons nou ontdoen van heerskappy,
Van al wat ons besit, die sorges van ons staat)
Wie van jul moet ons sê het ons die meeste lief?
Dat ons ons mildste guns mag skenk waar die
Natuur wedywer met verdienste. Goneril,
Ons eersgeborene, praat jy eerste.

GONERIL

Heer, ek bemin u meer as ooit die woord kan sê;
Meer as my oë, daardie lug, die vryheid;
Ver bo alles wat seldsaam is of ryk;
As selfs die lewe, deug, gesondheid, skoonheid, eer;
Soveel as ooit 'n vader liefde van
Sy kind ontvang't, 'n liefde wat my asem weg-
Slaan in my keel en my my spraak ontnem;
Veel meer as alles dit bemin ek u.

CORDELIA

[tersy]

Wat sal Cordelia sê? Het lief, en swyg.

LEAR

Die hele groot gebied, van daardie grens tot hier,
Vol skaduryke bosse, landerye,
Riviere diep en wyd en uitgestrekte weiveld,

Verklaar ons nou behoort aan u; en aan u kroos
En dié van Albanië vir altyd. Wat sê
Ons tweede dogter, liefste Regan, vrou van Cornwall?

REGAN

Ek's uit dieselfde hout gesny as sý, my suster,
En skat my haar gelyke. Hier diep in my hart
Vind ek die einste liefde wat sy noem;
Net sy skiet nog te kort, want ek verklaar
Myself die vyand van al ander vreugdes
Wat heerlik al ons sintuie saam besit,
En vind slegs in die liefde van my vader
My heil en my geluk.

CORDELIA

[tersy]

Arme Cordelia dan!
En tog nie arm; want my liefde, is ek seker,
Weeg swaarder as my woorde.

LEAR

As eew'ge erfenis kry jy en jou nasate
Dié ruime derde van ons skone ryk,
Nie minder uitgestrek of waardevol, behaaglik
As dié wat ons aan Goneril skenk. En nou, ons vreugde,
Die laaste maar die minste nie; om wie se liefde
Frankryk se wingerde en Boergondië se melk
Wedywer met mekaar; wat kan jy sê dat jy
'n Ryker derde erwe as jou susters? Praat.

CORDELIA

Niks, Vader.

LEAR

Niks?

CORDELIA

Niks.

LEAR

Van niks sal niks kom, kind; praat weer.

CORDELIA

Armsalige wat ek is, ek kan my hart
Nie uitstort in my mond. Ek het U Hoogheid lief
Soos pligsbesef dit eis; niks meer, niks minder nie.

LEAR

Wat, wat, Cordelia! Praat 'n beter taal,
Of jy gaan jou geluk bederf.

CORDELIA

My liewe Vader,
U't my verwek, gevoed, my liefgehad; en ek
Vergeld u al dié pligte soos't 'n kind betaam,
Gehoorsaam u en eer u, het u lief.
Waarom't my susters mans, as hulle sê
Hul't slegs ú lief? Gelukkig, as ek trou,
Skenk ek aan hom aan wie ek trou gesweer het,
Die helfte van my liefde, plig en sorg.
Gewis, ek sal nooit soos my susters trou,
Om net my vader lief te hé.

LEAR

Jy praat hier uit jou hart?

CORDELIA

Ja, my goeie Vader.

LEAR

So jonk, en so gevoelloos?

CORDELIA

So jonk, my Heer, en so opreg.

LEAR

Laat jou opregtheid dan jou bruidskat wees;
Want by die heil'ge gloed van daardie son,
By Hekate se geheime en die nag,

By al die wonderkrag van die gesternte
Deur wie ons leef en ook vergaan, verwerp
Ek hier nou al my vaderlike pligte, sorg,
Verwantskap en elk hegte band van bloed;
Van nou af aan word jy 'n vreemd'ling vir
My hart en siel vir altyd. Die barbaarse Skith,
Of hy wat as die honger knaag, sy kinders eet,
Sal ewe na lê aan my hart, my meely wek
En bystand vind by my, as jy, my vroeër dogter.

KENT

My goeie Vors -

LEAR

Swyg, Kent!

Kom nie tussen die Draak nie en sy woede.
Ek had haar meeste lief. In haar teer sorg wou ek
Soet rus op my oudag. Weg! Weg voor my gesig!
So waarlik sal my graf my rus gee as ek nou
Haar vaders hart vir goed van haar vervreem!
Roep Frankryk! Wat! Gou, gou! Roer niemand hier?
En roep Boergondië! Cornwall en Albanië,
Voeg by my dogters bruidskat ook 'n derde deel;
Laat trots, wat sy opregtheid noem, haar trou.
Tesaam bekleë ek u met al my mag,
My hoë rang en al die eretekens
Eie aan die koningskap. Onself sal maand'liks
Met 'n gevolg van honderd ridders wat
Jul sal moet onderhou, stip om die beurt
By julle ons intrek neem. Net ons behou
Die koningsnaam en al sy eretitels;
Die inkomste, gesag, bestuur van al die res,
My liewe seuns, kom u slegs toe. Om dit
Te staaf, deel hierdie kroon tesame.

Hy gee hulle die kroon.

KENT

Grote Lear,
Wat ek nog altyd as my Koning eer,

Liefhet as vader en as meester volg,
In my gebede sien as my beskermheer –

LEAR

Die boog is strak gespan; vermy die skig.

KENT

Laat hy maar gons, al dring sy spits
Diep in my hart. Laat Kent onhoflik wees,
Word Lear waansinnig. Wat wil jy doen, ou man?
Dink jy dat plig te bang is om te praat
As mag voor vleitaal buig? 'n Man van eer praat pront
As Konings dwaasheid pleeg. Herroep jou oordeel;
Betoom, na ryp beraad, dié dolle roekloosheid,
O wat 'n gruwel tog! Ek wed my lewe
Jou jongste kind het jou nie minder lief nie;
Hulle in wie se sagte stem geen hol geluid
Weerklink, is geensins liefdeloos.

LEAR

Kent, by jou lewe, swyg!

KENT

My lewe't ek nog altyd as 'n pand
Beskou om teen jou vyande te waag;
Ek gee dit prys, verseker dit jou veiligheid.

LEAR

Maak dat jy wegkom!

KENT

Sien beter, Lear; laat ek soos altyd wees
Die ware doelwit van jou oë.

LEAR

Nou, by Apollo –

KENT

Nou by Apollo, Koning,
Jy sweer by al jou Gode tevergeefs.

LEAR

O goddelose kneg!

Hy plaas sy hand op sy swaard.

ALBANIË EN CORNWALL

Bedwing u, goeie Heer!

KENT

Ja, dood jou arts, en skenk jou fooi dan aan
Jou bose kwaal. Trek dié verord'ning terug;
Of ek sal uitroep wyl my keel nog krag het,
Hier pleeg jy kwaad op kwaad.

LEAR

Luister, verraaier! By jou eed as onderdaan,
Luister! Jy't ywerig gestreef om ons
Tot woordbreuk oor te haal, iets wat
Ons nooit durf doen het nie, en met
Oordrewe trots dring jy jou nou tussen
Ons uitspraak en ons mag, iets wat nòg ons
Natuur nòg ons gesag kan duld. Maar nou
Gaan ons jou wys ons ware krag. Ontvang jou loon!
Vyf dae gun ons jou om jou toe te rus
Teen al die slae en teenspoed van die wêreld;
Die sesde dag moet jou gehate rug
Gekeer wees op ons ryk; word jou verbanne liggaam
Die tiende dag gevind in ons gebied,
Dan sterf jy op die plek. Toe, weg! By Jupiter,
Dié vonnis sal ek nie herroep.

KENT

Vaarwel, my Vors; sinds jy van woede tier,
Leef vryheid ver, ver weg, en ballingskap is hier.
[*Aan Cordelia*] Mag al die Gode, jonkvrou, jou bewaar,
Want suiwer is jou gees, jou woorde klaar.

[*Aan Goneril en Regan*]

Maak dat dit waarheid word, al dié welsprekenheid,
Wys ons dat liefdesdade uit liefdeswoorde spuit.
Prinse, vaarwel! Kent soek 'n vreemde strand;

Sy ou koers volg hy in 'n nuwe land.

Kent af. Trompetgeskal. Gloucester verskyn weer, met die Vorste van Frankryk, Boergondië en hul Gevolg.

GLOUCESTER

Hier's Frankryk en Boergondië, edele Heer.

LEAR

Vors van Boergondië,
Ons rig ons eers aan u, wat met dié Koning
Steeds meeding om ons dogters hand. Wat is
Die kleinste bruidskat wat u eis om nie
U liefdesaansoek terug te trek nie?

BOERGONDIEË

My Vors,
Ek vra niks meer as wat u aanbied,
En minder sal u ook nie offer nie.

LEAR

Edele Hertog,
Toe sy ons dierbaar was, het ons haar hoog geskat.
Nou het haar prys gedaal. Daar staan sy, Heer;
As iets in dié klein, skamel, maar o so eerlik wese,
Of alles daar, met ons misnoeë toegevoeg,
En niks daarby, miskien U Hoogheid sou behaag,
Daar staan sy, en sy is van u.

BOERGONDIEË

Ek het geen antwoord.

LEAR

Sal u, met al haar foute, sonder vriende,
So pas die stiefkind van ons haat, met slegs
Ons vloek vir bruidskat, deur ons eed vervreemd,
Haar neem of haar laat staan?

BOERGONDIEË

Vergeef my, Vors;
Met voorwaardes soos dié kan niemand kies nie.

LEAR

Laat staan haar, Heer: want by die mag wat my
Geskaap het, dit is haar hele rykdom.
[Aan Frankryk] Ek sou u liefde, grote Vors, nie so bedrieg
Deur u te laat trou met wie ek haat. Ek bid u dus
U guns te skenk aan iemand waardiger
As dié armsalige wat die Natuur
Met skaamte sou erken as syne.

FRANKRYK

Maar hoe vreemd
Dat sy, so-ewe nog die vreugde van u oë,
U trots, u troos, die balsem van u ouderdom,
Die beste, liefste, in 'n kits so iets
Afskuwelik kon pleeg dat sy die mantel van
U guns ontbeer. Haar skuld moet so ontaard wees
Dat dit van haar 'n monster maak, of anders was
U teerheid vroeër haar betoon slegs skyn;
En voor my rede dit van haar kan glo,
Sal daar 'n wonder nodig wees.

CORDELIA

Ek smee U Majesteit – al is u vir my kwaad
Omdat ek daardie oliegladde kuns ontbreek
Om net te praat en niks te doen, want wat my hart
My sê, dit doen ek voor ek praat – maak tog bekend
Dit is geen skandvlek, moord of boosheid,
Geen daad onkuis of eervergete handeling,
Wat my beroof't van u genade en guns,
Maar die gemis (wat my juis ryker maak)
Van 'n steeds bedelende oog, en van 'n tong wat
Ek bly is dat ek nie besit, hoewel
Juis dié tekort my u geneentheid moes ontnem.

LEAR

Was jy maar liever nie gebore as
Om my so diep te grief.

FRANKRYK

En is dit al?
Haar skugterheid van aard wat haar belet
'n Woord te rep oor wat sy later wel
Sal doen. Heer van Boergondië, wat dink
U van dié bruid? Die liefde is geen liefde
Waar dit vermeng is met oorwegings ver
Verwyderd van die wesenlike liefde self.
Wil u haar hê? Sy is haar eie bruidskat.

BOERGONDIË

U Majesteit, gee slegs dié deel deur u belof,
Dan neem ek hier Cordelia by die hand
As Hertogin van gans Boergondië.

LEAR

Niks, niks! Ek het gesweer en ek hou woord.

BOERGONDIË

Dan is ek jammer u't 'n vader so verloor
Dat u ook nou 'n eggenoot verloor.

CORDELIA

Mag hy, Boergondië, in vrede gaan!
Daar stoflike belang die grondslag van
Sy liefde is, sal ek sy vrou nie wees nie.

FRANKRYK

Skone Cordelia, jy's arm maar skatryk;
Verlate, uitverkore; versmaai, maar welbemin!
Jou en al jou deugde gryp ek na my hart;
Wat weggewerp is, neem ek wettig op.
Gode! hoe vreemd dat deur húl smaad en hoon
My liefde vonk vat, haar slegs eerbied toon.
U dogter, Vors, so arm aan goed, maar ryk aan gees,
Sal my Vorstin en Koningin van Frankryk wees.
Geen Hertoë van Boergondië, dié waterige land,
Ontneem my ooit dié maag, dié kostelike pand.
Neem afskeid, lief, al is hul u ook kwaadgesind,
Want wat jy hier verloor, gaan jy wel elders vind.

LEAR

Jy het haar, Frankryk; neem haar, sy's nie meer
Ons dogter, dié gelaat wil ons nooit weer
Aanskou nie. Gaan derhalwe heen
Sonder ons liefde of ons guns, ons seën.
Kom, edele Boergondië.

*Trompetgeskal. Lear, Boergondië, Cornwall, Albanië, Gloucester
en hul Gevolg af.*

FRANKRYK

Neem afskeid van u susters.

CORDELIA

Juwele van my vader, wenend gaan
Cordelia van jul weg! Ek ken jul goed;
Maar soos 'n ware suster is ek traag
Jul foute op hul naam te noem. Wees lief vir Vader;
Aan jul verklaarde trou dra ek hom op;
Maar, ai, was sy geneentheid nog my deel,
'n Beter plek sou ek hom aanbêveel.
Vaarwel dus, albei.

REGAN

Skryf ons nie ons pligte voor.

GONERIL

Streef om jou Koning te behaag, want hy't
Jou soos 'n aalmoes van Fortuin ontvang. Dis jou
Verdiende loon, jy wat jou vader nie vereer het,
Dat jy nog sal ontbeer wat hy vandag onbeer het.

CORDELIA

Wat lis versteek het, sal die tyd ons leer;
Wie foute dek, erf skande en oneer.
Dit gaan jul goed!

FRANKRYK

Kom, dierbare Cordelia.
Frankryk en Cordelia af.

GONERIL

Suster, ek het heelwat te sê oor 'n paar sake wat van die grootste belang is vir ons albei. Ek dink ons vader vertrek nog vanaand.

REGAN

Sonder die minste twyfel, en met jou. Volgende maand neem hy sy intrek by ons.

GONERIL

Jy sien hoe vol grille hy geword het op sy oudag. Ons het daar volop ondervinding van. Hy het nog altyd ons suster die meeste liefgehad; en die gebrek aan gesonde verstand waarmee hy haar nou verwerp het, is maar alte in die oog lopend.

REGAN

Dis 'n swakheid van sy ouderdom; selfkennis was nog nooit een van sy deugde nie.

GONERIL

Selfs in die beste en gesondste jare van sy lewe was hy altyd opvlieënd. Ons kan dus van sy oudag verwag, om nie alleen te kampe te hê met al die diep ingewortelde swakhede van sy ware geaardheid nie, maar op die koop toe met die weerbarstige onbedwingbaarheid wat al die jare van aftakeling en kortgebondenheid met hulle meegebring het.

REGAN

Ons sal dus enige oomblik 'n skielike bevlieging soos dié van Kent se verbanning van hom kan verwag.

GONERIL

Hy en Frankryk neem nog altyd formeel afskeid van mekaar. Ek druk dit jou op die hart, hier moet ons saamspan. As ons vader gaan aanhou om sy gesag te handhaaf met die roekeloosheid wat hom eie is, sal hierdie troonafstand ons nog baie moeite besorg.

REGAN

Ons sal verder daarvoor nadink.

GONERIL

Iets moet ons doen, die yster smee solank hy nog warm is.
Albei af.

TONEEL TWEE

*Die Kasteel van die Hertog van Gloucester.
Edmond met 'n brief op.*

EDMOND

Natuur, jy's my Godin, jou wette dien ek.
Waarom sou ek dié peslike konvensie
Duld, hierdie preutsheid van die volk're toelaat
Om my te onterf omdat my broer
Slegs veertien maande ouer is as ek?
Waarom is ek oneg? En waarom laag?
Ek wat so welgeskape is, so fier
Van gees, so goed my vaders ewebeeld,
As hy, die dierb're seuntjie van Madam die kuise?
Waarom brandmerk hul ons, óns as oneg?
Ja, met onegtheid? Met onegtheid? Oneg?
Oneg? Ons wat in die gestole ure van
Die geile lus meer geesteskrag en vuur en drif
Ontleen aan die natuur as ooit verspil word in
'n Suwwe, moeë, lustelose bed om daar
'n Trop onnoseles te skep, tussen 'n slapie en
Weer wakker word verwek? Dus, wettige Edgar,
Jou land behoort aan my; ek die onegte
Edmond het eweveel ons Vaders liefde
As jy die wettige. Mooi woord, „wettige”!
Nou goed, my wettige, geluk dié brief
En slaag my plan, sal die onegte Edmond
Die wettige oortref. Ek groei, ek bloei!
Gode, staan op vir alle onegtes!
Gloucester op.

GLOUCESTER

Kent so verban! En Frankryk weg in woede!
En ook die Koning voort! Sy mag beperk!
Met slegs 'n toelae! Dit alles hals-
Oorkop gedaan! Ha, Edmond, wat's die nuus?

EDMOND

Niks, U Edelheid, niks.
Hy steek haastig die brief in sy sak.

GLOUCESTER

Maar waarom steek jy die brief so haastig weg?

EDMOND

Ek het geen nuus nie, Heer.

GLOUCESTER

Maar jy was dan besig om 'n brief te lees.

EDMOND

Dit was niks, my Heer, niks.

GLOUCESTER

Niks? Maar waarom dan die vreeslike haas om die brief in jou sak te stop? Wat werklik niks is, hoef tog nie so vinnig weggesteek te word nie. Laat ons sien. Kom, as dit niks is, sal ek geen bril nodig hê nie.

EDMOND

Ek bid u, Heer, verskoon my; dis 'n brief van my broer wat ek nog nie heeltmal klaar gelees het nie; maar in sover ek dit gelees het, vind ek dit nie geskik vir u insae nie.

GLOUCESTER

Gee my die brief, Heer!

EDMOND

Nou gaan ek aanstoot gee of ek dit aan u wys of nie. Die inhoud, soos ek dit gedeeltelik begryp, moet afgekeur word.

GLOUCESTER

Laat ons sien, laat ons sien.

EDMOND

Ek hoop, ter regverdiging van my broer, dat hy die brief slegs geskryf het om my eerlikheid op die proef te stel.

GLOUCESTER

[lesend]

Hierdie ou gewoonte om slegs eerbied te hê vir die ouderdom, maak die wêreld vir ons bitter in die beste jare van ons lewe; en hou ons erfenis van ons weg tot ons te oud is om dit werklik te kan waardeer. Hoe langer hoe meer voel ek dat om op dié manier onderdruk te word deur 'n ou dwingeland wat heers, nie omdat hy werklike mag het nie, maar alleen omdat hy gedwee geduld word, niks anders is nie as net 'n toestand van dwase, doellose slawerny. Kom na my, dan kan ons verder hieroor praat. As ons vader sou slaap tot ek hom wakker maak, sou jy jou hele lewe lank die helfte van sy inkomste geniet, en steeds my innig toegeneë bly, EDGAR. Wat! 'n Sameswering! „Slaap tot ek hom wakker maak . . . sou jy die helfte van sy inkomste geniet . . .” My seun Edgar! Kon sy hand dit skryf? sy hart en sy brein dit uitbroei? Hoe kom jy aan dié brief? Wie't dit gebring?

EDMOND

Niemand het dit gebring nie, my Heer; dís juis die geslepenheid van die hele saak; iemand het dit deur my kamervenster gegee.

GLOUCESTER

Herken jy die handskrif van jou broer?

EDMOND

As die inhoud goed was, my Heer, sou ek durf sweer dis sy skrif; maar wat dit betref, sou ek graag wil dink dis syne nie.

GLOUCESTER

Is dit syne?

EDMOND

Dis sy handskrif, my Heer; maar ek hoop sy hart had aan die inhoud geen deel nie.

GLOUCESTER

Het hy jou nog nooit tevore hieroor gepols nie?

EDMOND

Nog nooit, my Heer. Maar ek het hom dikwels die mening hoor uitspreek dat as 'n seun meerderjarig word, en sy vader se kragte is aan die afneem, die vader eintlik onder die voogdy van die seun behoort te kom, en die seun dan sy inkomste moet beheer.

GLOUCESTER

O skurk, skurk! Dis dieselfde gedagte daar in sy brief! Afskuwelike skurk! Ontaarde, veragtelike, beesagtige skurk! Erger as beesagtig! Gaan, seun, gaan soek hom; ek sal hom in hegtenis laat neem. Afstootlike skurk! Waar is hy?

EDMOND

Ek weet dit nie presies nie, my Heer. Maar as dit u sou behaag om u verontwaardiging teen my broer op te skort tot u van hom beter getuienis van sy voorneme kan kry, sou dit, meen ek, 'n veiliger plan vir u wees. Terwyl as u nou heftig teen hom optree en dit blyk dat u u in sy doel misgis het, sou dit u eie eer groot skade aandoen en die kern van sy gehoorsaamheid verbrysel. Ek sou waag om my eie lewe vir hom te verpand dat hy hierdie brief geskryf het alleen om my geneentheid vir U Edelheid op die proef te stel, en met geen ander duistere bedoeling nie.

GLOUCESTER

Dink jy so?

EDMOND

As U Edelheid dit goed vind, sal ek u plaas waar u ons oor dié saak kan hoor praat, en u eie ore u tevrede sal kan stel; en dit nie later as vanaand nie.

GLOUCESTER

Maar hy kan nie so 'n monster wees nie -

EDMOND

Dit is hy seker nie.

GLOUCESTER

En dit nogal teenoor sy vader wat hom so teer en van ganser harte liefhet. Hemel en aarde! Edmond, gaan soek hom, werk jou tog in sy vertroue in om my onthalwe; reël die hele saak soos jy goed dink. Ek sou my rang en my fortuin ontbeer net om seker te wees.

EDMOND

Heer, ek sal hom dadelik gaan soek, die saak so goed moontlik in orde bring, en u van alles in kennis stel.

GLOUCESTER

Hierdie verduisterings van die son en van die maan van die laaste tyd voorspel vir ons niks goeds nie. Ons kennis van die natuur mag dit sus of so verklaar, maar deur die ramspoedige gevolge daarvan word die Natuur soos deur plaë geteister. Liefde verkoel, vriendskap word verbreek, broers kry rusie; in stede, oproer; in lande, tweedrag; in paleise, verraad; en die band tussen seun en vader skeur stukkend. My eie skurk van 'n seun bevestig juis dié voorspelling: daar's seun teen vader. Die Koning gaan teen sy natuurlike instinkte in: daar's vader teen kind. Ons het die beste van ons tyd gesien: gekonkel, valsheid, verraad en allerlei verderflike wanordelikhede volg ons onrusbarend na die graf. Lê hierdie booswig bloot, Edmond; jy sal daar niks by verloor nie; doen dit omsigtig. En die edele en getroue Kent verban! sy misdaad, eerlikheid! Hoe vreemd tog . . .

Gloucester af.

EDMOND

Dit is die uitmuntende stompsinnigheid van die wêreld dat as ons geluk siek is – wat dikwels die doodnatuurlike slegte gevolge is van ons eie buitensporige gedrag – dan pak ons die skuld van ons rampe op die son, die maan, en die sterre; as sou ons skurke wees deur noodsaak, narre deur hemelse dwang, skelms, diewe en bedrieërs bloot omdat 'n sfeer daarbo al die ander sterre oorheers het; dronkaards, leuenaars en oorspeliges deur 'n gedwonge gehoorsaamheid aan 'n planeet se invloed; asof alles wat daar boos in ons skuil, ons deur goddelike aandrang ingeblaas is. Wat 'n bewonderenswaardige uitvlug vir die hoerebaas mens,

om 'n ster die skuld te gee vir sy bokramnatuur! My vader het met my moeder saamgespan onder die Draak se stert, en my geboorte het geval onder die Groot Beer; dus volg dit vanselfsprekend dat ek 'n rowwe jagse vent is. Twak! Ek sou gewees het wat ek is al het die maagdelikste ster in die hele hemelgewelf op my onegte verwekking neergevonkel. Edgar – [*Edgar op.*] En hier, pam! in die kol, kom hy aangesit presies soos die katastrofe in 'n ou toneelstuk. My houding is dié van 'n sombere voorvoel, met 'n sug soos van Tom uit die Groot Gekkehuis. O, hierdie verduistering voorspel al hierdie verdeeldheid! *Fa, sol, la, mi.*

Edmond neurie 'n wysie.

EDGAR

En toe, broer Edmond, in watter ernstige oorpeinsing is jy verdiep?

EDMOND

Ek staan hier juis en dink, broer, aan 'n voorspelling wat ek nou die dag gelees het, van wat daar alles sal volg op dié verduistering.

EDGAR

Hou jy jou met sulke dinge besig?

EDMOND

Ek verseker jou die gevolge waarvan hy skryf, vind maar alte ongelukkig plaas; soos die onnatuurlike stryd tussen kind en sy ouer; dood, hongersnood, die losskeur van ou vriendskapsbande; tweespalt in die staat; dreigemente en vervloeking teen Koning en adel; wantroue sonder grond, die verbanning van vriende, die uiteenspat van heerskare, verbroke huwelike, en ek weet nie wat alles nog nie.

EDGAR

Hoe lank is jy al 'n student van die sterrekunde?

EDMOND

Wanneer het jy my vader laas gesien?

EDGAR

Gisteraand.

EDMOND

Het jy toe met hom gepraat?

EDGAR

Ja, twee volle ure.

EDMOND

Is julle op goeie voet uitmekaar? Het jy geen misnoeë in sy woorde of gelaatsuitdrukking opgemerk nie?

EDGAR

Geen teken nie.

EDMOND

Dink na of jy hom nie miskien op een of ander manier gekrenk het nie, en ek raai jou ernstig aan bly 'n rukkie uit sy pad uit tot sy misnoeë ietwat afgekoel het; op die oomblik woed dit so kwaai in hom dat selfs al vergryp hy hom aan jou persoon, hy nie tot bedaring sal kom nie.

EDGAR

Een of ander skurk het my belaster.

EDMOND

Dis wat ek vrees. Ek bid jou, bedwing jou gevoelens en bly van hom weg tot die vaart van sy woede 'n bietjie afgeneem het. Wat ek wil voorstel, is: gaan skuil in my kamer; ek sal daarvoor sorg dat jy ter geskikte tyd hoor wat my Heer van jou te sê het. Ek smeek jou, vlug; hier is my sleutel. En as jy uitgaan, gaan gewapen.

EDGAR

Gewapen, broer!

EDMOND

Dis die beste raad wat ek jou kan gee, broer. As Vader jou tans goedgesind is, is ek nie 'n eerlike man nie. Ek het jou vertel

wat ek gesien en gehoor het; maar ek het dit slegs vaagweg aangedui, die ware beeld geensins in al sy verskrikking geteken nie. Asseblief, gaan.

EDGAR

Sal ek gou van jou hoor?

EDMOND

Jy kan op my reken. [*Edgar af.*]
'n Liggelooow'ge vader, en 'n eed'le broer
Wie se natuur so ver is van die kwaad
Dat hy geen argwaan ken; op wie se domme goedheid
Al my gekonkel sit-sit ry! Ek sien my doel.
Kry ek geen grond deur bloed, sal ek dit kry deur lis;
Want ek weet dat elk middel vir my heilig is.

Edmond af.

TONEEL DRIE

*'n Vertrek in die Kasteel van die Hertog van Albanië.
Goneril en Oswald, haar hofmeester, op.*

GONERIL

Is't waar dat my vader een van my edelmanne geslaan het?

OSWALD

Ja, Madam.

GONERIL

Hy krenk my dag en nag; ja, elke uur
Bars hy hier uit in een of ander grof vergryp
Wat twis en tweedrag by ons stook. Ek sal
Dit nie verdra. Sy ridders word oproerig,
Hyself verwyt ons elke kleinigheid.
Kom hy straks van sy jagtog terug, wil ek
Nie met hom praat nie. Sê ek's siek. As jy hom nou
Met minder ywer sou bedien, uitstekend.
Ek neem dié skuld op my.

OSWALD

Hier kom hy nou. Ek hoor hom.

Jaghorings word agter die toneel gehoor.

GONERIL

Wees net so traag-nalatig soos jul wil,
Jy en jou maats; dié saak wil ek te berde bring;
Mishaag dit hom, dan kan hy na my suster gaan;
Hierin, dit weet ek, is ons eensgesind,
Hy gaan nie oor ons baasspeel. Stomme ou man
Wat nog sy ou gesag hier wil laat geld
Wat hy reeds weggeskenk het! So waar ek leef,
Ou dwase word weer babas, en beurtelings
Moet ons hul vlei, dan weer met straf bedwing.
Onthou wat ek gesê het.

OSWALD

Goed, Madam.

GONERIL

Ontvang sy ridders met 'n kouer blik,
Ja, kom wat wil; vertel jou maats hiervan.
Dit sal my straks aanleiding gee prontuit
Met hom te praat. Nou skryf ek aan my suster
Dat sy moet doen soos ek. Sorg vir ons maaltyd.
Albei af.

TONEEL VIER

'n Saal in dieselfde Kasteel.

Kent, vermom, op.

KENT

Kon ek ook nou 'n ander aksent leen,
En so my spraak vermom, sou ek miskien
My goeie planne mooi laat slaag, waarvoor
Ek juis my voorkoms uitgewis't. Verbanne Kent,

As jy kan dien waar jy veroordeel staan,
Mag dit geskied dat jy jou welbeminde meester
Slegs met die grootste toegewydheid dien.

Jaghoring van agter die toneel. Lear, Ridders en Gevolg op.

LEAR

Laat my nie 'n oomblik lank op my middagmaal wag nie. Toe,
skep op, skep op! [*'n Dienaar af.*] Ha, wie's jy?

KENT

'n Man, Heer.

LEAR

Wat's jou beroep? Wat wil jy van ons hê?

KENT

Ek beroep my daarop dat ek niks minder is nie as wat ek lyk;
om hom trou te dien wie my vertrou; om lief te hê wie regskaap
is; om omgang te hê met wie wys is en weinig sê; om Gods oor-
deel te vrees; om te veg as ek nie anders kan nie; en om geen vis
te eet nie.

LEAR

Wie's jy?

KENT

'n Doodeerlike kêrel en so arm soos die Koning.

LEAR

As jy as onderdaan so arm is soos die Koning, dan is jy arm genoeg.
Wat wil jy hê?

KENT

Diens.

LEAR

Wie wil jy dien?

U. KENT

Ken jy my, kêrel? LEAR

Nee, Heer; maar u het iets in u voorkoms en houding wat ek graag meester sou wil noem. KENT

Wat's dit? LEAR

Gesag. KENT

Tot watter dienste is jy in staat? LEAR

Ek kan 'n eerbare geheim bewaar, ry, hardloop, 'n fyn verhaal verniel in die vertel daarvan, 'n reguit boodskap reguit oordra; in al die dinge waarvoor gewone manne bruikbaar is, is ek bedrewe, en my beste eienskap is my vlyt. KENT

Hoe oud is jy? LEAR

Nie so jonk, Heer, om 'n vrou lief te hê net omdat sy mooi kan sing nie, nóg so oud as om op haar versot te raak vir wat ook al. Ek dra agt-en-veertig jaar op my rug. KENT

Kom saam; jy sal my dien; as jy my na die middagmaal nog ewe veel aanstaan, gaan ek nie van jou skei nie. Die ete, haai, die ete! Waar bly ons ete? En waar's my knapie, my Nar? Jy daar, gaan roep my Nar! [*'n Dienaar af. Oswald op.*] Jy, jy dáár, ventjie, waar's my dogter? LEAR

OSWALD

Dit spyt my, maar – [*Oswald af.*]

LEAR

Wat sê die vent daar? Roep die skaapkop terug. [*'n Ridder af.*]
Waar's my Nar, hè? Lyk my die hele wêreld's vas aan die slaap.
[*Die Ridder keer terug.*] En toe! Waar bly daardie brak?

RIDDER

Hy sê, my Heer, u dogter is ongesteld.

LEAR

Waarom het die lummel nie teruggekom toe ek hom roep nie?

RIDDER

Heer, hy het my op die parmantigste manier gesê hy wou nie.

LEAR

Hy wou nie!

RIDDER

My Heer, ek weet nie wat hier aan die gang is nie; maar, na my oordeel, word U Hoogheid nie langer met dieselfde seremonie en geneentheid behandel as voorheen nie. Daar's 'n duidelike afname van vriendelikheid merkbaar, sowel by die dienaars in die algemeen as by die Hertog self en ook by u dogter.

LEAR

Ha, vind jy dit?

RIDDER

Ek bid u, my Heer, vergewe my as ek my misgis het; maar my pligsgevoel laat my nie toe om te swyg as ek dink U Hoogheid word veronreg nie.

LEAR

Noudat jy dit noem, bevestig jy slegs my eie indruk. Ek het self in die laaste tyd 'n soort trae nalatigheid opgemerk; maar ek wou dit eerder aan my eie puntenerige agterdogtigheid toeskryf as

aan 'n werklik bedoelde en voorbedagte krenking. Dié saak sal ek verder ondersoek. Maar waar's my Nar? Ek het hom in geen twee dae gesien nie.

RIDDER

Sedert die jonge Vorstin na Frankryk vertrek het, Heer, kwyn die Nar weg.

LEAR

Genoeg daarvan; ek het dit wel opgemerk. Gaan sê vir my dogter ek wil met haar praat. [*'n Dienaar af.*] En jy, loop roep my Nar. [*Oswald keer terug.*] O jy, Heer, jy! Kom hierheen, Heer! Wie is ek, Heer?

OSWALD

Die vader van my Hertogin.

LEAR

„Die vader van my Hertogin!” Die skelm van my Hertog, jou hoerseun se hond! jou slaaf! jou vuil brak!

OSWALD

Ek vra u om verskoning, my Heer, ek is niks van dit alles nie!

LEAR

En jy durf my so astant aanky, skobbejak? [*Hy slaan hom.*]

OSWALD

Ek laat my nie slaan nie, Heer.

KENT

En ook nie pootjie nie, jou gemene voetbalspeler. [*Hy pootjie hom.*]

LEAR

Ek dank jou, kêrel; jy dien my goed, en ek word jou toegeneë.

KENT

Kom, kêrel, staan op en kry jou koers! Ek sal jou die onderskeid tussen jou en die Koning leer. Weg, weg! As jy weer 'n slag die

grond met jou lummelslengte wil meet, bly dan hier. Maar vort, vort! Toe, trap! Het jy dan geen verstand nie? [*Hy stoot Oswald by die deur uit.*] So . . .

LEAR

Ek dank jou vir jou vriendelikheid, kêrel. Hier het u 'n vergoedinkie vir u diens. [*Hy gee Kent geld. Nar op.*]

NAR

Laat my hom ook huur. Hier's my narrekap. [*Hy bied Kent sy kap aan.*]

LEAR

So, my liewe knapie, en hoe gaan dit met jou?

NAR

Vriend, neem jý liewer my narrekap.

KENT

Waarom, Nar?

NAR

Waarom? Omdat jy party gekies het vir iemand wat in onguns geraak het. Nee, as jy jou nie met 'n glimlag kan draai soos die wind waai nie, vat jy aans koue op jou lyf. Hier, neem my narrekap. Kyk bietjie, hierdie kêrel hier het twee van sy dogters verban, en die derde een teen sy wil 'n seën besorg. As jy hom wil volg, sal jy noodgedwonge my narrekap moet dra. Omie, hoe gaan dit? Ag, had ek maar twee narrekappe en twee dogters!

LEAR

Waarom, my seun?

NAR

As ek hulle al my besittings sou gee, sou ek my narrekappe vir my eie en selwers hou. Hier's myne; loop bedel 'n tweede by jou dogters!

LEAR

Pas op, ventjie! Die sweep . . .

NAR

Die waarheid's 'n bulhond en hy moet in sy hok bly. En hy moet by die deur uitgevoeter word terwyl die kruiptefie met die kwispelstert langs die vuurherd mag staan en stink!

LEAR

'n Bitter braaksel gal vir my!

NAR

Luister, vriend, ek sal jou 'n lessie leer.

LEAR

Laat ons hoor.

NAR

Luister mooi, Omie.

Prys eerder as om te vermaan,
Oorreed liever as om te slaan.
Leen minder, vriend, van nou af aan,
As wat daar op jou lande staan.
Ry liever as om voet te slaan
En moenie raai nie, maar verstaan.
En al jou eiers, my ou haan,
Laat hul nie in een mandjie gaan.
Laat vaar die drank en ook jou slet,
Bly tuis, slaap in jou eie bed;
Dan sal jy nie, vas in dié net,
Meer dink aan wat jou dogters het,
Die Son van Vreugde oor jou skyn,
'n Dogters smaad verdwyn, verdwyn!
Dan kry jy, Prins, meer vate wyn
As bloot 'n twaalfstuks per dosyn.

KENT

Maar dit is niks, Nar.

NAR

Dan is dit soos die asem van 'n onbetaalde advokaat; jy't my niks daarvoor gegee nie. Kan jy dan nie iets van niks maak nie, Omie?

LEAR

Wel, nee, knapie; niks kan van niks gemaak word nie.

NAR

[aan Kent]

Ek smeeek jou, vertel hom bietjie niks is presies die bedrag wat sy lande hom in die sak bring. 'n Nar wil hy nie glo nie.

LEAR

'n Bitter Nar!

NAR

My seun, ken jy die onderskeid tussen 'n bitter nar en 'n soete?

LEAR

Nee, knapie, vertel my dit.

NAR

Die Vors wat jou toe oor kon haal
Jou lande weg te gee,
Laat hy hier langs my kom te staan,
Staan jy daar in sy stee.
Die soete en die bitt're nar
Verskyn dan bymekaar;
Die een hier in sy narrepak,
[hy wys na Lear]
Die ander swyend dáár.

LEAR

Noem jy my 'n nar, seun?

NAR

Al jou ander titels het jy weggegee; met dié een is jy gebore.

KENT

Dis nie heeltemal Narrepraatjies nie, my Heer.

NAR

Nee, wragtiewaar, die groot en verneme here wil nie hê dat ek bloot nar moet wees nie; had ek 'n monopolie van narreskap,

sou hulle 'n deel daarvan wou hê. En ook die edelvroue wil nie hê dat ek manalleen die nar moet uithang nie; hulle wil dit sommer van my gaps. Omie, gee my 'n eier, dan gee ek jou twee krone.

LEAR

Watter twee krone sal dit wees?

NAR

Wel, na ek die eier middeldeer gesny en die eiervlees opgeëet het, die twee krone van die eier. Toe jy jou kroon middeldeer klief, en jy die twee helftes weggee, het jy jou esel op jou rug gedra deur die modder; jy had maar bloedweinig verstand in jou kale kroon toe jy jou goue kroon weggee het. En as ek hier praat soos 'n nar praat, laat hy wat dit die eerste uitvind, gelooi word.

[*Singend*]

*Die arme narre kry geen kans
Want elke wyse man word nar,
Sy geestesgoed begin te dans
En sy verstand raak skoon verwar.*

LEAR

Van wanneer af is jy so vol wysies, kêrel?

NAR

Die wêreld, Omie, het ek met wysies begin wysmaak vanaf die oomblik dat jy jou dogters jou moeders gemaak het; want toe jy hulle die kweperlat in die hande stop en jou broek aftrek,

[*singend*]

*Het hul gehuil, verruk, gestreel,
En ek gesing van pyn en vrees,
Dat jy, my Koning, aspaai speel
En onder ons 'n nar wil wees.*

Ek bid u, Omie, hou 'n skoolmeester aan wat jou Nar kan leer om te lieg; ek sou graag wil leer om te lieg.

LEAR

As jy lieg, kêrel, kry jy 'n loesing.

NAR

Hoe op aarde is dit moontlik dat jy en jou dogters verwant is? Want hulle wil my 'n loesing laat kry as ek die waarheid praat, en jy wil my 'n loesing laat kry as ek lieg; en soms kry ek 'n loesing as ek doodgewoon my bek hou. Ek sou liever enigiets anders wees as 'n nar; en tog sou ek nie jy wil wees nie, Omie; jy het jou verstand aan albei kante afgeskil, en niks in die middel oor-gelaat nie. Hier kom een van die skille. (*Goneril op.*)
En met haar het ek 'n appeltjie te skil.

LEAR

En toe, dogter! waarom daardie frons op jou voorkop? Jy frons te veel in die jongste tyd.

NAR

Ai, maar jy was darem 'n kêrel honderd toe dit jou nie in die minste kon skeel of sy frons of nie. Nou's jy nie eers 'n ou eentjie nie, net 'n groot ronde nul, 'n windeier sonder wind of eier. Ek is nou meer as jy: ek is 'n Nar, maar jy, jy's niks. [*Aan Goneril*] Nie altemit nie, ek sal my tong in toom hou. Dis wat u gesig my beveel, al sê u geen woord nie.

Hou dop, hou dop! En stil, bly stil.

Hy wat al's weggooi, dop en skil,

Sal later nog van hongerte ril.

[*Terwyl hy na Lear wys*] En daar't jy vir jou 'n uitgedopte ertjieskil.

GONERIL

Nie net u Nar, Heer, maak hier soos hy wil
Maar andere van u vermeteले gevolg
Soek skoor met ons, en twis en stry aaneen;
Bars los in allerlei losbandighede.
Ek dog, deur dit aan u bekend te maak,
Sou u hier orde bring. Maar nou vrees ek
Dat u, deur wat u self so pas gesê en ook
Gedoen het, hul beskerm, selfs aanmoedig
Deur u goedkeuring. Is dit so, dan sal
Die blaam nie uitbly, vergelding ook nie slaap,
Wat, in ons sorg vir die algemene heil,
U in sy uitwerking dalk sou krenk,

Wat anders skandelik sou wees, maar nou
Die nood dit eis, slegs raadsaam is.

NAR

Want jy weet, Omie,
Die mossie het koekoek se kind lank, lank gevoed;
Toe byt hy mos haar kop af, aaklige gebroed.
En die kersie gaan dood, en daar sit ons in die donker.

LEAR

Is jy ons dogter?

GONERIL

Ek wens u sou van u gesond verstand
Waaroor u ruim beskik, gebruik wil maak;
En al dié buie wil laat vaar wat in
Die jongste tyd u van uself vervreem.

NAR

Sou selfs die stomste esel dit nie opmerk wanneer die kar die esel
trek nie?

Griet, my skat,
En weet jy wat?
Ek het jou lief,
My hartedief!

LEAR

Ken niemand my hier? Nee, dit is nie Lear nie.
Loop Lear so? Praat hy so? Waar is sy oë?
Of sy denke is verswak, of al sy sinne
Is aan die slaap . . . Ha! is ek wakker? Dis nie so nie.
Kan niemand hier my sê nie wie is ek?

NAR

Lear se skaduwee.

LEAR

Dit sou ek graag wil weet; want al die tekens van my oppermag,
kennis en rede sou my ten onregte oortuig dat ek wel dogters het.

NAR

En hulle sal 'n gehoorsame vader van jou maak.

LEAR

Hoe heet u, skone dame?

GONERIL

Dié skielike verbystering, Heer, is baie
Soos ander van u jongste fratse. Ek smeek u,
Verstaan tog my bedoelinge mooi reg.
U's oud en waardig, u hoort wys te wees.
Hier hou u 'n gevolg van honderd ridders so
Wanordelik, bedorwe en brutaal
Dat hulle van ons hof, besmet deur hul gedrag,
'n Woeste herberg maak. Gebras en ontug
Laat't eerder lyk na 'n bordeel of kroeg
As na 'n waardige paleis. Dié skande skreeu
Dat dit herstel word; dus bid ek u
Dat u u stoet ietwat verminder, anders
Neem ek die dinge self waarvoor ek vra;
En húl wat oorbly, van u afhang, laat
Hul manne wees wat by u leef tyd pas,
Wat weet wie hulle is, en wie ú is.

LEAR

Duiwels en duisternis!
Saal op, saal op! Roep my gevolg byeen.
Ontaarde onegte kind! Ek sal jou nie tot las wees;
Ek't nog 'n dogter oor.

GONERIL

U slaan my dienaars, en u woes gespuis
Maak van hul meerderes bediendes.
Albanië op.

LEAR

Wee hom wie se berou te laat kom! [*Aan Albanië*] Heer, u's daar?
Is dit u wil? Praat, Heer. Saal op my perde.
Ondankbaarheid, jy, bese gees met marmer hart,

Afgryliker wanneer jy jou toon in 'n kind
As die seemonster.

ALBANIË

Heer, geduld, geduld.

LEAR

[aan Goneril]

Vervloekte gier! Jy lieg.
Ek het 'n stoet van uitverkore manne
Wat elke tittel van hul pligte ken
En met die spitsste toegewydheid steeds
Hul goeie naam handhaaf. O klein, klein fout,
Hoe lelik het jy in Cordelia voorgekom!
Jy't, soos 'n pynbank, wreed my hele wese
Ontwrig, en alle liefde uit my hart geruk,
Dit by my gal gevoeg. O Lear, Lear, Lear!
Klop teen dié poort, wat oop was vir jou dwaasheid,
[hy slaan teen sy kop]
En jou verstand laat vlug het! Kom, dienaars.

ALBANIË

Ek is onskuldig, Heer, ek weet ook nie
Wat u so erg ontstel.

LEAR

Dis moontlik, Heer.
Hoor my, Natuur! Dierb're Godin, hoor my!
O skort jou doelwit op as dit jou plan was
Om hierdie skepsel vrugbaarheid te skenk!
Laat dorheid haar baarmoeder tref! Droog in
Haar op al die organe van ontvangenis,
En laat uit haar onteerde liggaam nooit
'n Suigling spruit om haar te eer! As sy
Moet baar, gee haar 'n kind van gal, en laat dit leef
Om wreed-ontaard vir haar 'n foltering te wees!
Laat dit swaar rimpels kerf in haar jong voorhoof,
Met vallende trane vore vreet diep in haar wange,
So al haar moeders sorge en gunste steeds

Met spot en hoon vergoed, dat sy mag voel
Hoe skerper as 'n slang se tand dit is
Om 'n ondankb're kind te hê. Weg, weg!

Lear af.

ALBANIË

Gode wat ons aanbid, wat het gebeur?

GONERIL

Neem nie die moeite om die oorsaak na te spoor,
Maar gee sy grille maar dié vrye gang
Wat kindsheid dit verleen.

Lear keer terug.

LEAR

Wat, vyftig van my manne op een slag!
En dit in veertien dae!

ALBANIË

Heer, wat makeer?

LEAR

Ek sal jou sê. [*Aan Goneril*] Hel en die dood! Ek skaam my
Dat jy die mag't om so my manlikheid te skok
Dat dié warm trane wat ek noodgedwonge stort,
Jou hulle waardig maak. Mag jy verstik
In stormvlae en walms mis! En mag
Die onheelb're wonde van 'n vaders vloek
Jou elke sin deurboor! Ou dwase oë,
Ween weer hieroor, dan pluk ek julle uit,
En smyt jul weg om met die water wat jul los,
Kleigrond te temper. Ai, het dit so ver gekom?
Dan laat't so wees. Tog het ek nog 'n dogter;
Ek weet sy's vriendelik, sal my wil troos;
Hoor sy hiervan, dan skeur sy met haar naels
Jou wolfgesig aan flarde. Jy sal sien
Hoe ek weer die gestalte aanneem wat jy
Gedink't ek het vir goed verloor.

Lear, Kent en Gevolg af.

GONERIL

Het jy't gehoor, my Heer?

ALBANIË

Al is my liefde, Goneril, vir jou hoe groot,
Ek kan nie so partydig wees nie -

GONERIL

Goed, sê niks meer. Haai, Oswald, hier!

[*Aan die Nar*]

Jy, Heer, meer skelm as nar, loop, volg jou meester!

NAR

Omie Lear, Omie Lear, wag, wag, en neem die Nar saam met jou!

Sou ek 'n jakkals vang
En ek had so 'n dogter,
Dan had ek slegs een drang:
Om hul saam op te hang!
Vat hierdie mus, gee my 'n strop,
Dan hang ek julle albei op.
Ek kom! Die Nar volg halsoorkop!

GONERIL

Dié man had goeie raad. Één honderd ridders!
Veilig en wys hom honderd ridders slaggereed
Te laat aanhou! Dat hy met elke droom,
Gerug, elk luim, elk gril, elk klagte of grief,
Sy kindsheid mag beskerm met hul mag,
En so ons lewe in gevaar stel. Oswald!

ALBANIË

Jou vrees gaan dalk te ver.

GONERIL

Vertroue wat te ver gaan, is gevaarlik.
Laat ek die kwaad verwyder wat ek vrees,
Die vrees dat hy ons kwaad sal doen. Ek ken sy hart.
Wat hy gesê't, het ek geskrywe aan my suster.
Wil sy hom en sy honderd ridders onderhou,

Waar ek gewys het hoe ongepas –

[*Oswald verskyn weer.*]

Oswald!

Het jy die brief geskrywe aan my suster?

OSWALD

Ja, Madam.

GONERIL

Kry 'n geleide, en spoed dan voort te perd.

Deel haar al wat ek vrees volledig mee,

En voeg daar ook jou eie gronde by

Om dit nog meer te staaf. Toe, gaan nou gou,

En kom dan gou weer terug.

[*Oswald af.*]

Nee, nee, my Heer,

Dié melkige sagsinnigheid van jou wil ek

Geensins veroordeel nie, tog, met verlof gesê,

Vir jou gebrek aan oordeel word jy meer gelaak

As ooit geprys vir hierdie sagtheid wat ons skaad.

ALBANIË

Hoe ver jou oë sien, dit weet ek nie. 'n Saak

Kan dikwels slegter word, wil ons dit beter maak.

GONERIL

Ja, maar –

ALBANIË

Nou goed, die tyd sal ons wel leer.

Albei af.

TONEEL VYF

'n Plein voor dieselfde Kasteel. Lear, Kent en Nar op.

LEAR

Gaan my vooruit na Gloucester met hierdie brief. Deel my dogter

niks meer mee nie as sy jou sal vra ná sy die brief gelees het. En as jy nie aanjaag nie, sal ek voor jou daar wees.

KENT

Ek sal nie slaap, my Heer, voor ek u brief afgelewer het nie.

NAR

Was 'n mens se harsings in jou hakke, sou jy nie bang kon wees vir blare op jou brein nie?

LEAR

Sekerlik, seun.

NAR

Dan vra ek jou, wees vrolik; want jou verstand sal nooit in pantoffels hoef rond te slof nie.

LEAR

Ha, ha, ha!

NAR

Jy sal sien dat jou ander dogter jou soos 'n dogter sal behandel, want alhoewel Regan op Goneril lyk soos 'n suur appel op 'n bitter appel, weet ek tog wat ek weet.

LEAR

Wat weet jy, knapie?

NAR

Dat daardie een daar nes dié een hier sal smaak net soos 'n suur appel smaak soos 'n suur appel. Kan jy vir my sê waarom 'n mens se neus in die middel van jou gesig staan?

LEAR

Nee.

NAR

Maar natuurlik, om 'n oog aan weerskante van jou neus te hê, sodat wat jy nie kan uitruik nie, jy ten minste kan raaksien.

LEAR

Ek het haar 'n onreg aangedoen -

NAR

Kan jy vir my sê hoe 'n oester sy skulp maak?

LEAR

Nee.

NAR

Ek ook nie; maar ek kan vir jou sê waarom 'n slak 'n huis het.

LEAR

Waarom?

NAR

Maar natuurlik, om sy kop daarin te steek; en nie om dit aan sy dogters weg te gee en so sy horings sonder dak te laat nie.

LEAR

Ek moet my geaardheid vergeet, ek wat so 'n goedhartige vader was! Is my perde opgesaal?

NAR

Jou esels is met hulle doenig. Die rede waarom daar in die sewe-gesternte nie meer as sewe sterre is nie, is 'n mooi rede.

LEAR

Omdat hulle nie ag is nie?

NAR

Presies, in die kol! Jy sou 'n goeie Nar uitmaak.

LEAR

Om met geweld my mag weer terug te neem! O Monster Ondank!

NAR

As jy my Nar was, Omie, sou ek jou 'n skrobbering laat kry omdat jy oud is voor jou tyd!

LEAR

Hoe so?

NAR

Jy behoort nie oud te geword het voor jy wys was nie.

LEAR

O laat my nie waansinnig word, nee, nie waansinnig!
Hoed my verstand, o soete hemel. Ek wil nie
Waansinnig word nie!

[*'n Edelman op*]

Staan die perde klaar?

EDELMAN

Gesaal, my Heer.

LEAR

Kom, seun.

Almal af

TWEEDE BEDRYF

TONHEEL EEN

*'n Binnehof in die Kasteel van die Graaf van Gloucester.
Edmond en Curan op uit teenoorgestelde rigtings.*

EDMOND

Wees gegroet, Curan.

CURAN

Ek ken u, Heer. Ek was by u vader, en het aan hom meegedeel dat die Hertog van Cornwall en die Hertogin Regan vanaand hier by hom sal oornag.

EDMOND

Hoe kom dit?

CURAN

Nee, ek weet nie. Het u gehoor wat die voëltjies fluit? Ek bedoel wat so in die verbygaan gefluister word, want tot op hede is hulle maar net praatjies wat jou ore kielie.

EDMOND

Ek het niks gehoor nie. Vertel.

CURAN

Het u nie gehoor van 'n oorlog wat moontlik op hande is tussen die Hertoë van Cornwall en Albanië nie?

EDMOND

Geen woord nie.

CURAN

Maar dan hoor u miskien binnekort daarvan. Vaarwel, Heer.

EDMOND

Die Hertog hier vanaand! Goed, beter so!
Dié saak word desnoods in my plan gevleg.

My vader het 'n wag gelas om my broer
Te vang; en daar's een neet'lig saak wat ek
Moet uitvoer nou. Spoed en Geluk, o staan my by!
Hoor, Edgar, broer! Kom af! Edgar, ek sê!

[*Edgar op.*]

My vader waak en spied, vlug weg van hierdie plek!
Jou skuilplaas is verraaï; nou't jy die voordeel van
Die donker nag. Het jy miskien nie sleg
Gepraat van Cornwall nie? Hy kom hierheen
Nou, in die nag, in aller yl,
En Regan saam met hom; het jy dalk iets
Gesê aan sý kant teen Albanië?
Dink na.

EDGAR

Geen woord, daar is ek seker van.

EDMOND

Ek hoor my vader kom, vergewe my,
Ek moet my swaard met lis nou teen jou trek.
Trek! Maak of jy jou weer . . . Mooi, mooi . . . Só, só . . .
Gee oor! Hierheen, na my vader. Lig, haai, lig daar!
Vlug, broer! Bring fakkels, fakkels! So, vaarwel. [*Edgar af.*]
'n Bietjie bloed op my sou die indruk skep
Ek't my kranig gedra. Ek't al gesien
Hoe dronkaards hul veel bloediger vermaak.

[*Hy verwond hom in die arm.*]

Vader, Vader! Stop, stop! Geen hulp?

Gloucester op met Dienaars wat fakkels dra.

GLOUCESTER

Nou, Edmond, waar's die skurk?

EDMOND

Hier in die donker't hy gestaan, sy skerp
Swaard blink, en wyl hy towerwoorde mompel,
Het hy die maan gesmeek om haar beskerming.

GLOUCESTER

Maar waar is hy?

EDMOND

Kyk, Heer, ek bloei.

GLOUCESTER

Waar is die skurk, Edmond?

EDMOND

Hy't dié kant toe gevlug. Toe hy geensins –

GLOUCESTER

Volg, volg hom, haai! [*Party Dienaars af.*] „Toe hy geensins”
wat?

EDMOND

Vir my kon oorhaal om u te vermoor;
En ek hom sê hoe die wraakgier'ge Gode
'n Vadermoord'naar straf met donderslag op -slag;
Toe ek met vuur al dié sterk bande roem
Wat kind bind aan sy vader . . . Heer, kortom,
Toe hy gewaar met watter afsku sy
Ontaarde doel my vul, storm hy op
My af, steek met sy swaard na my weerlose lyf,
En wond my in die arm. Maar toe hy sien
Hoe my gemoed, nou wawydwakker, kloek
En fier, vertrouend op my reg, gretig
Die stryd aangord – of dalk verskrik deur my geroep –
Vlug hy die nag in halsoorkop.

GLOUCESTER

Laat hy ver vlug.
In hierdie land bly hy nie lank op vrye voet;
Word hy gevang, maak hom van kant. Die eed'le Hertog,
My meester en beskermheer, kom juis vanaand.
Op sy gesag gaan ek dit aankondig
Dat wie hom vind ons dank verdien as hy
Dié moordbeluste lafaard na die skandpaal bring;
En hy wat hom verberg, die dood.

EDMOND

Toe ek hom van sy plan wou bring, maar hom
Hardnekkig vind, dreig ek hom bars dat ek
Hom sou ontmasker. Maar luid roep hy uit:
„Armsalige onegte! jy wat niks besit,
Dink jy miskien, as ek teen jou getuig,
Jou waarde of deug sou tel, hul meer vertrou in
Jóú woord sou hê as myne. Nee, as ek sou lieg –
En ek sou lieg, ja, al bring jy ook my handskrif –
Sou ek dit alles aan jou toeskryf, broer,
Aan jou aanhitsing en verraderlik gekonkel.
En jy moet dink die hele wêreld's dwaas
Indien hul nie sou meen die voordeel van my dood
Vir jou is so duidelik, dit sou jou slegs
As dryfveer dien om my dood te soek.”

GLOUCESTER

O sonderling deurtrapte skurk!
Wil hy sy brief ontken? Hy's nie my kind nie.
[*Trompetgeskal van agter die toneel.*]
Die Hertog se trompet! Wat bring hom hier?
Ek sluit elk hawe af; die skurk sal nie ontsnap;
Dit moet die Vors my gun. Heinde en ver
Stuur ek sy beelt'nis dat die ganse ryk
Weet wie hy is. En ek sal sorg dat jy,
My troue en ware seun, my goed sal erf.
Cornwall, Regan en Gevolg op.

CORNWALL

Hoe gaan dit, eed'le vriend? Sinds ek so-ewe
Hier aangekom't, het ek die vreemdste nuus verneem.

REGAN

Was't waar, sou alle wraak te kort skiet wat
Die skuldige kon straf. Hoe gaan't, Heer?

GLOUCESTER

Madam, hierdie ou hart's gebreek, gebreek

REGAN

My vaders peetkind het u dood gesoek?
Hy wat sy naam kry van my vader, u Edgar?

GLOUCESTER

O Dame, Dame, kon skaamte dit bedek!

REGAN

Was hy nie in die geselskap van die oproer'ge ridders
In Vader se gevolg?

GLOUCESTER

Dit weet ek nie, Madam; dis sleg, dis sleg.

EDMOND

Ja, hy, Vorstin, was een van daardie bende.

REGAN

Geen wonder dus dat hy afvallig is;
Hul hits hom aan om die ou man te vermoor
Sodat hulle op sy inkomste mag teer.
My suster het my juis vanaand volledig
Omtrent hulle ingelig, en wel so deeglik,
Kom hulle straks by my hul intrek neem,
Sal ek nie tuis wees nie.

CORNWALL

Ek ewemin, dit sweer ek, Regan.
Edmond, ek hoor u't u 'n egte seun
Getoon teenoor u vader.

EDMOND

Dit was my plig, my Heer.

GLOUCESTER

Hy't sy komplot onthul; en toe hy hom
In hegtenis wou neem, dié wond ontvang.

CORNWALL

Word hy nou agternagesit?

GLOUCESTER

Ja, beste Vors.

CORNWALL

Word hy gevang, sal ons nooit meer hoof bang
Te wees dat hy ons kwaad sal doen. Voer u planne uit,
Maak van my mag gebruik soos dit u pas.
U, Edmond, wie se deug en trou so warm
Nou tot ons spreek, behoort voortaan by ons.
Manne met so 'n trou het ons hoogs nodig;
Ons kies u eerste.

EDMOND

Al dien ek u ook hoe, my Heer,
Ek sal getrou wees.

GLOUCESTER

Ek dank u, Heer, vir hom.

CORNWALL

U weet nog nie waarom ons u besoek –

REGAN

Ontydig so, in dié stikdonker nag.
Dis sake van gewig, my eed'le Gloucester,
En u kan ons hier bystaan met u raad.
Ons vader het geskryf, so ook ons suster, van
Geskillen, en dié brief wil ek liever antwoord
Weg van ons huis; en albei bodes wag
Om weggestuur te word. My goeie ou vriend,
Vind troos vir u gemoed, gee ons u raad
Wat ons so nodig het, dié saak moet hier
Nou daad'lik afgehandel word.

GLOUCESTER

Madam, ek dien u.
Ek heet u en die Hertog welkom.
Fanfare. Almal af.

TONEEL TWEE

*Voor Gloucester se Kasteel.
Kent en Oswald op, uit teenoorgestelde rigtings.*

OSWALD

Goeiemôre, vriend; is jy van hierdie huis?

KENT

Ja.

OSWALD

Waar kan ons ons perde laat?

KENT

In die modder.

OSWALD

Ek vra jou beleef, wees tog so gaaf en sê vir my.

KENT

Teenoor jou wil ek nie gaaf wees nie.

OSWALD

Gaan na die hoenders!

KENT

Had ek jou in 'n hoenderhok, slaan ek jou dat jy jou ouma vir 'n eendvoël aansien.

OSWALD

Waarom behandel jy my so? Ek ken jou nie.

KENT

Ek ken jou maar alte goed, vent.

OSWALD

Wie's ek dan?

KENT

'n Skelm, 'n boef, 'n kouer van oorskiet-kos; 'n lae, astrante,

leë, bedelagtige skelm; 'n haantjie van 'n kammakastige heer en howeling met jou drie pakkies klere, jou growwe goedkoop kouse en jou honderd armsalige optel-pondjies; 'n papbroekige, altyd met die gereg dreigende hoerkind van 'n aanstellerige skurk, versot op jou spieël, die baaslekker van jou baas se smerige skoene; slaaf met net een koffertjie; jy wat uit skone kruiperigheid die koppelaar sou wil speel, en wat niks anders is nie as net 'n mengelmoes van skelm, bedelaar, lafaard, verleier, en die seun en erfgenaam van 'n brakteef; een wat ek 'n loesing sal gee dat sien en hoor vergaan soos jy tjank, as jy een enkel tittel durf ontken van al die titels waarmee ek jou vereer het.

OSWALD

Maar wat vir 'n afskuwelike soort van 'n vent is jy om so te raas en skel op iemand wat jy net so min ken as wat ek jou ken!

KENT

En wat 'n skaamtelose maaifoedie is jy om te ontken dat jy my ken! Het ek jou nie twee dae gelede pens en pootjies grond toe laat slinger en jou voor die Koning afgeransel nie? Trek jou swaard, vuilgoed, want al is dit nag, tog skyn die maan; en nou gaan ek die maan deur al die gate in jou laat skyn [*hy trek sy swaard*], jou lae, leegloper-skinderbek van 'n straatslet se uitwerpsel, trek jou swaard!

OSWALD

Weg! Met jou't ek niks uit te waai nie!

KENT

Trek jou swaard, skurk! Jy kom met briewe teen die Koning, en kies die kant van daardie popvroutjie teen die koninklikheid van haar vader. Trek jou swaard, jou skelm, of ek kerf groot skywe uit jou kuite! Trek jou swaard, skurk, komaan, komaan!

OSWALD

Help, help! Moord! Moord!

KENT

Slaan, slaaf! Staan, skelm, staan! Laventelhaantjie van 'n slaaf, slaan! [*Hy slaan hom.*]

OSWALD

Help, hai! Moord! Moord!

Edmond op met getrokke swaard.

EDMOND

En toe, wat's hier aan die gang? Weg van mekaar!

KENT

Komaan dan, my flinke knapie, as jy daarvoor lus voel! Kom, ek sal jou bloed laat proe, komaan, my weledele jonge heer!

Cornwall, Regan, Gloucester en Dienaars op.

GLOUCESTER

Wapens! Swaarde! Wat is hier aan die gang?

CORNWALL

Hou op nou, of jul straf's die dood!

Hy wat weer slaan, sal sterf. Wat makeer?

REGAN

Die bodes van my suster en die Koning.

CORNWALL

Wat's jul geskil, toe, praat.

OSWALD

Ek is uit-aseem, Vors.

KENT

Geen wonder nie, jy't hier so dapper rond en bont gespring. Jou lafhartige skobbejak, die Natuur onteien jou, 'n kleremaker het jou gemaak.

CORNWALL

Maar jy's 'n vreemde kêrel; 'n kleremaker wat 'n man maak?

KENT

'n Kleremaker, Heer; 'n steenhouer of 'n skilder kon hom nie so sleg gemaak het nie al was hulle maar net twee jaar in hul ambag.

CORNWALL

Vertel, hoe het jul twis ontstaan?

OSWALD

Die ou woestaard, Heer, wie se lewe ek gespaar het omrede sy grys baard –

KENT

Jou hoerskind van 'n Z! Jou oortollige letter! Heer, as u my toestemming gee, sal ek hierdie deurtrapte skurk in messelklei fyn trap, en dan die muur van 'n kleinhuisie met hom afwit. My grys baard spaar, wipstert!

CORNWALL

Stil, vent! Ken jy geen eerbied, skaamtelose kneg?

KENT

Ja, Heer, maar woede het sy eie regte.

CORNWALL

Waarom is jy so woedend?

KENT

Dat so 'n slaaf 'n swaard mag dra, en hy't
Geen eer nie; so 'n tweegatjakkals wat
Die heil'ge bande, veels te vas om los te maak,
Dikwels soos rotte wegknaag; elk begeerte wat
Brand in sy meesters hart, slegs streel en vlei;
Sy vuur met olie voed, met sneeu sy kouer luime;
'n Ja-broer honderd wat sy mantel draai
Na elke gril en giertjie van sy baas,
En hom volg soos 'n brak, en van niks anders weet.
'n Pes op jou grynsaggende gevreet!
Jy lag vir wat ek sê, dink jy ek is 'n Nar?
Jý, gans, had ek jou op die plein van Sarum,
Sou ek jou snaterend terugdryf na Camelot.

CORNWALL

Maar is jy mal, gryskop?

GLOUCESTER

Hoe het jul stry gekry? Vertel.

KENT

Daar's geen teenoorgesteldes strydiger
As ek en hierdie skelm.

CORNWALL

Maar waarom noem jy hom 'n skelm? Wat't hy gedoen?

KENT

Ek hou nie, Heer, van sy gesig.

CORNWALL

Ook nie van myne nie, nog syne, hare.

KENT

Dis my geaardheid, Heer, om reguit te praat.
Ek't in my tyd beter gesigte aanskou
As wat daar op die skouers staan van hulle
Wat ek op hierdie oomblik voor my sien.

CORNWALL

Dis 'n karnallie, eers geprys vir sy
Opregtheid, en nou doen hy hom steeds voor
As ru en reguit, doen so sy ware aard
Geweld aan; nee, hy kan nie vlei nie, hy's
Eerlik, reguit! die waarheid moet hy praat;
Beval dit, goed; beval dit nie, hy's reguit.
Ek ken dié skelms goed, kwansuis reguit,
Maar dis 'n spel vol lis wat meer bedorwe streke
Verberg as twintig kruip'rige witvoetjiesoekers
Wat na elk deuntjie van hul meesters dans.

KENT

Te goeder trou, Heer, en in opregte waarheid,
Met die vergunning van u grote glans,
Wie se invloed soos 'n krans van stralend vuur
Wanneer dit flikker teen Phoebus se voorhoof –

CORNWALL

Maar wat bedoel jy?

KENT

Dat ek my gewone spreektrant laat vaar waarin u so 'n renons het. Ek weet, Heer, dat ek geen vleier is; hy wat u geflous het met sy reguit spreektrant, was sommer reguit 'n skelm; en dit wil ek van my kant nie wees nie, al sou ek ook u misnoeë tot so 'n mate oorwin dat u my smeek om dit te word.

CORNWALL

Jy't hom aanstoot gegee?

OSWALD

Nie in die minste nie. Onlangs het dit
Sy heer, die Vors, behaag om my te slaan;
Hy't my nie reg begryp. Toe pootjie hy
My mooi van agter om die Vors te vlei
In sy misnoeë. Ek lê daar op die grond
En hy bespot, beledig my, gaan so
Te kere, hy's op slag 'n held. Die Koning prys
Hom vir sy aanval op my, ék, so selfbeheersd.
Toe, omdat hy bloed geproe het, val hy
My nogmaals sommer goedsmoeds aan.

KENT

Naas al dié skelms en lafaards
Is Ajax maar 'n nar.

CORNWALL

Bring uit die blok!
Jou rowwe ou korrelkop, gryse grootprater,
Ons sal jou leer.

KENT

Heer, ek's te oud om nog te leer.
U blok sal my nie baat; ek dien die Koning,
In sy diens self is ek hierheen gestuur;
Min eerbied toon u hom, veel kwade wil

Jeens sy persoon en rang as Vors en Koning,
Straf u sy bode so.

CORNWALL

Bring uit die blok!
So voor my siel, ek sweer daar sal hy sit tot noen.

REGAN

Tot noen! Tot skemeraand, my Heer. Dwarsdeur die nag!

KENT

Madam, was ek u vaders hond, sou u
My nooit so kras behandel nie.

REGAN

Ek sal, want jy's sy skelm.

CORNWALL

Hy is 'n vabond van dieselfde slag
Van wie ons suster ons vertel het. Bring die blok!
Blok word ingedra.

GLOUCESTER

Ek smeeek u Hoogheid, doen dit nie.
Sy fout is groot, die goeie Vors, sy meester,
Sal hom daarvoor kasty. Die straf wat u
Vir hom beoog, is van die soort wat die
Laagste gespuis moet tref vir diewery en
Gemene klein vergrype; die Koning sal't
U kwalik neem indien u hom sou krenk deur
Sy bode in dié blok te knel.

CORNWALL

Dáárvoor sal ek antwoord.

REGAN

Dit sou my suster erger nog kon grief:
Haar dienaar word beskimp, geslaan, en hy

Doen slegs sy plig. Toe, stoot sy bene in.
Kent word in die blok geplaas.

CORNWALL

Kom laat ons gaan, my Heer.
Almal af behalwe Gloucester en Kent.

GLOUCESTER

Ek's vir jou jammer, vriend; dit is die Hertog
Se wil, en sy geaardheid, weet ons almal, duld
Geen teenspraak nie. Ek sal jou saak bepleit.

KENT

Doen dit nie, Heer. Ek't lank gereis, gewaak;
Ek slaap 'n rukkie, en fluit die res. Die Ongeluk
Kan selfs die braafste man noustrop laat trek.
Goeiendag, my Heer!

GLOUCESTER

Dié blaam kom Cornwall toe; dit gaan sleg afloop.
Gloucester af.

KENT

My goeie Koning, wat die ou spreekwoord staaf:
U kom uit die hemelse skaduwee
Uit in die skroeiende son!
Kom nader, jý, baken van die ondermaanse,
Dat ek hier in jou vriendelike strale
Dié brief mag lees. Slegs die ellende kan
Wondere aanskou. Dié brief is van Cordelia,
Gelukkig is sy ingelig omtrent
My huidige geheime lewe; en sy
Sal ter bestemde tyd die midd'le vind
Om ons van al dié gruwele te verlos. Gedaan,
Half aan die slaap, o moeë oë, neem dié kans waar,
Aanskou jul skandelijke tuiste nie. Fortuin,
Goeienag; glimlag nogeens; en draai jou wiel!
Hy slaap.

TONEEL DRIE

'n Bos.
Edgar op.

EDGAR

Ek hoor toe hul verklaar my voëlvy.
'n Holle boomstam het my van hul jag
Gered. Geen hawe's vry, geen plek of hul
Staan daar op wag en spied en speur en soek
Om my te gryp. Solank ek nog kan vlug, wil ek
My red. Ek het besluit die laagste, armste
Uiterlike aan te wend wat ooit gebrek,
Die mens vernederend, verlaag het tot die dier.
Ja, my gesig sal ek met slyk besmeer,
'n Lap bind om my lendene, met 'n
Boskasia saamgekoekte hare en kaal lyf
Die woede en winde van die hemele trotseer.
Dié einste streek gee my veel voorbeelde
Van malhuisbedelaars wat, skreeuende,
In hul gevoelloos kaal yskoue arms
Houtsplinters, spelde, spykers en roosdorings steek;
En met dié gruwelike voorkoms by eenvoud'ge
Plase en armsaal'ge dorpies, meule en herdershutte,
Soms met waansinnige gevloek, soms met gebede,
Aalmoese afdwing. Arme gek! O arme Tom!
Dit is tog iets; as Edgar is ek niks.

Edgar af.

TONEEL VIER

*Voor Gloucester se Kasteel. Kent in die blok.
Lear, Nar en Edelman op.*

LEAR

Dis vreemd dat hulle so hul huis verlaat
En nie my bode teruggestuur het nie.

EDELMAN

Ek het verneem daar was geen sprake van
Dié reis die nag tevore nie.

KENT

O edel meester, heil!

LEAR

Dié skande, man, is dít jou tydverdryf?

KENT

Nee, Heer.

NAR

Ha, ha! Kyk, hy dra growwe kousbande. Perde word aan hulle koppe vasgebind, honde en bere aan hul nek, ape aan hul boude, en mense aan hul bene. En wanneer 'n man te baldadig word met sy bene, dan kry hy houtblokke vir kouse.

LEAR

Wie't hom so gruwelik in jou rang vergis
Dat hy jou hier geplaas't?

KENT

Dis albei, hy en sy.
U dogter en u seun.

LEAR

Nee.

KENT

Ja.

LEAR

Nee, sê ek.

KENT

Ek sê, ja.

LEAR

Nee, nee, hul sou't nie doen nie.

KENT

Hul't dit gedoen.

LEAR

Ek sweer, by Jupiter, nee!

KENT

Ek sweer, by Juno, ja!

LEAR

Hul het dit nie kon waag, hul kon dit,
Wou dit nie doen nie; dis erger as moord,
Brutaal, moedswillig só ons eer te skend.
Vertel my kalm en bondig hoe het jy
Dié smaad verdien, en hoe't hul dit aan jou kon doen,
Jy wat my bode is.

KENT

My Heer, in hul kasteel
Het ek u briewe aan hulle afgelewer.
Voor ek nog opstaan van die plek waar ek
In eerbied kniel. kom daar 'n bode aangejaag,
Die ene sweet, uitasem, en hy hyg
Die groete van sy meesteres, u Goneril;
Oorhandig briewe wat hul daad'lik lees
Ondanks sy onderbreking. Skaars gelees
Of hul roep hul gevolg byeen en styg te perd;
Beveel my om te volg, soos dit hul pas,
Hul antwoord af te wag, hul blik yskoud.
Hier loop ek toe die ander bode raak,
Wie se ontvangs my welkom so verpes het,
Die einste vent wat onlangs hom nog so
Parmantig teen U Majesteit gedra het;
Met min verstand en heelwat moed trek ek my swaard
En hy, die lafaard, skreeu die hele wêreld wild
En wakker. En u seun en dogter vind dit paslik
Om my vergryp só skandelik te straf.

NAR

Vlieg die wildeganse dié kant toe, dan is die winter nog nie heen nie.

Dra vaders vodde, is hul oud en koud,
Dan is hul kinders siende blind.
Maar bring hul mudsakke vol goud,
Hoc soetgesind word elke kind.
Fortuin, dié uitgeslape hoer,
Sluit nooit hâar deur oop vir die arm boer.

Maar met dit alles sal jou dogters jou nog soveel smarte besorg as wat jy 'n hele jaar lank sal kan tel.

LEAR

Hoc swel dié pyn nie in my hart!
Hysterica Passio, omlaag, stygende smart!
Jou element lê hier benede. Waar's dié dogter?

KENT

Heer, met die Graaf, hierbinne.

LEAR

Volg my nie, bly hier. [*Lear af.*]

EDELMAN

En was dit al vergryp wat u gepleeg het?

KENT

Die enigste.
Waarom is die Koning se gevolg so klein?

NAR

En het hulle jou vir daardie vraag in die blok gestop, dan het boontjie so wragtiewaar sy loontjie gekry!

KENT

Waarom, Nar?

NAR

Ons sal jou klasse laat loop by 'n mier sodat hy jou kan leer jy moenie in die winter arbei nie. Almal wat hulle neuse volg,

word deur hul oë gelei behalwe blindes; en onder twintig neuse is daar nie 'n enkel neus wat nie kan ruik as iemand stink nie. Laat jou houvas los as 'n groot wiel die bult begin afrol, anders breek hy dalk jou nek. Maar as 'n groot wiel die bult opklim, laat hom jou saamtrek. As 'n wyse man jou beter raad gee, gee my myne terug; omdat 'n Nar dit gegee het, sou ek graag wou hê net skelms moet dit volg.

Hy wat jou dien net vir gewin,
Jou volg slegs om die vorm,
Sal waai wanneer die reën begin,
Jou in die steek laat in die storm.
Maar ek sal talm, die Nar sal bly,
Die wyse vlug, en nooit terugkeer.
Die skelm word Nar, kry hy sy ry,
Die Nar geen skelm, prys die Heer.

KENT

Waar het jy dit geleer, Nar?

NAR

Nie in die blok nie, Nar.

Lear en Gloucester op.

LEAR

Hul wil nie met my praat! Hul's siek! Hul's moeg!
Hul het die heel deur gereis! Dis somer streke,
Tekens van hul verset en hul afvalligheid.
Vind my 'n beter antwoord.

GLOUCESTER

Goeie Vors, u ken
Die vurige geaardheid van die Hertog;
Hoe vasbeslote en hoe onversetlik
Hy : teeds sy eie koers moet volg.

LEAR

Wraak! Plaag! Die dood! Verwarring!
Vurig! Watter geaardheid? Luister, Gloucester, Gloucester,
Ek wil met Cornwall praat en met sy vrou.

GLOUCESTER

Ek het hul dit vermeld, my goeie Vors.

LEAR

Jy't dit vermeld! Verstaan jy my dan nie, man?

GLOUCESTER

Ja, goeie Heer.

LEAR

Die Koning wil met Cornwall praat; die dierb're vader
Wil met sy dogter praat, haar dien en haar beveel.
Is dit aan hul vermeld? My eie vlees en bloed!
Vurig! Die vurige Hertog! Sê aan
Die driftige Hertog – Nee, nog nie, dalk is hy siek;
En elke taak waartoe gesondheid ons verplig,
Versuim ons as ons siek is; ons is nie
Onself nie wanneer die Natuur, bedruk,
Die gees beveel te ly saam met die liggaam. Ek
Sal wag, betreur nou my voortvarendheid
Dat ek dié ongestelde mens verwar het
Met 'n gesonde man. [*Hy kyk na Kent.*] 'n Plaag op my gesag!
Waarom sit hy dan hier? Dié daad oortuig my
Dat hierdie wegbly van die Hertog en
Van haar 'n skelmstreek is. Maak los my dienaar!
Loop sê hul albei ek wil met hul praat,
Nou op die daad; sê hul moet uitkom, ek
Wil met hul praat, of ek sal trom slaan voor
Hul kamerdeur dat dié rumoer hul slaap vermoor.

GLOUCESTER

Mag tussen u slegs vrede heers.

Gloucester af.

LEAR

Ai my, my hart! My hart wat styg! Omlaag, omlaag!

NAR

Roep na hom, Omic, soos die kok vol femies na die palings
geroep het toe sy hulle lewend in die pastei stop; sy't hulle met

'n stok oor die kale koppe geklits en uitgeroep: „Omlaag, speulse spul, omlaag!” Dit was haar broer wat uit louter liefde vir sy perd, sy hooi met botter gesmeer het.

Gloucester, Cornwall, Regan en Gevolg op.

LEAR

Goeie môre aan u albei.

CORNWALL

U Hoogheid heil!

Kent word vrygestel.

REGAN

Ek's bly om U Hoogheid weer te sien.

LEAR

Ek glo jou, Regan, en ek ken die redes
Waarom'k jou glo; was jy nie bly nie,
Sou ek my van jou moeders graf moet skei
Omdat 'n ontrou gade daarin rus.

[*Aan Kent*] So, jy is vry? Meer hieroor later . . . Liewe Regan,
Jou suster's niks . . . O Regan, sy het soos
'n Aasvoël haar wreedheid met skerp tande

[*hy wys na sy hart*]

Hier diep, diep in my hart geslaan, ek kan skaars met
Jou praat, jy sou dié boosheid nie kon glo nie, o Regan!

REGAN

Ek bid u wees geduldig, Heer. Ek glo
U self misken dalk haar verdienste eerder
Dat sy haar plig versuim.

LEAR

Wat sê jy daar?

REGAN

Ek kan nie dink my suster sou in die minste
In haar verpligting te kort skiet. As sy
Miskien u oproerige gevolg beteucl het,

Was dit op goeie grond, en met 'n doel
Wat haar van alle blaam vrywaar.

LEAR

My vloek op haar!

REGAN

U's oud, o Heer.
In u staan die Natuur op die uiterste grens
Van sy gebied; iemand wat beter as
Uself u toestand ken, behoort u tans
Met insig en met takt te lei. Dus vra ek u
Keer na ons suster terug en sê aan haar
U het haar diep gekrenk.

LEAR

Haar om vergifnis vra?
Hoor net hoe pas dít by ons roemryk huis:
„Dierbare dogter, ek erken dit ek is oud,
Die ouderdom is nutteloos; hier op my knieë [*hy kniel*]
Smeek ek om kleding, voedsel, onderdak.”

REGAN

Genoeg, my Heer, dis lawwe fratse dié.
Keer na my suster terug.

LEAR

[*terwyl hy opstaan*]

Nooit, nooit, Regan.
Die helfte van my stoet het sy my ontnem,
My grimmig aangestaar, toe met haar tong
Soos 'n adder diep in my hart gesteek.
Mag al die opgegaarde wraak van die Hemele
Stort op dié ondankb're hoof! Gifdampe, slaan
Met lamheid nou haar jong gebeente!

CORNWALL

Foei, Heer, foei!

LEAR

Jul ratse bliksemskigte, skiet jul skroeiende vlamme
In haar smalende oë! Moerassewalms,
Omhoog gesuig deur die almagtige son,
Besmet haar skoonheid, o roei uit haar trots!

REGAN

Geseënde Gode! So sal u ook my vervloek,
Tref hierdie roekelose bui u weer.

LEAR

Nee, Regan, nee, nooit sal ek jou vervloek nie;
Jou teer-geneë aard sal jou bewaar
Van hardheid. Haar oë vlam, joue bring troos,
Hul skroei nie. Dis nie in jou geardheid om
My vreugdes in te kort, gevolg te snoei,
Met my te raas, my toelae te verlaag,
En op die duur die grendel toe te skuif
Dat ek moet buite bly. Nee, jy ken beter
Die kinderplig, die band van die Natuur,
Die bewyse van eerbied, tol van dankbaarheid;
Die helfte van die Ryk wat ek aan jou
Geskenk het, het jy nie vergeet.

REGAN

Ter sake, Heer.

LEAR

Wie het my man in daardie blok gesit?
Trompetgeskal af van die toneel.

CORNWALL

Wie se trompet is dit?

REGAN

Ek ken dit, dis my suster s'n; sy't my
Laat weet sy is op pad hierheen. [*Oswald op.*]
Het jou Vorstin gekom?

LEAR

En hier's die slaaf wie se geleende trots
Hom slegs gegun's deur haar, die wispelturige,
Voor wie hy kruip. Weg, skurk, voor my gesig!

CORNWALL

Maar wat bedoel U Hoogheid?

LEAR

Wie het my dienaar in dié blok geplaas?
Regan, ek hoop jy weet dit nie. Maar wie kom hier?
[*Goneril op.*]

O Hemele, het u ou manne lief
En keur u soet gesag nog eerbied goed,
Is u self oud, maak dit u saak, gee my
'n Teken, kies my kant. [*Aan Goneril*] Is jy nie skaam
Om hierdie baard te aanskou? O Regan, kan jy
Haar nog die hand gee?

GONERIL

Maar waarom nie? Teen wie het ek misdryf?
Nie alles is vergryp wat wanbegrip
En ouderdom so mag bestempel nie.

LEAR

O hart, jy is te taai! Kan jy nog hou?
Hoe het my dienaar in die blok gekom?

CORNWALL

Hy's daar op my bevel. Sy wangedrag
Het heelwat minder eer verdien.

LEAR

U! Wat! U't dit gedoen?

REGAN

Ag, Vader, u is swak. Tree soos 'n swakke op.
Keer met my suster terug, bly daar by haar,
En as die maand verby's, ontslaan die helfte

Van u gevolg en kom bly dan by my;
Ek is nou ver van huis, sonder dié voorrade
Wat nodig is vir u onderhoud.

LEAR

Ná haar terugkeer? En vyftig man ontslaan!
Liewer versaak ek elke dak, verkies ek om
Oorlog te voer teen die ou vyand, die oop lug;
Die maat te wees van wolf en uil, om saam
Met hulle koue en honger te trotseer.
Met haar terugkeer? Liewer sou'k kniel voor Frankryks troon,
Hy, die vurige vors, wat sonder bruidskat
My jongste kind gehu't, hom soos 'n huurling
Vir jaargeld smeek slegs om my maag te vul.
Terugkeer na haar? Veel liever dan die slaaf
En pakesel van dié verfoeide vent. [*Hy wys na Oswald.*]

GONERIL

Doen wat u goed dink, Heer.

LEAR

Ek smeek jou, dogter, maak my nie waansinnig nie.
Ek wil jou nie tot las wees, kind, vaarwel.
Jy sal my nooit weer sien, nooit weer ontmoet nie.
Maar tog, jy is my vlees, my bloed, my dogter;
Nee, eerder 'n siekte in my vlees, wat ek
Desnoods my eie moet noem. Jy is 'n bloedvint,
'n Plaesweer, 'n ott'rende karbonkel
In my bedorwe bloed. Maar ek betig jou nie;
Laat skaamte kom wanneer hy wil, ek roep hom nie:
Ek smeek die Donderdraer nie om jou te tref,
Ek kla jou nie by Jupiter se regbank aan nie.
Kom jy allengs tot inkeer as jy kan;
Ek het geduld; ek kan by Regan bly,
Ek en my honderd ridders.

REGAN

Nee, dit nie. Ek't u
Nog nie verwag, is ook nie toegerus

Vir u ontvangs nie. Luister na my suster.
Want hulle wat u hartstog met begrip beoordeel,
Moet u beskou as oud, en dus –
Maar sy weet wat sy doen.

LEAR

Bedoel jy dit?

REGAN

Gewis, my Heer. Wat! vyftig ridders,
Dis oorgenoeg. Waarom meer nodig hê?
Of selfs soveel? Want so 'n klomp kos geld
En is gevaarlik. Ja, hoe sou so baie mense
In een huis slegs, onder 'n dubbele bevel,
Die vrede hou? Dis swaar; amper onmoontlik.

GONERIL

Waarom, Heer, sou u nie bedien word nie
Deur hul wat sy haar dienaars noem, of myne?

REGAN

Ja, waarom nie? Versuim hul dan hul plig,
Sou ons hul kon beheer. Kom u na my
(Want hier speur ek gevaar), dan smee ek u
Bring vyf-en-twintig slegs; aan meer sal ek
Geen onderdak of voedsel skenk.

LEAR

Ek het jul al's gegee.

REGAN

U't dit betyds gegee.

LEAR

En jul my voogde en hoeders gemaak;
Maar ek't die reg behou op 'n gevolg
Van honderd man. Wat! moet ek na jou kom
Met vyf-en-twintig? Regan, sê jy dít?

REGAN

Ek sê dit nogmaals, Heer: nie één man meer.

LEAR

Dié bose mense lyk nogal aantreklik
 As and're boser is; om nie die slegste
 Te wees, verdien selfs lof. [*Aan Goneril*] Ek gaan met jou.
 Jou vyftigtal verdubbel tog haar vyf-en-twintig.
 En sy's twee keer jou liefde werd.

GONERIL

Hoor my, my Heer.
 Waarom't u vyf-en-twintig nodig? Tien? Of vyf?
 Wanneer in daardie huis twee keer soveel
 Net wag om u te dien?

REGAN

Waarom selfs één?

LEAR

O redeneer nie oor my nood! Die armste beed'laar
 Het iets, hoe nietig ook, wat hy nie nodig het nie.
 Gee die Natuur slegs wat hy nodig het,
 Dan leef die mens soos vee. Jy is 'n vrou;
 As om warm geklee te gaan, al pragtig is,
 Dan't die Natuur die kleed wat jy daar pragtig dra,
 Maar jou skaars warm hou, nie nodig nie.
 Maar wat die ware nood betref – gee my geduld,
 O Hemele, geduld, dis wat ek nodig het! –
 U sien my, Gode, hier, 'n arme ou man,
 So vol van smart as ouderdom, in albei ellendig!
 As't u is wat die harte van dié dogters
 Hits teen hul vader, maak my nie so dwaas nie om
 Dit mak te duld; wek in my 'n edele woede,
 En laat geen vrouewapens, waterdruppels,
 My mannewange vlek! Nee, hellevege,
 Ek sal so gruwelik my wreek op julle albei
 Dat heel die wêreld . . . Ek sal sulke dinge doen,
 Wat hul mag wees, dit weet ek nog nie, maar hul sal

Die skrik wees van die aarde. Jul dink dat ek sal ween;
Nee, nee, ween sal ek nie. Ek't alle rede om te ween . . .

[*In die verte word die stormwind se geloei gehoor.*]

Maar hierdie hart sal breek in honderduisend skerwe
Voor ek sal ween. O Nar, ek word waansinnig!

Lear af met Gloucester, Nar en Gevolg.

CORNWALL

Laat ons binnegaan, hier kom die storm.

REGAN

Ons huis is klein; die ou man en sy gevolg
Sal ons nie daar kan huisves nie.

GONERIL

Dit is sy eie skuld, hy het homself
Sy rus ontse, moet boet nou vir sy dwaasheid.

REGAN

Wat sy persoon betref, ek sou hom graag
Ontvang, maar nie één dienaar nie.

GONERIL

Dit voel ek ook.
Waar is die Graaf van Gloucester?

CORNWALL

Hy't die ou man gevolg. Hier kom hy weer.
Gloucester verskyn weer.

GLOUCESTER

Die Koning is rasend.

CORNWALL

Waar gaan hy heen?

GLOUCESTER

Hy saal al op; waarheen, dit weet ek nie.

CORNWALL

Laat hom sy koers volg, hy is eiewys.

GONERIL

Heer, moenie by hom aandring hy moet bly nie.

GLOUCESTER

Ai, dit word vinnig nag, die gure winde
Bulder en loei, en myle in die rond
Wys daar geen boom of struik.

REGAN

Die skade wat hulle hulself berokken,
Moet vir moedswilliges hul leerskool wees.
Sluit toe u deure! Hy word pal omring
Deur 'n trop woestaards wat vir niks sal stuit;
Waartoe hul hom kan aanhits, hy wat so
Maklik mislei word, moet die wysheid vrees.

CORNWALL

Ja, sluit u deure, Heer, die nag is woess;
Regan se raad is goed: kom uit die storm!

Almal af.

DERDE BEDRYF

TONEEL EEN

*'n Heide. 'n Storm met donderslae en weerligstrale.
Kent en Edelman uit verskillende rigtings op.*

KENT

Wie's daar behalwe dié verskriklike onweer?

EDELMAN

'n Man met sy gees so onrustig soos die onweer.

KENT

Ek ken u. Waar's die Koning?

EDELMAN

Hy stry teen die onstuimige elemente;
Beveel die wind om die aarde in die sec te blaas,
Of dié gekolk van waters oor die land te stort,
Dat dinge mag verander of vergaan; pluk aan
Sy spierwit hare waarmee die woeste stormvlae
In blinde raserny maak soos hul wil;
Steeds streef hy om in sy klein mensewêreld
Die stryd van stormwind en reën te oortref.
Vannag, wanneer die leeggesuigde wyfiebeer
Skuil in haar grot, die leeu en honger wolf
Hul vag wil droog hou, swerf hy blootshoof rond
En stel hom bloot aan alles.

KENT

Maar wie's by hom?

EDELMAN

Alleen die Nar wat met kwinkslag en skerts
Sy hart se leed probeer versag.

KENT

Heer, ek ken u;
Nou durf ek, juis omdat ek u goed ken,
Om iets belangriks aan u op te dra.
Tussen Albanië en Cornwall's daar tweedrag,
Hoewel met wedersydse lis verberg.
Hul het – soos elkeen deur sy ster hoog opgehef –
Dienaars wat hul getrou lyk maar spioene is
Vir Frankryk, en hom alles meedeel wat
Hul hier gewaar't van ons twee vorste se
Getwis en hul komplotte, hoe hulle albei
Die goeie ou Koning sleg behandel; of iets geheims
Waarvan dié dinge slegs die uiterlike skyn is.
Een ding staan vas: uit Frankryk kom 'n leër
Na dié verdeelde Ryk; wat reeds, bewus
Van ons versuim, heimlik geland't in enk'le van
Ons beste hawens en nou op die punt
Staan om hul vaandels oop te vou. Heer, luister nou.
Indien u dit kan waag om my te vertrou,
Spoed Dover toe; daar sal u mense vind
Wat u gul sal bedank, as u getrou vertel
Welk onnatuurlik waansinwekkende
Ellende die ou Koning moet verduur.
Ek is 'n edelman gebore en getoë,
Ek ker. u en vertrou u, dus bied ek
U hierdie opdrag aan.

EDELMAN

Ek wil nog verder met u praat.

KENT

Nee, dis genoeg.
Om te bevestig dat ek veel meer is
As slegs my uiterlik, maak oop dié beurs,
En neem wat dit bevat. Sien u Cordelia
(Wat u gewis sal doen), wys haar dié ring,
En sy sal u sê wie dié kêrel is
Wat u nou nog nie ken nie. Ai, wat 'n storm!
Ek gaan die Koning soek.

EDELMAN

Gee my u hand, het u niks meer te sê nie?

KENT

Nie veel, maar meer belangrik as die res:
As ons die Koning vind – en u moet dié
Kant toe, ek daardie – moet hy wat hom die eerste
Teëkom, luid roep na die ander.

Albei af in teenoorgestelde rigtings.

TOONEEL TWEE

'n Ander gedeelte van die Heide. Die storm duur voort.

Lear en Nar op.

LEAR

Blaas winde, en skeur jul wange! Blaas en woed!
En julle, wolkbreuke en waterhose, spuit
Tot jul ons toringspitse drenk, elk haan versuipt!
En jul, gedagtesnelle swaelvure,
Voorbodes vir die skigte wat die eike klief,
Skroei my wit hoof! Jy, donderweer wat die aarde skud,
Slaan plat die dikke ronding van die wêreld!
Breek die Natuur se vorms, vergruis die saad
Waaruit die ondankbare mens geskape word!

NAR

Ag Omie, water op ons meule in 'n droë huis is oneindig beter
as hierdie woeste reënwater buitenshuis. Beste Omie, gaan tog
binne, en vra jou dogters om hul seën; hier's 'n nag wat nie die
minste medelye het nóg met 'n wyse man nóg met 'n Nar.

LEAR

Bulder jou buik vol! Spoeg, vuurstraal! Spuit, reën!
Geen reën, wind, vuur of donder is my dogters;

Jul wreedheid, elemente, kla ek nie aan nie.
Ek het jul nooit 'n ryk gegee, kinders genoem;
Jul skuld my geen gehoorsaamheid. Vier dus
Jul bouse luste bot. Hier staan ek nou, jul slaaf,
'n Arme, swak, sieklik, veragte ou man.
Tog noem ek julle slaafse knegte wat
Met my twee bouse dogters saamspan om
Jul hemelhoë gardes af te stort
Op 'n hoof so wit en oud soos dié! O, o! Dis laag.

NAR

Hy wat 'n huis het as huisvesting vir sy hoof, het 'n goeie kopstuk.
Kry jou gulpsak 'n tuiste, vrind,
En jou hoof het geen onderdak,
Bly jy met beed'laars slegs verbind,
Word jy vol luise sak en pak.
Dié man wat sy twee tone ag
Van meer belang as selfs sy hart,
Sal van liddorings in die nag
Skreeu slapeloos en skoon verward.

Want daar was nog nooit 'n mooi vrou of sy't gesigte voor die
spieël getrek nie.

Kent op.

LEAR

Nee, ek sal 'n toonbeeld wees van die geduld,
Ek sal niks sê nie.

KENT

Wie's daar?

NAR

Genugtig, hier's sy Majesteit en 'n gulpsak, 'n wyse man dus en
'n Nar.

KENT

Helaas, Heer, is u daar? Hul wat die nag bemin,
Bemin geen nag soos dié; die woeste hemele

Verkrik die einste swerwers van die duister,
En hou hul in hul hole. Sinds ek man geword het,
Kan ek nie so 'n see van vuur onthou nie,
So 'n gekraak van gruwelike donder,
So 'n gekreun van wind wat tier, gedruis van reën;
Dié vrees en dié beproewing kan die mens
Nou eenmaal nie verduur nie.

LEAR

Laat nou die grote Gode wat
Dié vreeslike bohaai bestendig bo ons koppe,
Hul vyande ontdek. Bewe, ellendeling,
Wie se geheime misdaad die gereg
Nog nie ge gesel het; verskuil jou, bloed'ge hand,
Meineed'ge skurk, en jy, skynheil'ge wat
Bloedskande pleeg; lafaard, bibber en beef,
Wat onder die masker van jou huig'lary
Wreed teen jou medemens se lewe saamgesweer het;
Verhole gruweldade, skeur die kleed wat jul verberg,
En smeeek dié woeste wraaknemers om hul genade.
Ek is 'n man teen wie daar meer gesondig is
As wat ek self gesondig het.

KENT

Helaas! Blootshoof!
Hier vlak by, liewe Heer, is daar 'n hut;
Dit sal u skuiling bied in hierdie storm;
Rus daar terwyl ek terugkeer na dié ruwe huis –
Veel ruwer as die klip waarvan't gebou is,
Wat hul so pas, toe ek na u vra, vir my gesluit het –
Om hul te dwing tot hul versuimde plig.

LEAR

My gees begin te duisel.
Komaan, my seun. Hoe gaan't, seun? Is jy koud?
Ek self is koud. Waar is dié strooi, my vriend?
Ons nooddwang ken 'n vreemde kuns. Hy maak
Gemene dinge kosbaar. Kom, jou hut.

My arme Nar en kneg, daar's een deel van my hart
Wat jou diep jammer kry.

NAR

[singend]

*Is jou verstandjie dalk gering,
Met 'n haai en 'n aai en die wind en die reën,
Neem dit vir lief, my vriend, en sing,
Want die reën hy reën aldag aaneen.*

LEAR

Dis waar, my seun. Kom, bring ons na die hut.

Lear en Kent af.

NAR

Dis 'n geskikte nag om 'n optelvrou af te koel. Voor ek laat spaander sal ek eers 'n paar voorspellings maak.

As priesters werklik leef soos hulle preek;
Geen boer sy buurman ooit 'n punt meer steek;
Elk edelman die ene adel is;
Daar end kom aan naywer, nyd en lis;
Geen booswig moor, geen ketter ooit weer brand;
En die gereg pal reg is in die land;
As niemand iemand geld skuld of beskinder;
En elkeen almal help en niemand hinder;
As vrekke goud uitdeel, almal vertrou;
En koppelaars en hoere kerke bou;
Dan sal die grote ryk van Albion
Verwarring ken, en hier sien sink sy son.
Dan kom die tyd (wie leef, sal't gadeslaan)
Dat elk met dapper en met stapper gaan.

Hierdie voorspelling sal Merlyn nog later maak; want ek leef voor sy tyd.

Nar af.

TONEEL DRIE

'n Vertrek in Gloucester se Kasteel.
Gloucester en Edmond op, met fakkels.

GLOUCESTER

Ag, ag, Edmond, so 'n onnatuurlike behandeling staan my glad nie aan nie. Toe ek hulle om hul toestemming vra om my oor hom te ontferm, het hulle my die gebruik van my eie huis ontnem, en my beveel, op straf van hul ewige misnoeë, om nooit van hom te praat, nooit vir hom te pleit nóg op enige wyse vir hom te sorg nie.

EDMOND

Hoe wreed en onnatuurlik tog!

GLOUCESTER

Stil, stil, sê niks. Daar is onenigheid tussen die Hertoë, en iets erger as dit. Vanaand het ek 'n brief ontvang; dis gevaarlik om daarvan te praat; ek het die brief in my binnekamer weggesluit. Hierdie vernederings wat die Koning nou moet verduur, sal hulle wel deeglik vergeld word. Een deel van 'n leëmag het reeds geland; ons moet die Koning se kant kies. Ek sal hom gaan soek en hom in die geheim bystaan. Gaan jy en praat lank met die Hertog, sodat hy niks agterkom van my weldaad nie. As hy na my vra, sê hom ek is siek en in die bed. Al moet ek hiervoor sterf, en die dood dreig my inderdaad, moet die Koning, my ou meester, bygestaan word. Daar's vreemde dinge op hande, Edmond, ek bid jou, wees versigtig.

Gloucester af.

EDMOND

Van dié verbode liefdeswerk en ook dié brief
Sal ek die Hertog dadelik laat weet.
Hierby sal ek veel baat vind, alles wen
Wat Vader moet verloor, titel en al.
Die jeug moet styg wanneer die oues val.

Edmond af.

TONEEL VIER

*Die Heide voor 'n hut.
Lear, Kent en Nar op.*

KENT

Hier is die plek, my Heer, gaan binne, Heer.
Die nag hierbuite's glad te ru, te wreed
Vir mens om te verduur.

Die storm duur voort.

LEAR

Laat my met rus.

KENT

Kom, beste Heer, gaan binne.

LEAR

Wil jy my hart breek?

KENT

Ek breek liever my eie, Heer, gaan binne.

LEAR

Jy dink dis veel dat dié weerbarstige storm
Dring tot ons vel; so kom dit jou nou voor;
Maar waar die groter siekte heers in krag,
Voel mens die klein're skaars. Jy sou 'n beer vermy;
Maar vlug jy voort en skielik dreig die stormsee,
Sou jy jaag in die beer se bek. Is die gees vry,
Dan is die liggaam kwesbaar. Dié storm in my gees
Beroof my sinne van al hul gevoelens
Behalwe wat hier klop, my dogters se
Ondankbaarheid! Dis of dié mond dié hand sou skeur
Omdat dit hom sy voedsel bied Maar ek sal straf.
Nee, ek ween nie meer nie. Om in so 'n nag
My uit te stoot? Stort neer, ek sal verduur . . .
In so 'n nag? O Regan, Goneril!
Jul ou goedhart'ge vader het jul al's geskenk . . .

Nee, nee, langs daardie weg lê waansin. Laat
Ek hom vermy. Niks meer daarvan . . .

KENT

Gaan in, my goeie Heer.

LEAR

Toe, gaan self in, en soek jou eie rus.
Die storm sal my geen kans gee om te broei
Oor dinge wat veel erger is. Goed, ek gaan in.
[*Aan die Nar*] In, seun, gaan voor. Jy, armoede sonder dak –
Nee, nee, gaan in . . . Eers sal ek bid, dan slaap.

[*Die Nar gaan die hut binne.*]

Jul arme naakte skepsels waar ook al, wat al
Die slae van dié meedoënlose storm
Verduur, hoe sal jul, haweloos en uitgehonger,
Jul in jul flenterklere, die ene gate,
Teen hierdie onweer kan verdedig? O ek het
Te min hiervoor gesorg! Genees jou, Koningspraal;
Ontbloot jou, voel wat die arme skepsels voel
Dat jy jou oorfloed oor hul uit mag skud
Sodat die Heem'le meer regverdig lyk.

EDGAR

[*van binne die hut*]

Anderhalf vaam, anderhalf vaam! Arme Tom!

Die Nar hardloop uit die hut.

NAR

Moenie hier ingaan nie, Omie, hier's 'n spook! Help my, help
my!

KENT

Gee my jou hand. Wie's daar?

NAR

'n Spook, 'n spook, hy sê sy naam is arme Tom!

KENT

Wie's jy wat daar op die strooi lê en brom? Kom uit!

Edgar op, vermom soos 'n kranksinnige.

EDGAR

Weg, weg! die bose gees lê op my hakke! Deur die skerp braambos waai die koue wind. Ai, gaan na jou bed en maak jou warm!

LEAR

Het jy alles aan jou dogters gegee? En is dít wat van jou geword het?

EDGAR

Wie gee iets aan arme Tom? En die bose gees het hom deur vuur en vlam gevoer, deur drif en draaikolk, deur modderkuil en moeras; hy't messe onder sy kussings geplaas, en stroppe teen sy balke; rotgif langs sy sop gesit; en hom oormoedig gemaak sodat hy op 'n rooibruin draasperd oor brûe van vier duim gejaag en sy eie skaduwee agternagesit het vir 'n verraaier. Die Gode bewaar jou vyf sinne! Tom's koud, yskoud. Ai, ai, my tande klap, de,de,de,de,de . . . En die Gode bewaar jou van warrelwinde, bose sterre en besmetting. Gee arme Tom 'n aalmoes, hy wie die bose gees tempteer en treiter. Daar sou ek hom nou kon pak – en daar, en daar nogmaals, en daar.

Die storm duur voort.

LEAR

Wát, het sy dogters hom tot hierdie val gebring?

Kon jy niks red? Het jy hul al's gegee?

NAR

Nee, hy't 'n kombers teruggehou, anders was ons almal beskaam.

LEAR

Mag al die voorbestemde plaes wat in

Die swaar lug oor ons foute hang, jou dogters tref!

KENT

Hy het geen dogters, Heer.

LEAR

Verraaier, sterf! Niks kon Natuur so laag
Laat sink, behalwe sy ondankb're dogters.
Is dit gebruiklik dat verstote vaders
So min genade oor het vir hul eie liggaam?
O wyse straf! Dié pelikanedogters
Is deur dié einste vlees verwek.

EDGAR

Pillikaan sit op Pillikaan-kop.
Hallo, hallo! Lo, lo!

NAR

Hierdie koue nag sal nog van ons almal narre en gekke maak.

EDGAR

Pas op vir die bose gees. Gehoorsaam jou ouers; wees 'n man van
jou woord; moenie vloek nie; pleeg geen oorspel met 'n man se
wettige vrou nie; laat jou liewe hart tog nie smag na ydele praal
nie. Tom's koud, yskoud.

LEAR

Wat was jy gewees?

EDGAR

Minnaar en dienskneg, trots van hart en gees; wat my hare laat
krul het, my geliefde se handskoen op my hoed gedra het, wat
die geil begeerte van my minnares trou bedien en die daad van
duisternis saam met haar gedoen het. En ek het soveel ede ge-
sweer as ek woorde kon praat, en hulle almal gebreek in die
lieflike aanskyn van die Hemele. 'n Man wat ingesluimer het
met drome van liefdesgenot, en wakker geword het om dit te
doen. Ek was versot op wyn en ook op dobbelspel; en wat vroue
betref, het ek die Turk die loef afgesteek. Vals van hart, lig van
oor, moorddadig van hand; in luiheid 'n vark, in geslepenheid 'n
vos, in vraatsug 'n wolf, in dolheid 'n hond, en 'n leeu in roofsug.
Laat nóg die gekraak van fyn steweltjies nóg die geritsel van sy
jou arme hart aan 'n vrou verraaï. Hou jou voete uit bordele,
jou hand uit onderrokke, jou pen uit geldskietters se boeke, en

trotseer die bose gees. Nog waai die koue wind deur die braambos en hy roep; dreun, dreun, kreun, steun . . . Kroonprins, my seun, ag stop tog, stop, laat hom verbygalop!

Die storm duur voort.

LEAR

Jy sou beter daarnatoe wees in 'n graf as om met jou kale liggaam hierdie woede van die hemele te weerstaan. Is die mens niks meer as dit nie? Bekyk hom goed. Jy's die wurm geen sy verskuldig nie; die bees, geen vel; die skaap, geen wol; die sivetkat, geen reuk nie. Ha! Hier's drie van ons wat ons eenvoud verloor het. [*Aan Edgar*] Jy, man, is die ware mens self; die onopgesmukte mens is niks anders nie as net so 'n arm, kaal, gevurkte dier as wat jy is. Weg, weg met dié geleende dinge! Kom, kom, maak hierdie knope los!

Hy begin die klere van sy lyf pluk.

Gloucester op met 'n fakkel.

NAR

Ek bid u, Omie, bedaar, dis 'n bose nag om in te gaan rondswem. 'n Vuurtjie in hierdie woesteny sou nou soos 'n ou wellusteling se hart wees; 'n vonkie slegs, die hele res van sy lyf is yskoud. Kyk hier kom 'n wandelende vuur aan.

EDGAR

Dis die bose gees Flibbertigibbet; hy begin met die aandklok en laat spat eers teen middernag; hy gee jou 'n katarak in jou oog, laat jou vervlaks skeel kyk, en kerf vir jou 'n mooi hase-lip; beskimmel die wit koring, en ry ons arme aardse drommels bloots.

[*Singend*]

Terwyl die Heilige oor die heide dwaal, ontmoet

Hy die Nag-merrie, en haar gebroed;

Beveel hy haar: Klim af, klim af, jou duiwelskind,

En sweer 'n eed. Toe . . . Weg nou, heks, weg en geswind!

KENT

Hoe gaan dit met U Hoogheid?

LEAR

Wie's dit?

KENT

Wie's daar? Wat soek u?

GLOUCESTER

Wie is u daar? U name?

EDGAR

Arme Tom wat die swemmende padda eet, die platanna, die paddavissie, die akkedis en die watersalamander; wat in die woede van sy hart, as die bose gees in hom raas en tier, koeimis eet vir slaai; die ou rot wegsluk en die hond wat in die sloot gevrek het; die groen slym van die staande waterpoel drink; en wat met die sweep verwilder word van buurt tot buurt, met die blok gestraf en in die tronk gesmyt word; wat eenkeer drie pakke klere had vir sy rug, ses hemde vir sy liggaam.

[*Singend*]

Ja, perd en wapens kon ou Tom wel kry.

Maar sewe lange jare of naasteby

Had hy vir voedsel dag na dag

Net muise, en rotte, en dié soort lekkerny.

Pas op vir hom wat my volg. Hou jou smoel, Smoeleken! Bly stil, bose gees!

GLOUCESTER

Wat! het U Hoogheid geen beter geselskap?

EDGAR

Die Prins van Duisternis is wel 'n heer.

Modo's sy naam en ook Mahoe.

GLOUCESTER

Ons vlees en bloed het tans so sleg geword

Dat hul ons haat wat hul verwek het.

EDGAR

Arme Tom is koud, yskoud.

GLOUCESTER

Gaan saam met my; my plig kon dit nie duld
Om al u dogters se bevele te gehoorsaam.
Hoewel hul my gelas het om my deur te sluit,
Sodat die wrede nag u op kon eis,
Tog het ek dit gewaag om u te kom soek
En u te bring waar vuur en voedsel is.

LEAR

Laat my eers met dié wysgeer praat.
Wat, vriend, veroorsaak donderweer?

KENT

Neem, beste Vors, sy aanbod aan, gaan saam.

LEAR

Met dié geleerde Griek wil ek 'n rukkie praat.
Wat is u studie?

EDGAR

Die bose gees te flous en goggas uit te roei.

LEAR

Ek wil u een vraag vra in die geheim.

KENT

Dring nogmaals by hom aan, Heer, dat hy gaan,
Sy gees begin te dwaal.

GLOUCESTER

Maar kan jy hom blameer? [*Die storm duur voort.*]
Sy dogters soek sy dood. Ai, goeie Kent,
Hy't dit voorspel, die arme banneling!
Jy sê die Koning word waansinnig. Vriend,
Ek self's byna waansinnig. Ek had 'n seun,
Nou uit my hart verban; so pas wou hy
My om die lewe bring, so pas. Ek had hom lief,
My vriend, geen vader had sy seun ooit liefwer.

Met al die smart raak ek my sinne kwyt.
O wat 'n nag! Ek smeek U Hoogheid –
Die storm duur voort.

LEAR

Verskoon my, Heer.
Edele wysgeer, bly by my.

EDGAR

Tom's koud, yskoud.

GLOUCESTER

Toe, kêrel, hier's die hut, stap in; dis warm daar.

LEAR

Kom, laat ons almal binnegaan.

KENT

Hierheen, my Heer.

LEAR

Maar hy moet saam; ek hou my by my wysgeer.

KENT

Paai hom, my Heer, laat hom die kêrel saamneem.

GLOUCESTER

Neem jy hom saam.

KENT

Kom, kêrel, kom; gaan saam met ons.

LEAR

Kom, beste Athener.

GLOUCESTER

Geen woorde nie, geen woorde . . . sjuut . . .

EDGAR

[singend]

Toe ridder Roland tot die donker toring tree,

Het hy geswyg. Net in die toring skree

Die reus: „Faai, fou, fam, fit,

Ek ruik die bloed hier van 'n Brit.”

Almal af.

TONEEL VYF

'n Vertrek in Gloucester se Kasteel.

Cornwall en Edmond op.

CORNWALL

Ek wil my wraak hê voor ek sy huis verlaat.

EDMOND

As ek net daaraan dink, my Heer, hoe ek nog veroordeel mag word omdat my gevoelens as seun moes swig voor my lojaliteit aan u, dan sidder ek.

CORNWALL

Ek begin nou insien dat dit nie heeltemal u broer se bose geaardheid was wat hom sy vader se dood laat soek het nie; maar die aandrang van sy eiewaarde, aangespoor soos hy ook was deur 'n laakbare slegtheid in homself.

EDMOND

Watter onverdiende lot, dat ek berou moet hê oor my eie regvaardigheid! Hier is die brief waarvan hy gepraat het, wat klinkklaar bewys dat hy 'n spioen is ten gunste van Frankryk. O Hemele, dat hierdie verraad maar net nie waar was, of dat dit nie ék was wat dit ontdek het nie!

CORNWALL

Gaan saam met my na die Hertogin.

EDMOND

As die inhoud van hierdie brief waar is, lê daar u 'n geweldige taak voor.

CORNWALL

Waar of vals, dit het jou Graaf van Gloucester gemaak. Gaan soek jou vader, sodat ons hom ter geleë tyd in hegtenis kan neem.

EDMOND

[*tersy*]

Vind ek hom terwyl hy besig is om die Koning te help, sal dit slegs die agterdog teen hom versterk. [*Aan Cornwall*] Ek sal voortgaan op die pad van my lojaliteit, al is die stryd ook hoe swaar tussen plig en my eie bloed.

CORNWALL

Ek sal op jou vertrou; en in my liefde sal jy 'n beter vader vind.
Albei af.

TONEEL SES

*'n Kamer in 'n boerehuis vlakby Gloucester se Kasteel.
Gloucester en Kent op.*

GLOUCESTER

Hier is dit beter as in die oop lug; wees dankbaar daarvoor. Ek sal doen wat ek kan om u meer op u gemak te laat voel. Ek sal nie lank wegbly nie.

KENT

Al die krag van sy verstand moes padgee vir sy ongeduld. Mag die Gode u goedheid beloon!

Gloucester af.

Lear, Edgar en Nar op.

EDGAR

Fraferetto roep my, en vertel my Nero is 'n hengelaar in die Vlei van die Duisternis. Bid, onnosele, en pas op vir die bose gees.

NAR

Ek smeek jou, Omie, sê my tog: is 'n kranksinnige 'n edelman of wel 'n kleinboer?

LEAR

'n Koning, 'n Koning!

NAR

Nee, 'n kranksinnige is 'n kleinboer wat 'n edelman het vir seun; want hy's 'n kranksinnige kleinboer wat sy seun edelman sien voor hy dit self is.

LEAR

O had ek duisend man met gloeiend-hete spitte
Wat op hul af kon sis -

EDGAR

Die bose gees byt in my rug.

NAR

Kranksinnig is hý wat op die makheid van 'n wolf vertrou, op 'n perd se gesondheid, 'n seun se liefde, of die eed van 'n hoer.

LEAR

Dit sal geskied; ek kla hulle aan nou op die daad.
[Aan Edgar] Kom, sit u hier, geleerde regter.
[Aan die Nar] U, wyse heer, sit hier. Nou, wyfievosse!

EDGAR

Kyk daar staan hy ons en aangluur! En jy, Madam, wil jy nog bewondering wek selfs hier in die hof?
„Vaar oor die stroom, Liesbet, vaar na my oor - ”

NAR

[singend]

*Haar bootjie lek, haar spane's weg
En ook haar seil. Ag, dis verseg
Of sy sal kom. Jy't haar al lank verloor.*

EDGAR

Die bose gees spook by arme ou Tom met die stem van 'n nagtegaal. En in Tom se pens roep Huppeldans om twee vars harings. Kras nie, swart engel; ek het geen kos vir jou nie.

KENT

Hoe gaan dit met u, Heer? Ontstel u nie; Kom lê en rus hier op die kussings.

LEAR

Eers die verhoor. Bring die getuies binne.
[*Aan Edgar*] Man in die mantel van gereg, neem plaas.
[*Aan die Nar*] En jy, sy medewerker in regvaardigheid,
Gaan sit langs hom. [*Aan Kent*] U's deel van die kommissie,
Gaan sit u ook.

EDGAR

Laat ons regverdig oordeel.

[*Singend*]

*Waak jy of slaap jy, sorgelose herder?
Wat vreet daar aan my koring? Dis jou skaap.
Maar gee één fluitjie met jou fraai klein mond,
Dan kom hul streep-streep terug, gaan ook ek slaap.*

Pirr! dié kat is gry.

LEAR

Kla haar eerste aan, dis Goneril. Hier voor dié eerbare Raad verklaar ek onder eed sy't die arme Koning haar vader geskop.

NAR

Kom hier, dame. Is u naam Goneril?

LEAR

Sy kan dit nie ontken nie.

NAR

Ek vra u om verskoning, ek dag u was 'n voustoel.

LEAR

En hier's 'n ander wie se verwrong. gelaat
Wys wat daar skuil diep in haar hart. Stop haar!
Wapens, wapens, swaarde, vuur! Hier word daar omgekoop!
O valse regter, waarom't jy haar laat ontsnap?

EDGAR

God seën u verstand!

KENT

O jammerte! Heer, waar is die geduld
Wat u gespog het is nog steeds u deel?

EDGAR

[*tersy*]

My trane kies so sterk sy kant
Dat hul my spel verraaï.

LEAR

Selfs die klein hondjies,
Vlek, Stompie, Snippie, kyk, hul blaf vir my.

EDGAR

Ou Tom sal hul laat spat. Toe, vort, jul brakke!
Is júl snoet swart of wit, ek sê: „Voertsek!”
Al sit daar ook gif in jul bek,
Vuil brakkie, windhond, bloedhond, boel,
Poedel, die hele swetrioel.
Al sleep jul stert, al is hy kort of lank,
Ou Tom sal jul laat kerm en tjank;
Want hy sal net een skree moet gee,
Dan het jul almal padgegee!

Aits, maar de, de, de, dis koud. Toe vat hom, sa, sa, sa! Kom
laat ons waai na feeste, kermisse en markpleine! Arme Tom, jou
drinkhoring is kurkdroog.

LEAR

Laat hulle dan Regan oopsny en ontleed, en sien wat daar in
haar hart uitbroei. Is dit werklik vir die natuur moontlik om
sulke harde harte voort te bring? [*Aan Edgar*] U, Heer, neem ek

in my diens as een van my honderd ridders; net ek hou nie van die fatsoen van u klere nie; u sal miskien sê hulle is Persies; maar laat hulle verander word.

KENT

Lê hier, my beste Heer, en rus 'n bietjie.

LEAR

Maak geen geraas, maak geen geraas; trek die gordyne toe; so, so . . . Môre-oggend sal ons die aandmaal gebruik.

NAR

En ek sal helder oordag ter ruste gaan.

Gloucester verskyn weer.

GLOUCESTER

Kom hier, vriend. Waar's die Koning nou, my meester?

KENT

Hier, Heer, maar steur hom nie, hy is sy sinne kwyt.

GLOUCESTER

Ag, neem hom in jou arms, goeie vriend;
Ek het gehoor hul smee 'n komplot teen sy lewe.
'n Draagbaar's byderhand; plaas hom daarop
En spoed na Dover, vriend, waar hul jou welkom
Sal heet en ook beskerm. Neem jou meester op;
Sou jy 'n halfuur talm, is sy lewe,
Joue en dié van elkeen wat hom wil verdedig,
Red'loos verlore. Neem hom op, toe, neem hom op;
En volg my, ek sal sorg dat julle gou
Voorrade kry.

KENT

Hy slaap want hy's gedaan. Dié rus
Kon balsem wees vir jou geskokte senuwees
Wat, word hul weer versteur,
Skaars heelbaar dan sal wees. [*Aan die Nar*] Kom help jou meester
dra;

Jy moenie agterbly nie.

GLOUCESTER

Kom, kom, laat ons gaan!

Kent, Gloucester en die Nar dra die Koning weg.

EDGAR

As ons sien hoe ons meerderes ons rampe dra,
Kan ons skaars oor ons eie lyding kla.
Hy wat alleen ly hier, ly allermees,
Ontdaan van alle vroeër vreugdes, in sy gees.
Maar ons kan makliker ons lyding weerstand bied,
Het ons leed maats, geselskap ons verdriet.
Tans is hy ligter, draagliker, my ongeluk,
Nou wat my buig, die Koning grond toe druk.
Wreed is sy kinders, so ook my vader! Voort, Tom, voort!
Let op wat gaande is, hoe skreeu die grotes moord
En brand. En openbaar jou slegs wanneer
Jou valse vonnis val, hul jou herstel in eer.
Ag, laat die Koning tog ontsnap, gebeur
Ook wat vannag! Stil, stil.

Edgar af.

TONEEL SEWE

'n Vertrek in Gloucester se Kasteel.

Cornwall, Regan, Goneril, Edmond en Dienaars op.

CORNWALL

[aan Goneril]

Gaan in aller yl na die Hertog u gemaal, wys hom hierdie brief,
die Franse leër het geland. *[Aan Dienaars.]* En bring die verraaiër
Gloucester hier!

Enkele Dienaars af.

REGAN

Hang hom dadelik op.

GONERIL

Pluk sy oë uit.

CORNWALL

Laat hom aan my misnoeë oor. Edmond, hou u ons suster geselskap; die wraakmaatreëls wat ons noodgedwonge op u ver-raderlike vader sal moet toepas, moet u nie aanskou nie. Raai die Hertog aan, so gou u hom te sien kry, om spoedig alle voorbereidings te tref; ons is tot dieselfde taak verplig. Ons boodskappers sal 'n snelle inligtingsdiens tussen ons in stand hou. Vaarwel, liewe suster; vaarwel, my Graaf van Gloucester. [*Oswald op.*] Wat's jou nuus? Waar's die Koning?

OSWALD

Die Graaf van Gloucester het hom meegevoer;
Ruim ses-en-dertig van sy ridders het
Hom lank gesoek, toe by die poort gevind;
Met hulle en ander van sy edelmanne
Is hy op pad na Dover waar, so spog hulle,
Hulle 'n magdom wapenbroeders het.

CORNWALL

Bring perde vir jul meesters!

GONERIL

Vaarwel, my beste Heer, en suster.

CORNWALL

Edmond, vaarwel.

[*Goneril, Edmond en Oswald af.*]

Vind die verraaier, Gloucester,

En boei hom soos 'n dief, en bring hom hier.

[*Ander Dienaars af.*]

Hoewel ons hom nie sonder regspraak tot

Die dood kan veroordeel, tog sal ons mag

Hier voor ons toorn buig, wat 'n mens wel kan

Betreur maar nie beheer. Wie's dit? Daardie verraaier?

Dienaars kom terug met die gebonde Gloucester.

REGAN

Ondankb're vos, dis hy!

CORNWALL

Bind vas sy dorre benerige arms.

GLOUCESTER

Wat wil U Hooghede? My goeie vriende,
Onthou u is my gaste. Geen gemene spel . . .

CORNWALL

Bind hom, sê ek! [*Dienaars bind Gloucester.*]

REGAN

Vas, vas! O vuil verraaiër!

GLOUCESTER

Meedoënlose vrou, dít is ek nie.

CORNWALL

Bind hom aan dié stoel vas. Skurk, jy sal vind –
Regan trek Gloucester se baard.

GLOUCESTER

By al die goeie Gode, dis 'n skande
Om my so aan die baard te trek.

REGAN

So wit, en tog so 'n verraaiër!

GLOUCESTER

Bose vrou,
Dié hare wat jy uit my ken gepluk het,
Kry nuwe lewe, kla jou aan. Ek is
U gasheer, dit betaam u nie om u gasheer se
Gelaat met rowershande so te skend.
Wat wil u doen?

CORNWALL

Sê watter brief het u soëwe ontvang uit Frankryk?

REGAN

En antwoord reguit, want ons weet die waarheid.

CORNWALL

Wat's u verbintenis met die verraaiers
Wat pas hier aangeland het?

REGAN

Na wie het u die mal Koning gestuur?
Toe, praat!

GLOUCESTER

Ek het 'n brief wat my slegs vrae stel,
Ontvang van een wat onpartydig is,
Geensins u teenstander.

CORNWALL

Geslepe.

REGAN

En vals.

CORNWALL

En waar het jy die Koning heengestuur?

GLOUCESTER

Na Dover.

REGAN

Waarom na Dover? Was jy nie gelas
Al sou ook wat gebeur -

CORNWALL

Waarom na Dover? Laat hy dit beantwoord.

GLOUCESTER

Vas aan die paal, moet ek hul treit'ring duld.

REGAN

Waarom na Dover?

REGAN

Wat bedoel jy daarby?

CORNWALL

My slaaf!

Hulle trek hul swaarde en begin veg.

EERSTE DIENAAR

Komaan, hier sal ons nou ons woede meet.

REGAN

Gee my jou swaard. 'n Kneg en so astant!

Sy gryp 'n swaard en steek hom in die rug.

EERSTE DIENAAR

O ek sterf! My Heer, u't nog 'n oog;
Kyk, ek het hom gewond. O . . . [*Hy sterf.*]

CORNWALL

Ons moet verhoed dat hy meer sien.
Uit, uit, slymklont! Waar's nou jou glans?

GLOUCESTER

O alles donker, troosteloos. Waar is
My seun Edmond? Edmond, blaas elke vonk
Van die natuur tot vlam. O wreek dié gruweldaad!

REGAN

Weg, skurk, verraaiër, weg! Jy roep na hom
Wat jou haat, dit was hý en hy alleen
Wat jou verraad aan ons kom openbaar het,
Hy's veels te goed om jou ooit te bejammer.

GLOUCESTER

O dwaasheid! Dan't ek Edgar veronreg.
Vergewe my dit, Gode, en seën hom!

REGAN

Toe, gooi hom by die poort uit, en laat hy
Sy pad na Dover ruik. Hoe gaan't? Hoe voel u, Heer?

CORNWALL

Ek is gewond; volg my, Madam. Weg met
Dié oëlose skurk! En smyt dié slaaf
Op 'n mishoop. Regan, ek bloei aaneen.
Dié wond's ontydig. Ai . . . gee my u arm.

*Cornwall af, steunend op Regan. Gloucester word deur Dienaars
weggelei.*

TWEEDE DIENAAR

Ek gee nie om nie watter kwaad ek doen
As dit ooit goed gaan met dié man.

DERDE DIENAAR

As sy lank lewe
Om op die ou end soos elke mens te sterf,
Sal alle vroue monsters word.

TWEEDE DIENAAR

Laat ons die ou Graaf volg, en Gek-Tom vra
Sy gids te wees; want dié se speelse malheid
Sien kans vir alles.

DERDE DIENAAR

Doen jy dit. Ek gaan vlas en eierwit haal
Vir sy bloeiende gelaat. Die Hemel help hom!
Almal af in hul verskillende rigtings.

VIERDE BEDRYF

TONEEL EEN

Die Heide.

Edgar op.

EDGAR

Veel beter om te weet jy is verag as om
Onwetende verag te wees hoewel gevlei.
Sink jy hoe laag en word jy hoe verneder,
Jy hoop nog altyd, leef dus nie in vrees nie.
Die beste lot kan later slegs versleg,
Die droewigste die blydschap erf. Dus, welkom,
Jy, liggaamlose lug wat ek omhels,
Want hy wat jy so diep in die ellend gestort het,
Het niks meer van jou stormwind te vrees.
Maar wie kom hier?

[Gloucester op, deur 'n ou man gelei.]

My vader deur dié arm

Ou man gelei? O wêreld, wêreld, wêreld!
Ons haat jou vreemde wisselinge. Anders
Sou ons die ouderdom seën en nie vervloek.

OU MAN

O goeie Heer, al tagtig jaar is ek
U pagter, en die pagter van u vader.

GLOUCESTER

Gaan, goeie vriend, gaan heen. Laat my met rus.
Jou bystand kan my nie in die minste help nie,
En dit kan jou veel skade doen.

OU MAN

U kan u pad nie sien nie.

GLOUCESTER

Ek het geen pad, het dus geen oë nodig nie.
Toe ek kon sien, het ek gestruikel. Hoe dikwels maak

Voorspoed ons onverskillig, waar die onheil
Ons voordeel bring. O Edgar, dierb're seun,
Slagoffer van jou vader se misleide toorn,
Kon ek jou maar net een keer voel-voel sien,
Dan sou ek sê ek het weer oë.

OU MAN

Wat's dit? Wie's daar?

EDGAR

[*tersy*]

O Gode! Wie kan sê?: „Die ergste tref my nou.”
Ek's erger as ek ooit tevore was.
Vir my word dit steeds erger.

OU MAN

Dis arme malle Tom.

EDGAR

[*tersy*]

En dit kan erger word; dis die ergste nie
Solank ons nog kan sê: „Dít is die ergste.”

OU MAN

Waar gaan jy, man?

GLOUCESTER

Is dit 'n bedelaar?

OU MAN

'n Bedelaar, en boonop mal.

GLOUCESTER

Nie heeltemal, want dan sou hy nie bedel nie.
Gist'raand in daardie storm het ek 'n man gesien,
Toe dink ek: ag, die mens is net 'n wurm.
En skielik dink ek aan my seun ofskoon my gees
Hom skaars kon sien as vriend. Sindsdien't ek veel geleer.
Soos vlicê vir baldaad'ge seuns is ons vir die Gode;
Hul maak ons dood vir hul vermaak.

EDGAR

[*tetsy*]

Hoe is dit moontlik? Dis 'n sleg beroep om
Die nar te speel vir die verdriet, dit kwel jou
En andere ook. [*Luid*] O wees geseën, Heer.

GLOUCESTER

Is dit die naakte kêrel?

OU MAN

Dis hy, my Heer.

GLOUCESTER

Gaan heen nou, vriend. As jy om my ontwil
Ons in sal haal 'n myl of twee van hier
Op pad na Dover, doen dit uit ou liefde.
En bring tog klere vir dié naakte siel;
Ek gaan hom vra om my te lei.

OU MAN

Helaas, Heer, hy is mal!

GLOUCESTER

Dit is ons tyd se vloek: dat malles blindes lei.
Doen wat ek sê, of liewer wat jy wil,
Maar boweal, gaan heen.

OU MAN

Die beste klere wat ek het, bring ek
Vir hom . . . ja, kom wat wil.
Ou man af.

GLOUCESTER

Haai, naakte kêrel -

EDGAR

Tom's koud, yskoud. [*Tetsy*] Ek kan nie langer veins nie.

GLOUCESTER

Kom hierheen, man.

EDGAR

[*tersy*]

En tog ek moet.

U liewe oë bloei . . . mag hul geseën wees.

GLOUCESTER

Ken jy die pad na Dover?

EDGAR

Nie altemit nie. Elke heg en steg, elke perdepad en voetpaadjie. Van pure skrik is arme Tom al lankal sy bont varkies kwyt. Die Hemele bewaar jou, liewe mensekind, van die bose gees! Vyf bose geeste het tegelyk in arme Tom rondkerjakkert; soos Obidicut, Gees van die wellus, Hoberdidans, Prins van die stomheid; Mahoe, van diewery; Modo, van moord; Flibbertigibbet, die Oppergees van 'n ewige gegrinnik en skewebeektrekkery; wat sindsdien kamerbediendes en hofjuffers binnegevaar het. Die Gode seën u, Meester!

GLOUCESTER

Hier, neem dié beurs, met slag op slag't die Lot
Jou tot ootmoedigheid gedwing; en my misère
Versag jou leed. Mag steeds die Gode so beskik!
Laat hy wat swelg in al sy weelde en luste,
En u gebod vertrap, wat nie wil sien
Omdat hy nie kan voel nie, u mag tog gou ervaar;
So sal verdeling oormaat straks uitwis,
En elke man genoeg hê. Ken jy Dover?

EDGAR

Ja, Heer.

GLOUCESTER

Daar is 'n krans, waarvan die hoë kruin
Verskriklik afkyk in die oseaan;
Bring my tot sy uiterste randjie, dan
Vergoed ek jou ellende met iets kosbaars
Wat ek hier by my het. Van daardie plek
Sal ek geen leiding nodig hê.

EDGAR

Gee my jou arm;
En arme Tom sal jou lei.
Albei af.

TONEEL TWEE

*Voor die Kasteel van die Hertog van Albanië.
Goneril en Edmond op.*

GONERIL

Welkom, my Heer. Vreemd dat my sagte gade
Ons nie kom inhaal't nie.
[*Oswald op.*]

Seg, waar's jou meester?

OSWALD

Hier tuis, Madam; maar wonderlik verander.
Toe ek hom sê die Franse leër't geland,
Glimlag hy slegs. Ek sê hom toe u kom;
„Des te erger,” antwoord hy. Van Gloucester se
Verraad, sy seun se troue diens vertel
Ek hom en hy noem my 'n sot, en sê
Ek het die binneste na buite toe gekeer.
Dis of hy hou van wat hy hoort te haat,
Of wat hy lief moet hê, hom in die krop steek.

GONERIL

[*aan Edmond*]

Gaan dan nie verder nie.
Hy's bang, hy het geen moed nie, wil niks waag.
Hy voel geen onreg nie as dit vergelding
Van hom sou eis. Wat ons op pad hierheen
Begeer't, word nog vervul. Terug, Edmond, na
My swaer, help hom sy magte saamtrek, voer
Hul aan. Nou ruil ek wapens om en gee
My man die spinnewiel. Dié troue dienskneg

Sal nou ons bode wees. Weldra hoor jy,
Indien jy tot jou eie voordeel iets wil waag,
Die opdrag van jou meesters. Dra dit; geen woord.

[*Sy gee hom 'n liefdespand.*]

Maar buig jou hoof. Dié soen, as hy kon praat,
Sou hy jou moed laat styg tot by die sterre.
Begryp my goed, vaarwel.

EDMOND

Ek dien u tot die dood.

GONERIL

My dierb're Gloucester! [*Edmond af.*]
Wat 'n verskil tog tussen man en man!
Jou kom 'n vrou se gunste toe. My Nar
Besit my liggaam sonder reg.

OSWALD

Madam, hier kom my Heer.

Oswald af. Albanië op.

GONERIL

Vroeër was ek nogal 'n welkom werd.

ALBANIË

O Goneril!
Jy's nie die stof werd wat die strawwe wind
Waaï in jou gesig. Ek vrees jou ware aard.
Die mens wat sy oorsprong verag, ken maat
Nòg perk, kan nie in toom gehou word nie.
Sy wat haar losskeur splint'rend van die stam
Wat haar haar sap skenk, moet verdor noodwendig
En dan verbrand word soos iets doods.

GONERIL

Genoeg; dié teks is dwaas.

ALBANIË

Wat wys en goed is, vind die bose boos;
Vuilheid het smaak vir vullis. Wat het jul gedoen?

Tiere, nie dogters nie, wat het julle aangevang?
'n Vader, ja, 'n waardige grysaard
Wie se ou hande 'n verbolge beer sou lek,
Het jul, barbaars, ontaard, tot raserny gedryf!
Hoe kon my goeie swaer iets derg'liks duld?
'n Man, 'n Prins, so mild deur hom begunstig!
Indien die Hemele nie gou hul sig'bre
Geeste van wraak stuur om dié gruwele
Te straf, dan is die dag nie ver meer nie
Dat, soos die monsters van die oseaan,
Die mensdom noodgedwonge aas op homself.

GONERIL

O man met melk vir bloed!
Wat slegs 'n wang vir slae het, 'n kop
Vir hoon en skimp, en geen oog in dié kop
Om eer van smaad te onderskei. Jy weet
Tog goed dis sot om skurke te bekla word hul
Gestraf voor hul hul misdad pleeg. Waar is jou trom?
Frankryk se vlae wapper oor ons rustig land,
Met sy bepluimde helm dreig hy jou staat,
Maar jy, my stomme narrepreker, sit doodstil
En sug: „Ag waarom doen jy dit?”

ALBANIË

Duiwel, kyk in jouself!
In Satan self lyk al's wat walglik is
So gruw'lik nie as in 'n vrou.

GONERIL

O nuttelose nar!

ALBANIË

Bedorwe vrou, eind'lik van buite ook
Ontbloot, lyk minder soos 'n monster! Kon
Hierdie hande die drang volg van my bloed,
Sou hul in staat wees om jou vlees en beend're
Uitmekaar te ruk. Maar tog, al is jy ook 'n duiwel,
'n Vrou se vorm beskerm jou soos 'n skild.

GONERIL

Ai, hoe manhaftig tog!
'n *Boodskapper* op.

ALBANIË

En wat's die nuus?

BOODSKAPPER

My goeie Vors, die Hertog Cornwall's dood;
Sy kneg't hom doodgesteek toe hy ook Gloucester
Se ander oog wou uitpluk.

ALBANIË

Gloucester se oë!

BOODSKAPPER

'n Kneg, van kindsbeen in sy diens, had medelye,
Wou dié daad teengaan, het sy swaard getrek
Teen sy eie meester; wat, daardeur ontstoke,
Toe op hom afstorm en hom neervel; maar
Hy't self 'n steek gekry wat sedertdien
Ook hom laat sterf het.

ALBANIË

U is dus wel daarbo,
O regterskaar, wat al ons euweldade
So gou kan wreek! Maar arme Gloucester,
Het hy sy ander oog verloor?

BOODSKAPPER

Albei, albei, my Heer.
Dié brief, Madam, vereis 'n snelle antwoord;
Dis van u suster.

GONERIL

[*tersy*]

Aan die een kant is dit goed;
Maar sy's 'n weduwee, en my Gloucester gaan na haar;
So kan my lugkasteel in duie stort
En my begrawe. Aan die ander kant,

Dié nuus is nie so sleg. [*Luid*] Ek sal dit lees en antwoord.
Goneril af.

ALBANIË

Waar was sy seun toe hul sy oë neem?

BOODSKAPPER

Op pad hierheen met die Vorstin.

ALBANIË

Hy is nie hier nie.

BOODSKAPPER

Nee, Heer, ek't hom ontmoet op sy pad terug.

ALBANIË

Weet hy van hierdie gruweldaad?

BOODSKAPPER

Ja, goeie Heer, hy self het hom verraai,
En toe die slot verlaat sodat hul straf
'n Vryer gang sou hê.

ALBANIË

Gloucester, ek lewe om jou te dank vir al
Die trou wat jy getuig het aan die Koning,
En om jou oë te wreek. Kom hierheen, vriend,
Vertel my wat jy verder weet.

Albei af.

TONEEL DRIE

*Die Franse kamp naby Dover.
Kent en 'n Edelman op.*

KENT

Waarom is die Koning van Frankryk so gou terug? Weet u
die redes daarvoor?

EDELMAN

Dit was 'n staatsaak wat hy onafgehandel gelaat en waaraan hy eers na sy aankoms alhier gedink het, en wat soveel vrees en gevaar vir sy koninkryk inhou dat sy persoonlike terugkeer hoogs noodsaaklik was en ook dringend versoek is.

KENT

Wie het hy as opperbevelhebber hier gelaat?

EDELMAN

Die Maarskalk van Frankryk, Monsieur La Far.

KENT

Het u brief die Koningin tot enige uiting van droefheid beweeg?

EDELMAN

Sy't dit geneem, voor my gelees, en af
En toe het 'n traan langs haar tere wang
Gerol. Sy't soos 'n koningin gelyk,
Daar oor haar harstog heersende wat, steeds
Rebels, koning wou speel oor haar gemoed.

KENT

Dan het dit haar ontroer!

EDELMAN

Maar nie tot toorn nie. Geduld en droefheid het
Gestry om haar haar mooiste uitdrukking te gee.
U't reën en sonskyn saam gesien; so was
Haar glimlag en haar tranen, maar veel mooier;
Dié blye laggies wat om haar vol lippe speel
Wis skynbaar niks van daardie gaste in
Haar oë wat toe hul afskeid neem, gelyk't soos pêrels
Uit diamante neergedrup. Kortom,
Dié hartseer sou 'n kosb're kleinood lyk,
Kom dit elkeen so goed te staan.

KENT

En sy het niks gesê nie?

EDELMAN

Die woordjie „Vader” het sy ’n paar maal uitgespreek,
Hygend, asof dit swaar druk op haar hart.
Toe roep sy: „Susters, susters! Smet van vroue, susters!
Kent! Vader! susters! Wat! In daardie stormnag!
Bestaan daar dan geen meely meer?” Toe stroom
Die heilige water uit haar hemelse oë,
Was al haar sugte en uitroep nat van trane,
En yl sy weg om met haar smart alleen te wees.

KENT

Dit is die sterre,
Die sterre hoog bo ons wat ons natuur beheer;
Hoe anders sou dieselfde man en vrou
Kinders verwek wat juis so hemelsbreed verskil?
Het u sindsdien met haar gepraat?

EDELMAN

Nee.

KENT

Was dit nog voor die terugkeer van die Koning?

EDELMAN

Nee, later.

KENT

Die arme beproefde Lear is in die stad.
As sy gees opklaar, besef hy goed
Waarom ons hier is, maar hy weier koppig om
Sy dogter weer te sien.

EDELMAN

Waarom, my Heer?

KENT

'n Matelose skaamte oorrompel hom: sy hardheid
Wat haar sy vaderseën ontnem het, en haar toe
Die onsekere vreemde ingejaag, haar erfdeel
Aan sy twee hondse dogters afgestaan het,
Dié dinge steek so giftig in sy hart,
'n Brandende berou weerhou hom van Cordelia.

EDELMAN

Helaas, die arme vors!

KENT

U't niks gehoor van Cornwall en Albanië
Se magte nie?

EDELMAN

Dis seker hul ruk op.

KENT

Wel, Heer, ek bring u na ons meester Lear,
En laat hom in u sorg. 'n Ernstige saak
Maak dat ek my 'n tydlank skuil moet hou;
Maar eien u my straks, sal dit u nie berou nie
Dat u my wel vertrou't. Ek bid u, gaan
Nou saam met my.

Albei af.

TONEEL VIER

Dieselfde toneel. 'n Tent.

Cordelia, Arts en Soldate met tromme en vaandels op.

CORDELIA

Helaas, dis hy! Hy's juis so pas gesien
Waansinnig soos die woeste see; en hy sing luid;
Gekroon met geile aardrook, vore-onkruid,

Met klitsgras, dollekerwel, dissels, koekkoeksblomme,
Drabok en al die nutt'lose onkruid wat daar woeker
In ons voedsame koring. Stuur gou honderd manne uit;
Laat hul elk akker welig koringland deursoek,
En bring hom hier. [*'n Offisier af.*] Wat kan die mens se kennis
doen

Om sy verstoorde sinne te herstel?
Wie hom genees, kry alles wat ek het

ARTS

Daar's heelmiddels, Madam,
Die pleegmoeder van die Natuur is rus,
Wat hom ontbreek; daar's menig heilsaam raat
Wat hom sal stem tot kalmte, en die oog
Van kwellling en van angs sal sluit.

CORDELIA

Alle geseënde geheime, al
Jul ongekende kragte van die aarde,
Spruit uit my trane! O help en heel
Die eed'le grysaard in sy nood. Soek, soek
Vir hom sodat sy blinde woede nie
Sy lewe eindig sonder toom of stuur.
'n Boodskapper op.

BOODSKAPPER

Hier's nuus, Madam; die Britse mag ruk op hierheen.

CORDELIA

Dit weet ek reeds. Ons mag staan vir hul klaar.
O dierb're Vader! Dis u saak alleen
Wat ek hier dien. Daarom had die edele Frankryk
Deernis met al my wee en dringende trane.
Geen opgepofte eersug hits ons wapens aan,
Maar liefde, suiwer liefde, en ons ou vaders reg.
Mag ek hom gou weer hoor en sien!
Almal af

TONEEL VYF

'n Vertrek in Gloucester se Kasteel.
Regan en Oswald op.

REGAN

Maar is my swaer se leër in die veld?

OSWALD

Ja, Madam.

REGAN

Hy self voer die bevel?

OSWALD

Ja, maar na veel gewik, geweeg.
U suster is 'n beter krygsman.

REGAN

Graaf Edmond het toe tuis met hom gepraat?

OSWALD

Nee, Madam.

REGAN

Wat sou my suster hom geskryf het?

OSWALD

Dit weet ek nie, Vorstin.

REGAN

Iets heel belangriks moes hom hiervandaan laat jaag het.
Hoe dwaas tog om die blinde Gloucester te
Laat lewe het. Waar hy ook kom, verbitter hy
Elk hart teen ons. Edmond, meen ek, is voort
Daar hy hom jammer kry in sy ellende,
Hom van sy duister lewe wil verlos,
En ook om uit te vind hoe sterk die vyand is.

OSWALD

Ek moet hom agternasit met dié brief.

REGAN

Ons leërmag ruk môre op. Bly hier by ons.
Die paaie is gevaarlik.

OSWALD

Ek mag nie, Madam.
My Hertogin se opdrag moet ek stip uitvoer.

REGAN

Waarom sou sy aan Edmond skryf? Kon jy
Dan nie haar boodskap mond'lings bring. Miskien . . .
Daar's 'n paar dinge . . . ek weet nie wat. Ek sal
Jou veel verskuldig wees. Laat my dié brief ontsêl.

OSWALD

Madam, ek sou liever –

REGAN

Ek weet u Meesteres't haar man nie lief nie;
Daarvan's ek seker. Ja, toe sy hier onlangs was
Het sy Graaf Edmond steels bekyk, haar flikkers
Na hom gegooi. U's haar vertroueling, dit weet ek.

OSWALD

Ek, Madam!

REGAN

Ek weet waarvan ek praat; jy is, ek weet dit.
Dus, luister, let goed op wat ek hier sê:
My Heer is dood; Edmond en ek verstaan
Mekaar en hy's geskikter vir my hand
As dié van haar. Maak jou eie gevolgtrekking.
Indien jy hom ontmoet, gee hom dié pand,
En as jou Meesteres dit alles van jou hoor,
Gee haar die raad haar te besin en wys te wees.

Vaarwel, dus, vriend. Hoor jy miskien
Iets van dié blinde landsverraaier,
Wie hom van kant maak, word bevorder.

OSWALD

Kon ek hom maar ontmoet, Madam; dan sou
Ek wys aan watter kant ek staan.

REGAN

Vaarwel.
Albei af.

TONEEL SES

*In die omgewing van Dover.
Gloucester en Edgar op, Edgar as boer vermom.*

GLOUCESTER

Wanneer bereik ek daardie heuweltop?

EDGAR

U klim juis teen hom op. Ai, ons kry swaar . . .

GLOUCESTER

Lyk my die grond's gelyk.

EDGAR

Verskriklik steil.
Luister, hoor u die see?

GLOUCESTER

Nee, werklik nie.

EDGAR

Maar dan't die lyding van u oë ook
U ander sinne afgestomp.

GLOUCESTER

Dit mag wel wees.
Lyk my jou stem't verander, en jy praat
Beter en ook verstandiger as vroeër.

EDGAR

Nee, u vergis u daar In niks het ek verander
Behalwe in my klere.

GLOUCESTER

Ek dink tog u praat beter.

EDGAR

Kom, hier's die plek; staan stil. Heer, hoe afgrysvlik,
Dit laat my duisel, in dié dieptes af te kyk!
Die kraaie en rawe wat daar oor die afgrond swewe,
Lyk klein soos kewers. En halfpad na onder hang
'n Man wat vinkel pluk, vreeslike bedryf!
Hy lyk nie groter as sy eie kop.
Die vissers wat daar rondstap op die strand, lyk klein
Soos muise; en dié groot boot gunter geanker
Verkrimp tot sy eie sloep, sy sloep 'n boei
Skaars sigbaar. En die branding se geruis
Wat skuur oor die ontelb're trae klippies,
Kan ons hierbo nie hoor nie. Ek kyk weg,
Anders raak ek duis'lig, my blik benewel,
En tuimel ek kopeerste af.

GLOUCESTER

Plaas my waar jy staan.

EDGAR

Gee my u hand Net een voet nog,
Dan gaap die afgrond. Vir al die skatte van die aarde
Sou ek nie nou omhoog wil spring nie.

GLOUCESTER

Laat los my hand.
In hierdie tweede beurs, vriend, vind jy 'n juweel,

Dit sou 'n arm man verheug. Die Gode en feë
Seën dit en jou. Stap aan en neem nou van my afskeid,
En laat my hoor dat jy vertrek.

EDGAR

Vaarwel dan, beste Heer.

GLOUCESTER

Van alle harte heil!

EDGAR

[*tersy*]

Ek speel op dié manier met sy vertwyf'ling,
Maar dis om hom te heel.

GLOUCESTER

[*knielend*]

O magtige Gode! Ek doen afstand van
Dié wêreld, en gelate voor u oë
Skud ek my swaar beproewing van my af;
As ek dit langer sou kon duld, en nie in opstand
Kom teen u groot en onweerstaanb're wil,
Dan sou die pit van my gehate lewe
Homself uitbrand. As Edgar leef, mag hy
Geseën wees! Nou, knaap, vaarwel.

EDGAR

Ek's weg, my Heer, vaarwel.

[*Gloucester spring en val.*]

Dis vreemd, tog meen ek die verbeelding kan
Die skat van lewe ons ontroof wanneer die lewe
Hom oorgee aan dié roof. Was hy nou waar hy dag
Hy was, dan was sy denke dood. Lewend of dood?
Haai, u, Heer! Vriend! Hoor bietjie! Praat tog, Heer!
So mag hy wel gesterf het. Tog, hy herleef.
Wie is u, Heer?

GLOUCESTER

Gaan weg, en laat my sterf.

EDGAR

Was u nie disseldons nie, vere, lug,
(So baie vame't u geval) was u
Verpletter soos 'n eier; maar u haal asem, het
Gewig en bloei nie, praat, u's ongedeerd.
Tien maste op mekaar haal nie die hoogte
Van waar u loodreg afgestort het nie.
Dat u nog leef's 'n wonder. Praat tog weer.

GLOUCESTER

Het ek geval of nie?

EDGAR

Van die yslieke top van hierdie kalkwit krans.
Kyk net omhoog, die leew'rik met sy skrilke keel
Kan ons so ver nie sien of hoor nie. Kyk omhoog.

GLOUCESTER

Helaas, ek het geen oë nie! Word die
Ellende dan dié reg ontnem om homself
Te eindig deur die dood? Dit was tog nog 'n troos
Toe die misère die dwingeland se woede
Kon flous, en so sy trotse wil verydel.

EDGAR

Gee my u arm.
Op, so . . . hoe's dit? U staan. Voel u u bene?

GLOUCESTER

Te goed, te goed.

EDGAR

Dit is iets vreemd, iets ongelooflik.
Bo-op die krans se kruin, wat was dit tog
Wat u daar plotseling verlaat het?

GLOUCESTER

'n Arme ongelukkige bedelaar.

EDGAR

Waar ek hier staan, het sy oë gelyk
Soos twee volmane; en hy had duisend neuse,
Gekromde horings golwend soos die see wat dein.
Dit was 'n bouse gees. Geseënde vader,
Roem dus die Gode, wat tot eie eer volbring
Wat ons onmoontlik lyk, húl het u gered.

GLOUCESTER

Nou onthou ek dit. Van nou af aan sal ek
Beproewing duld tot hy self uit sal roep
„Genoeg, genoeg,” en sterf. Die ding waarvan u praat,
Het ek gedog's 'n man; dikwels het hy geroep
„Die Bose, Bose Gees”; hy't my daarheen gebring.

EDGAR

Wees bly en ook geduldig. Maar wie kom hier?
[*Lear op, fantasties met veldblomme getooi.*]
Wie oor sy eie sinne heers, sou nooit
Hom só versier.

LEAR

As ek geld vir nuwe voetvolk munt, kan hulle niks aan my doen
nie. Ek is die Koning self.

EDGAR

O hartverskeurende gesig!

LEAR

Natuur oortref die kuns in dié geval. Hier's jul soldategeld.
Die vent hanteer sy boog daar soos 'n voëlverskrikker. Span wyd
jou boog, man, wyd soos 'n kleremakers-el! Kyk, kyk, 'n muis!
Stil, stil! dié stukkie gebraaide kaas is oorgenoeg. Hier's my hand-
skoën, ek sal dit 'n reus toewerp. Laat die hellebaarde hier voor
kom staan! O mooi gevlieg, voël! In die wit, in die wit! Ssjoot!
Kolskoot! [*'n Pouse.*] Wie's daar?

EDGAR

Soet marjolein . . .

LEAR

Gaan verby.

GLOUCESTER

Ek ken dié stem.

LEAR

Ha! Goneril met 'n wit baard! Hulle't my gevlei soos 'n hond en gesê ek het wit hare in my baard, nog voor daar swartes was. Om „ja” te sê en „nee” op alles wat ek te sê had! „Ja” en ook „nee”, dit was skaars goeie godgeleerdheid. Toe die reënbuie my sopnat gereën en die wind my laat klappertand het, toe die donderweer nie op my bevel wou bedaar nie, het ek hulle dáár gevind, het ek hulle dáár uitgeruik. Ag, loop, hulle's nie manne van hul woord nie; hulle't gesê ek is alles – en hulle't gelieg, want ek is nie teen die koors bestand nie.

GLOUCESTER

Die toon van dié stem, ek onthou dit goed. Is't nie die Koning nie?

LEAR

Ja, elke duim 'n Koning. As ek hom aanstaar daar, my onderdaan, kyk net hoe bewe hy. Ek skel dié man sy lewe kwyt. Wat was nou weer die aanklag teen jou? Oorspel? Daarvoor sal jy nie sterf nie. Wat, sterf vir oorspel! Nee wat, die mossies is versot daarop, en die klein goudvlieg hoereer hier vlak voor my oë. Laat almal paar – want Gloucester se onegte kind het sy vader beter behandel as my dogters verwek tussen wettige lakens. Toe, Wellus, laat jou bronstigheid hom wyd en syd botvier! Want ek het soldate nodig. Kyk bietjie daardie skynheilige dame, haar preutse gesig sou jou sneeu in haar skoot laat vermoed; word daar dalk gepraat van die liefde en sy genot, skud sy vroom haar kop en aap die deug na. Geen muishond of merrie gevoer op soetgras is gulsiger as sy nie. Van hul heupe na onder is hulle Sentoure ofskoon die ene vrou bokant die middel. Tot by die gordel regeer die Gode, daaronder baljaar die Bose; dáár's hel, dáár's duisternis, dáár is die swawelpoel; daar brand dit, skroei dit, stink dit, vrot alles weg; foei, foei, foei! sies, sies! Gee my 'n

stukkie muskus, beste apteker, om my verbeelding soet te maak.
Hier's geld vir jou.

GLOUCESTER

O laat my dié hand soen.

LEAR

Laat ek dit eers skoonvee, dit ruik na sterflikheid.

GLOUCESTER

O stuk Natuur verwoes! So sal die ganse wêreld
Wegslyt tot niks. Ken u my nie?

LEAR

Ek onthou jou oë baie goed. Maar waarom loer jy na my soos 'n
hoer? Nee, nee, maak soos jy lus kry, blinde Cupido, knip maar
oog, jy kry my nie in jou bordeel nie. Lees hierdie uitdaging, let
goed op die handskrif.

GLOUCESTER

Was al u letters sonne, ek sou hulle nie eien.

EDGAR

[tersy]

Word dit my dalk vertel, ek sou't nie glo nie;
Maar dit is so, en my hart breek.

LEAR

Lees.

GLOUCESTER

Met dié oogkasse leeg?

LEAR

O ho! is dit wat jy bedoel? Geen oë in jou kop, en geen geld in
jou beurs nie? Jou oë kry swaar, maar jou beurs is lig, tog sien jy
goed die wêreld se beloop.

GLOUCESTER

Ek sien dit net met my gevoel.

LEAR

Wat, is jy mal? Selfs met geen oë nie, kan 'n mens goed die ou wêreld se beloop sien. Kyk met jou einste ore; kyk net hoe gaan daardie Regter te kere met daardie doodgewone dief. Luister, ek sal dit jou in die oor fluister: laat hulle net plekke omruil, en knikkertjie-flikkertjie, wie is die regter, wie die dief? Het jy al gesien hoe 'n boer se hond vir 'n bedelaar blaf?

GLOUCESTER

Ja, my Heer.

LEAR

En hoe die arme skepsel weghardloop van die brak? Daar het jy nou die ware grootse beeld van Gesag: 'n hond kan hiet en gebied net omdat hy 'n amp beklee. Haai, haai, diener, jou skurk, hou jou bloedige hand tuis! Waarom slaat jy daardie hoer? Streep jou eie rug, hings, jou begeerte's geil om haar te gebruik vir daardie einste ou plesiertjie waarvoor jy haar nou striem. Die groot boef hang die kleintjie op. Deur flenterklere lyk klein euwels sommer baie groot; hoogwaardigheidsgewade en pels-togas bedek alles. Pantser sondes met goud, en die sterk lans van die Gereg breek daarteen, skadeloos. Bewapen dit met toiings, en die strooitjie van 'n dwergie deurboor dit. Niemand oortree nie, niemand, ek sê niemand nie; ek spreek almal vry; glo my gerus, my vriend, ek wat die mag het om die lippe van die aanklaer te verseël. Kry vir jou glasoë en gee dan voor, soos 'n gemene politikus, jy sien dinge wat jy glad nie sien nie. Nou, nou, nou, nou. Trek my skoene uit! Harder, harder, so . . .

EDGAR

[*tersy*]

O sin en onsin hier gemeng,
Wysheid in waansin!

LEAR

Wil jy my lot beweene, neem my oë.
Ek ken jou goed, heel goed; jou naam is Gloucester.
Jy moet geduldig wees; ons't huilend hier gekom;

Jy weet die eerste maal dat ons die lug inasem,
Huil ons en kerm ons. Luister, ek preek vir jou.

GLOUCESTER

O jammer, jammer dag!

LEAR

Met ons geboorte huil ons daar ons toetree tot
Dié speeltoneel van narre. Dis 'n goeie hoed!
Dit sou 'n fyne set wees om 'n perdetrop
Met vilt te skoei. Ek sou dit op die proef
Wil stel; en het ek my skoonseuns bekruij,
Slaan dood, slaan dood dan, dood, dood, dood, dood, dood!
'n Edelman op, met Dienare.

EDELMAN

Hier is hy! Hou hom vas. My liewe Heer,
U dierb're dogter --

LEAR

Geen redding? Wat, gevangene! Ek is
Fortuin se gebore nar. Wees vir my goed;
U sal losgeld kry. Bring artse hier;
My hoof is oopgekerf.

EDELMAN

Alles sal u nog kry.

LEAR

Geen bystand nie? Net ek alleen?
Maar dit maak van 'n man 'n man van sout,
En van sy oë waterbronne, om in
Sy tuin die herfs se stowwe vas te lê. Maar ek
Sal dapper sterf, bly soos 'n vietse bruidegom.
Wat! Ek sal vrolik wees. Kom, kom; ek is 'n koning,
My vriende, weet jul dit dan nie?

EDELMAN

U is 'n koninklike vors, en ons gehoorsaam u.

LEAR

Maar dan is daar nog lewe in my. Kom, kom,
Wil jul my kry, kry jul my slegs
As julle hardloop. Sa, sa, sa, sa, sa!

Lear af, hardlopende; en die Dienaars hardloop agter hom aan.

EDELMAN

Rampsalige gesig was hy die armste drommel,
Ondenkbaar in 'n Koning! U't één dogter
Wat die Natuur red van die algemene vloek
Wat die ander twee oor hom gebring het.

EDGAR

Heil, edel Heer!

EDELMAN

Heer, wees geseën; wat wens u?

EDGAR

Het u dalk iets gehoor van 'n geveg op hande?

EDELMAN

Ja, sonder twyfel, wyd en syd.
Die hele wêreld praat daarvan.

EDGAR

Verskoon my, maar hoe naby is die ander leër?

EDELMAN

Vlakby, hul spoed hierheen; die grootste gros
Word uurliks hier verwag.

EDGAR

Ek dank u, Heer, dis al.

EDELMAN

Die Koningin se leër ruk reeds op;
Iets dringends hou haar hier.

EDGAR

Ek dank u, Heer.

Edelman af.

GLOUCESTER

Sagsinn'ge Gode, neem my asem weg;
Laat nie die bose in my my weer verlei
Te sterf voor dit U mag behaag!

EDGAR

'n Mooi gebed, vader.

GLOUCESTER

Wie's u, my goeie vriend?

EDGAR

'n Arme, arme man, verlam
Deur slae van die Lot, wat soveel pyn
En smart geken't, my hart is vol van mededoë.
Gee my u hand, ek lei u na 'n huis.

GLOUCESTER

Ek dank u hartlik, en ek wens
U al die mildheid van die Heem'le toe,
Seën op seën om u te vergoed!

Oswald op.

OSWALD

'n Prys my voorbestem! Wat 'n geluk!
Dié oëlose kop's tot vlees geskep om my
Slegs te verryk. Rampsalige verraaier,
Berei jou vinnig voor; ek het die swaard getrek
Wat jou nou moet vernietig.

GLOUCESTER

Wees sterk, hand van 'n vriend, wees sterk
En doen dit nou.

Edgar kom tussenbei.

OSWALD

Waarom, vermete le kneg,
Steun en beskerm jy dié ou verklaarde
Verraaier? Weg, of sy verval tas jou
Ook aan. Laat los sy arm.

EDGAR

Ek lat hom nie los nie, meneerr; dan moet darr eerrs iets annerrs
gebeerr.

OSWALD

Laat los, slaaf, of jy sterf!

EDGAR

My liewe meneerr, gan tog ie gang, en lat ons arm mense met
rus. En as darr deurr 'n bakleierry 'n end an my lewe moes
kom, was ek al 'n hele twee weke lank dood. Nie, kom g'n trrie
naderr annie ou man nie. Ek warrskie jou bly darr stan, of ons
sal sien wie's die harrdste, jou pampoenkop of my knuppel. Nou
prrat ek sommer prrontyt.

OSWALD

Weg, vuilgoed!

EDGAR

Ek sal jou tanne virr jou ytplik, meneerr. Kom, kom! Ag wat, al
jou ou swarrdstiekies gan jou nou innie stiek lat.

Hulle veg, en Edgar slaan hom neer.

OSWALD

Kneg, jy het my gedood. Hier, neem my beurs.
Wil jy floreer, begrawe dan my liggaam;
En gee die brief wat jy op my sal vind,
Aan Edmond, Graaf van Gloucester. Soek vir hom
Onder die Engelse. Ontydige dood,
O dood! [*Hy sterf.*]

EDGAR

Ek ken jou goed, jy, slaafse kneg, so gretig

Om al die sondes van jou meesters te dien
As wat die boosheid kon begeer.

GLOUCESTER

Wat! is hy dood?

EDGAR

Gaan sit hier, vader; rus 'n bietjie.
Hier in sy sak die brief waarvan hy praat,
Kan my van nut wees. Hy is dood. Net jammer
Ek moes sy laksman wees. Kom laat ons sien.
Verskoon my, sagte was; blameer my nie, beleefdheid;
Om ons vyande se gees te ken, skeur ons
Hul harte oop, waarom nie dié papier?

[*Lesend*]

Onthou ons wedersydse geloftes. U het geleenthede genoeg om hom uit die weg te ruim; indien die wil u nie ontbreek nie, sal tyd en plek hulle in oorvloed voordoën. Ons kom geen tree verder as hy as oorwinnaar terugkeer nie; dan is ek sy gevangene, en sy bed my tronk; bevry my van die haatlike warmte daarvan, en neem sy plek in as vergoeding.

*U vrou, het ek byna gesê –
Liefhebbende dienaars,
Goneril.*

O grenselose omvang van 'n vrou se lus!
'n Komplot teen haar eed'le man se lewe,
In ruil vir hom, my broer! Hier in die sand krap ek
Jou toe, jý ongewyde boodskapper
Van geile moordenaars. Straks, ter geleë tyd,
Sal ek Albanië, deur hul tot dood verdoem,
Met dié skandbrief verras. Vir hom's dit wel
Dat ek iets van jou dood en sake kan vertel.

GLOUCESTER

Die Koning sinloos! Ai, hoe taai my lae sinne
Dat ek bly staan, my namelose smarte
So skerp bewus kan voel. O was ek maar waansinnig
Sou my gedagtes tog geskei wees van my leed,
En my ellende, vanweë my illusies,

Alle bewussyn van homself verloor.
Tromgeroffel uit die verte.

EDGAR

Gee my u hand.
Daar ver, meen ek, hoor ek die tromme slaan.
Kom, vadertjie, ek neem u na 'n vriend.
Albei af.

TONEEL SEWE

*'n Tent in die Franse kamp.
Cordelia, Kent en Arts op.*

CORDELIA

O goeie Kent, hoe sal ek lewe en werk om
Jou goedheid te vergeld? My lewe sal
Te kort wees, en elk maatreël my faal.

KENT

Erkenning, my vorstin, is oorbetalings.
Al my berigte is die reine waarheid,
Niks minder of niks meer, net só.

CORDELIA

Maar klee u beter.
Dié vodde laat ons dink aan slegter ure,
Ek bid u, trek hulle uit.

KENT

Verskoon my, my Vorstin;
Word ek herken, dan is my doel verydel.
U moet my nie herken – ek sal dit as
'n Guns beskou – totdat die tyd geleë is.

CORDELIA

Goed, goeie Graaf. [*Aan die Arts*] Hoe gaan dit met die Koning?

ARTS

Madam, hy slaap nog.

CORDELIA

O goeie Gode, heel dié diep,
Diep bres in sy geskonde gees geslaan!
Die ondank van sy kinders het sy gees totaal
Ontwrig. O gee hom terug sy ewewig.

ARTS

Mag ons die Koning wakker maak? Hy slaap al lank.

CORDELIA

Doen soos u kennis u beveel, en volg
U eie oordeel. Is hy aangetrek?
Lear op in 'n stoel gedra deur Dienare.

ARTS

Ja, in sy diepe slaap, Madam, het ons
Hom nuwe klere aangetrek. Bly by
Ons, eed'le vrou, as ons hom wakker maak;
Dan sal hy rustig wees, daarvan is ek oortuig.

CORDELIA

Graag, vriend. [*Musiek.*]

ARTS

Staan nader, asseblief. Luider, musiek!

CORDELIA

O dierb're Vader, mag genesing nou
Jou heelmiddel aan my lippe skenk, en mag
Dié soen die wrede pyn en smarte heel wat my
Twee susters wreed jou grysheid toegedien het!

KENT

Liewe en dierbare Prinses!

CORDELIA

Was u hul vader nie, sou dié wit lokke

Hul deernis afgedwing't. Was hierdie 'n gelaat
Om stormwinde te trotseer? Die donder uit
Te daag, swaar slag op slag, geweldig, skrinkaanjaend?
In dié kruisvuur van ratse bliksemstrale daar
Te staan en waak, arme verlore skildwag
Met dié dun helm? My vyande se hond,
Al het hy my gebyt, sou dié nag by
My vuur warmte kon vind. Jy, arme Vader,
Moes sielalleen by varke en drosters skuiling soek
Op dun en muwwe strooi! Helaas! vir my
Is dit 'n wonder jy het nie op slag verstand
En lewe saam verloor. Hy's wakker, praat met hom.

ARTS

Doen ú dit, Madam, dit is pasliker.

CORDELIA

Hoe gaan dit met U Majesteit? Hoe voel U Hoogheid?

LEAR

Jul doen my kwaad my uit my graf te haal.
Jy is 'n siel in saligheid; maar ek
Is aan 'n rat van vuur gebind sodat
My eie trane skroei net soos gesmelte lood.

CORDELIA

Heer, ken u my?

LEAR

U is 'n gees, ek weet, waar't u gesterf?

CORDELIA

Nog altyd . . . altyd . . . ver, ver weg . . .

ARTS

Hy's maar half wakker, laat hom nog rus.

LEAR

Waar was ek? Waar is ek? Dis helder dag?
Ek sien hier skimme; ek sou van meely sterf

Sien ek 'n ander so. Wat moet ek sê? Ek weet nie.
Ek sou nie sweer nie dis my hande. Laat
Ons sien. Ek voel hoe steek dié speld.
Was ek maar seker wat en waar ek is.

CORDELIA

O kyk na my, my Heer,
En plaas u hand in seën op my hoof,
Nee, Heer, moenie kniel nie.

LEAR

Spot tog nie met my nie.
Ek is 'n ou man, dwaas, half kinds,
Ruim tagtig jaar oud, geen uur meer of minder;
En om reguit te praat,
Ek vrees ek is my sinne kwyd. Dit kom
My voor ek moet jou ken, en dié man ook,
Tog twyfel ek; want van dié plek waar ons
Nou is, weet ek glad niks; en hierdie klere,
Waar't ek aan hul gekom? Ek weet nog minder
Waar ek gisteraand geslaap het. Lag nie vir my,
So waar ek leef, ek meen
Dié dame is my kind Cordelia.

CORDELIA

Ek is dit, ja, ek is dit.

LEAR

Jou trane's nat? Ja, inderdaad. Ek bid jou,
Huil nie. Het jy vergif, ek sal dit drink.
Ek weet jy't my nie lief nie; jou twee susters,
Onthou ek goed, het my veel kwaad gedoen;
Daarvoor het jy 'n rede, hulle nie.

CORDELIA

Geen rede, nee, geen rede nie . . .

LEAR

Is ek in Frankryk?

KENT

In u eie ryk, my Vors.

LEAR

Mislei my nie.

ARTS

Hoe goeie moed, Vorstin, die raserny,
Sien u, is weg. Maar dis gevaarlik, meen ek,
Begin hy suf en tob oor die verlede.
Vra hom om in te gaan, en steur hom nie
Totdat hy kalmer is.

CORDELIA

U Majesteit wil met my gaan?

LEAR

Wees tog geduldig, kind, met my. Ek bid jou,
Vergewe, en vergeet, ek is oud en dwaas.

Almal af behalwe Kent en Edelman.

EDELMAN

Is dit waar, my Heer, dat die Hertog van Cornwall so gedood is?

KENT

Sonder twyfel, Heer.

EDELMAN

Wie voer sy leër aan?

KENT

Dit word gesê, die onwettige seun van Gloucester.

EDELMAN

Hulle sê sy verbanne seun, Edgar, is saam met die Graaf van
Kent in Duitsland.

KENT

Gerugte is onbetroubaar. Ons moet op ons hoede wees, die
leërmag van die Ryk ruk vinnig op.

EDELMAN

Die beslissing sal bloedig wees. Dit gaan u goed, Heer.

Edelman af.

KENT

Of in my lewensdoel ek slaag of faal,
Sal hierdie slag vandag alleen bepaal.

Kent af.

VYFDE BEDRYF

TONEEL EEN

Die Britse kamp naby Dover.

Edmond, Regan, Offisiere, Soldate en andere op met tromme en vaandels.

EDMOND

Vra vir die Hertog of hy hom hou by
Sy jongste plan; miskien het iets hom dit
Laat wysig; hy is alte weif'lend en
Vol selfverwyt. Bring ons sy eindbesluit.

REGAN

Iets moes gebeur het met die bode van my suster.

EDMOND

Dit mag wel die geval wees.

REGAN

Nou, liewe Graaf,
U weet die guns wat ek vir u beoog.
Wees met my eerlik, praat die waarheid,
Het u my suster dan nie lief nie?

EDMOND

In eerbare liefde, ja.

REGAN

Het u nog nooit my swaer se pad gevind
Na die verbode plek?

EDMOND

Dis 'n gedagte wat u nie betaam nie.

REGAN

Ek vrees u't so vertrouwd met haar geraak,
So eie, dat ons u hare sou kon noem.

EDMOND

Nee, op my erewoord, Madam.

REGAN

Ek sou dit nooit kon duld. My dierb're Graaf,
Wees nie so vriendelik met haar.

EDMOND

Wees nie bevrees nie.
Hier kom sy en haar man die Hertog!
Albanië, Goneril en Soldate op met tromme en vaandels.

GONERIL

[tersy]

Liewer sou ek dié slag verloor as dat
My suster hom van my sou skei.

ALBANIË

O wees gegroet, my liewe suster. Graaf,
Ek hoor die Koning is nou by sy dogter
Met and're wie die strengheid van ons staat
Gedwing't om op te staan. Waar ek nie eerlik was,
Kon ek nooit dapper wees, want hierdie saak
Raak ons omdat Frankryk ons land beleër,
En nie omdat hy die Koning steun en die and're wat,
Vrees ek, regverdig hul teen ons verset.

EDMOND

'n Edele betoog.

REGAN

Waarom dié redenering?

GONERIL

Laat ons ons kragte saamspan teen die vyand
Want dié huishoudelike twis en stryd
Is hier glad nie ter sake nie.

ALBANIË

Laat ons beraadslag met ons veterane,
So ons krygsplanne maak.

EDMOND

Ek kom nou dadelik na u tent.

REGAN

Suster, jy gaan tog met ons saam?

GONERIL

Nee.

REGAN

Dis paslik, ek bid u, gaan saam met ons.

GONERIL

[*tersy*]

Aha! Ek snap die raaisel. Ek gaan saam.
As hulle uitgaan, kom Edgar op, vermom.

EDGAR

Het ooit U Hoogheid met 'n arm man
Soos ek gepraat, gun my dan net een woord.

ALBANIË

[*aan die res*]

Ek sal u inhaal. [*Aan Edgar*] Praat.

EDGAR

Voor u die slag begin, maak oop dié brief.
As u oorwin, laat die trompet weerklink
Vir hom wat u dit gee. Al lyk ek arm,
Ek bring 'n kampioen wat sal bewys
Wat hier beweer word. Sterf u in die slag, sal u
Geen las meer hê nie van die wêreld, en is
Dié akkoord tot niet. Mag die geluk u seën!

ALBANIË

Bly tot ek hierdie brief gelees het.

EDGAR

Dis my verbied.

Laat net die herout roep op die bestemde tyd,

Dan sal ek weer verskyn.

ALBANIË

Vaarwel, dié brief sal ek nog lees.

Edgar af. Edmond op.

EDMOND

Die vyand is in sig; trek met u leër op.

Hier is die skatting van hul magte deur

Ons knap verkenners; maar u moet u haas,

Spoed is nou dringend nodig.

ALBANIË

Die tyd vind my gereed.

Albanië af.

EDMOND

Aan albei susters is my hart verpand;

En hul wantrou mekaar soos mens 'n slang

Wantrou wat jou gebyt't. Wie moet ek neem?

Albei? Die een? Geeneen? Ek kan geeneen

Geniet nie as albei leef. Neem ek die weduwee,

Dan word haar suster Goneril vertoorn.

Hoe gaan ek in my doelwit slaag solank

Haar man nog leef? Ons het sy invloed nodig

In hierdie slag, maar is dit eers verby,

Laat sy wat van hom kwyd wil raak, versin

Hoe om met hom klaar te speel. En die genade

Wat hy beoog vir Lear en vir Cordelia,

Dié veldslag oor, en hulle in ons mag,

Sal hulle geen vergifnis kry; gewis, my staat

Vereis geen flou debat, maar daad op daad.

Edmond af.

TONEEL TWEE

*Die oop veld tussen die twee leërkampe. Krygsrumoer agter die toneel.
Lear en Cordelia, vergesel van hul Soldate, met tromme en vaandels, trek
oor die toneel, en verdwyn dan weer.*

Edgar en Gloucester op.

EDGAR

Hier, vader, neem dié boom se skaduwee
Vir goeie gasheer . . . En bid dat reg
Mag seëvier. Keer ek ooit tot u terug,
Bring ek u troos.

GLOUCESTER

Die Godes guns gaan met u, Heer!

Edgar af.

*Oorlogsrumoer; dan die terugtog van die Franse leër. Edgar ver-
skyn weer.*

EDGAR

Nou moet ons vlug, ou man! Gee my jou hand, weg, weg!
Lear is verslaan, hy en sy kind gevang.
Gee my jou hand, kom saam!

GLOUCESTER

Nie verder nie, selfs hier sou ek vergaan.

EDGAR

Dié somber ou gedagtes weer?
Die mens moet kan verduur
Sy weggaan hiervandaan, net soos sy koms hierheen.
Rypheid is alles. Kom . . .

GLOUCESTER

En dis ook waar.

Albei af.

TONEEL DRIE

Edmond as oorwinnaar op met tromme en vaandels, Lear en Cordelia as gevangenes; asook Offisiere, Soldate, en so meer.

EDMOND

Neem hulle weg, manne; waak goed oor hulle
Totdat dit hulle, ons regeerders,
Geneë is om hul oordeel uit te spreek.

CORDELIA

Ons is die eerstes nie op hierdie wêreldwerf
Wat met die beste wil, die slegste erf.
Oor jou, verdrukte Vors, voel ek bedroef;
Was ek alleen, sou ek nie veel behoef.
Sal ons dié dogters en dié susters dan nie sien nie?

LEAR

Nee, nee, nee, nee! Kom laat ons tronk toe gaan;
Ons twee sal sing alleen soos voëls in
'n Kou. As jy my om my seën vra,
Sal ek daar kniel, jou om vergifnis vra. So sal
Ons leef, en bid, en sing, ou-ou verhale vir
Mekaar vertel, en lag vir goue vlinders;
Hoor hoe dié arme drommels daar praat van hofnuus,
En ook saampraat, wie wen en wie verloor,
Wie's in wie's uit; en maak of ons die diep geheim
Van lewe en lot verstaan, God se spioene is . . .
So sal ons in ons kerker die vetes en twiste
Oorleef van hul, die magtiges, wat eb en vloei
Saam met die maan.

EDMOND

Neem hulle weg.

LEAR

Op so 'n offer, my Cordelia, sou selfs
Die Gode wierook strooi. Stem jy nie saam nie?
Hy wat ons skei, sal uit die Hemel 'n

Stomp vuur moet bring, soos vosse ons hier uitrook.
Toe, droog jou trane, lief. Gedrogte sal
Hul opvreet vlees en vel voor hul ons sal
Laat huil. Laat hulle eerder sterf van honger.
Kom, kind . . .

Lear en Cordelia af, bewaak.

EDMOND

Kom hier, Kaptein; luister. [*Hy gee hom 'n brief.*]
Neem hierdie briefie, volg hul na die tronk.
Jou rang't ek reeds verhoog; doen jy wat hier
Beveel word, baan jy snel jou weg
Na eer en aansien. Ja, dit moet jy weet: 'n man
Is soos sy eie tyd; 'n sagte hart
Pas tog nie by 'n swaard; jou grootse taak
Duld geen bespreking nie; dít moet jy doen
Of soek jou voordeel elders.

OFFISIER

Ek sal dit doen, my Heer.

EDMOND

Aanstryk; ag jou gelukkig is dit eers
Gedaan. Let wel, ek sê, terstond, en voer
Dit uit soos ek dit daar geskryf het.

OFFISIER

Ek kan geen karperd wees nog hawer vreet.
Is dit 'n man se werk, sal ek dit doen.

Offisier af.

Trompetgesketter. Albanië, Goneril, Regan, Offisiere en Soldate op.

ALBANIË

U was getrou vandag, Heer, aan u aard,
En aan u spits was die Geluk; u het die twee
Gevang'nes, ons teenstanders in vandag se slag;
Lewer hul aan ons uit dat ons oor hulle
Oordeel kan vel volgens hul skuld en wat
Ons veiligheid terselfdertyd vereis.

EDMOND

Ek het dit raadsaam, Heer, geag om die ou
En swakke Koning in hegtenis te stuur.
Sy ouderdom het sjarme, en sy Koningskap betower,
Iets wat altyd die volk se hart kan steel,
En ons gehuurde lanse sal kan draai teen óns
Wat hul beveel. Die Koningin't ek saam
Gestuur ook om dié rede; hul's gereed,
Môre, of wel later, sal hul kan verskyn
Waar u u hof sal hou. Nou sweet
Ons en ons bloei, ja, vriend het vriend verloor;
En in dié hitte word die beste saak
Vervloek deur hulle wat sy skerpte voel.
Die vraagstuk van Cordelia en haar vader
Verg 'n geskikter plek.

ALBANIË

Verskoon my, Heer,
Ek sien u slegs as onderdaan in hierdie oorlog,
Nie as my broer.

REGAN

Hy is wat ons dit goed ag.
Waarom het u ons nie geraadpleeg nie
Voor u soveel gesê het? Hy't ons magte aangevoer,
Met volmag in my plek en my persoon gestaan;
En dié gesag, meen ek, gee hom die reg
U broer te noem.

GONERIL

Wag, nie so vurig nie;
Sy eie deug verhef hom tot 'n hoër rang
As al jou eerbewyse.

REGAN

In my regte, deur
My ingewy, staan hy gelyk aan die allerbeste.

ALBANIË

Dit sou die toppunt wees, was hy u eggenoot.

REGAN

Spotters is soms profete.

GONERIL

Hola, hola!

Die oog wat dit aan jou gesê het, kyk maar skeel.

REGAN

Madam, ek's nie gesond; anders sou ek
Jou met 'n stortvloed woorde antwoord. Veldheer,
Neem my soldate, erfdeel, gevangenes,
Beskik oor hulle, oor my; my vesting is van u;
Wees heel die wêreld my getuie: hier verklaar ek
U tot my heer en meester.

GONERIL

Jy hoop jy gaan hom nog besit?

ALBANIË

[aan Goneril]

Dit te verbied, lê nie in u mag.

EDMOND

Ook nie, my Heer, in u mag.

ALBANIË

Dit lê wel in my mag, halfbloed!

REGAN

[aan Edmond]

Slaan, tromme, kondig aan my titel is van u!

ALBANIË

Wag, hoor my aan! Ek neem jou nou in hegt'nis, Edmond,
Vir hoogverraad, en met jou as trawant
Hierdie vergulde slang. [*Hy wys na Goneril.*] U eis, my skone suster,
Staan ek hier teen ter wille van my vrou;
Dis sý wat aan dié heer verloof is,
En ek, haar man, weerspreek daardie gebooië.

Wil u nog trou, maak my die hof,
My vrou is reeds bespreek.

GONERIL

'n Blyspel!

ALBANIË

Jy is gewapen, Gloucester. Blaas, trompet!
As niemand hier verskyn om met sy swaard
Jou openlik herhaalde vuil verraad te staaf,
Hier is my pand [*hy werp sy handskoen neer*]; en aan jou hart be-
wys ek,
Voor ek weer brood sal eet, jy is niks anders
As wat ek hier verklaar het nie.

REGAN

Siek! O siek!

GONERIL

[*tersy*]

So nie, vertrou ek nooit weer medisyne nie.

EDMOND

Hier lê my teenpand. [*Hy gooi sy handskoen neer.*] Wie hy ook al
mag wees

Wat my verraaier noem, hy lieg, die skurk.
Laat die trompet weerklink! Wie ook durf nader,
Aan hom, aan u, aan wie ook al, sal ek
Steeds fier my eer handhaaf, en ook my trou.

ALBANIË

'n Herout hier!
Vertrou slegs op u eie moed.
U manne, in my naam verwerf, het ek
Ontslaan weer in my eie naam.

REGAN

Ek's tot die dood toe siek.

ALBANIË

Sy's nie gesond nie; neem haar na my tent.

[*Regan word afgelei. 'n Herout op.*]

Kom hier, herout, laat jou trompet weerklink,
En lees dít af.

OFFISIER

Trompetter, blaas!

Trompetgesketter.

HEROUT

[*lesend*]

As daar 'n edelgebore of 'n man van hoë rang onder die geledere van die leër is, wat Edmond, die vermeende Graaf van Gloucester, sal aankla dat hy 'n verraaier is, laat hy by die derde trompetgeskal verskyn. Die beskuldigde staan klaar om hom te verdedig

OFFISIER

Blaas! [*Eerste trompet*]

Nogmaals! [*Tweede trompet.*]

Nogmaals! [*Derde trompet.*]

'n Trompet antwoord van agter die toneel. Edgar, geharnas, op, voorafgegaan deur 'n trompetblaser.

ALBANIË

Vra hom sy doel, en waarom hy verskyn
Op dié trompetgeroep.

HEROUT

Wie is u?

U naam? U rang? En waarom antwoord u

Op dié appèl?

EDGAR

My naam het ek verloor;

Die giftand van die verraad't hom weggevreet.

Maar ek is edel soos die teenstander

Wat ek hier uitdaag.

ALBANIË

Wie is dié teenstander?

EDGAR

Wie tree hier op vir Edmond, Graaf van Gloucester?

EDMOND

Hyself. Wat wil jy aan hom sê?

EDGAR

Trek uit jou swaard,
Sodat dié swaard reg laat geskied indien
My woorde 'n edele hart gegrief't. Hier's myne.
Kyk, dis my voorreg as 'n ridder, ja,
Die voorreg van my eer, my rang en eed. En ek
Verklaar – ondanks jou krag, plek, jeug en jou gesag,
Jou seëpralend swaard en vonkelnuut Geluk,
Jou moed en ook jou hart – jy's 'n verraaier,
Vals jeëns jou Gode, en broer, en ook jou vader,
'n Samesweerder teen dié hoë roemryke Prins,
En van jou skedeltop tot by die stof
Waar in jou voetsool trap, verraaier, ja,
Besoedel soos die vuilste padda. Sê jy nee,
Sal hierdie swaard, dié arm en my hoogste moed
Strewe om aan jou hart te toon jy lieg.

EDMOND

Wys sou dit wees jou naam te vra; maar daar
Jou uiterlik krygshaftig lyk, opreg,
En ook jou taal 'n edel afkoms toon,
Wat ek mag uitstel, stiptelik, formeel,
Volgens die ridderwet, verwerp ek tans.
Dié aanklag smyt ek terug in jou gesig,
En met dié helse leuens oorweldig ek
Jou hart. Daarheen sal hierdie swaard ofskoon
Dié leuens my skaars raak, hul pad nou baan,
En hulle daar vir altyd rus. Trompette, praat!

Trompetgeskal. Hulle veg. Edmond val.

ALBANIË

Spaar hom! Spaar hom!

GONERIL

Dit was 'n set, Gloucester.
Die wapenwet het nie vereis dat jy
'n Onbekende moet beveg; jy's nie
Verslaan nie, maar bedrieg.

ALBANIË

Vrou, hou jou mond,
Of met dié brief stop ek hom toe. [*Aan Edmond*] Hier, onding
Sonder naam, lees van jou eie boosheid.
Vrou, skeur dit nie. Ek sien jy ken dié brief.

GONERIL

Al ken ek dit, ek maak die wette en
Nie jy nie. Wie kan my hiervoor aankla?

ALBANIË

O monstergtig! Jy weet dus van dié brief?

GONERIL

Vra my nie wat ek weet nie.
Goneril af.

ALBANIË

Volg haar, sy is wanhopig, bedwing haar.
'n Offisier af.

EDMOND

Al wat u my verwyf, het ek gedoen,
En meer, veel meer; die tyd sal dit ontbloom.
Dis al's gedaan, en ek daarby. Maar wie
Is jy wat my verslaan't? Is jy van adel,
Dan vergeef ek jou.

EDGAR

Laat ons vergifnis ruil.
My bloed is net so adellik as joue, Edmond;

Is't meer, dan het jy my meer kwaad gedoen,
My naam is Edgar, seun van jou vader.
Die gode is regvaardig, van ons soete luste
Maak hul werktuie om ons te plaag en straf.
Die donker sondeplek waar hy jou vroeër
Verwek't, het hom sy oë gekos.

EDMOND

Dis reg, jy praat die waarheid,
Die wiel't sy sirkel vol geswaai; en hier lê ek.

ALBANIË

Jou gang alleen't 'n koninklike adel
Voorspel. Laat my jou omhels, en laat
Die smart my hart verskeur as ek jou ooit
Gehaat het of jou vader.

EDGAR

Ek weet dit, edel Prins.

ALBANIË

Waar't jy jou weggesteek? En hoe het jy
Verneem van al jou vader se ellende?

EDGAR

Deur hom, Heer, te verpleeg. Luister na my verhaal,
En is dit eers vertel, o mag my hart breek!
Om die doodvonnis te ontsnap wat my
Gedreig het – o soetheid van die lewe!
Om liefs die doodsangs uur na uur te sterf
As om meteens te sterf! – het ek 'n malman
Se toiings aangetrek, 'n ding geword
Wat brakke selfs minag't; en so vermom
My vader weer ontmoet met sy bebloede kasse,
Hul edelstene pas verloor; sy gids geword
En hom gelei, vir hom gebedel, hom gered
Van wanhoop, nooit – o fout! – my aan hom openbaar,
Tot slegs 'n halfuur terug toe ek, gewapen,
Nie seker van my sege, maar vol hoop,

Hom om sy seën vra, hom alles van
My ver swerftog vertel. Toe't dié gesplete ou hart,
Te swak, helaas, vir so 'n stryd, tussen
Die uiterstes van hartstog, vreugde en smart,
Gebreek met 'n glimlag.

EDMOND

U woorde't my ontroer,
En sal miskien nog goed doen; maar praat verder,
Dit lyk of jy iets meer te sê het.

ALBANIË

As daar nog meer is, meer droefnis, verswyg dit liewer;
Want wat ek hoor, roer my tot trane toe.

EDGAR

Vir hulle wat die smart nie lief het nie,
Sou dit die uiterste gelyk het; maar
'n Verd're smart, beskryf ek dit noukeurig,
Sou veel meer maak, en selfs dié uiterste oortref.
Terwyl ek daar nog luid weeklae, kom daar 'n man
Wat, toe hy my nog in my ergste staat gesien het,
My soos die pes vermy't; maar as hy nou ontdek
Wie't is wat soveel moes verduur, slaan hy
Sy kragtige arms om my nek, en skreeu
Of hy die lug wil skeur; en werp hom op my vader;
Vertel die droewigste verhaal van Lear en hom
Wat ooit die oor gehoor't. Met dié relaas styg
Sy smart ten top, begin sy lewensnare kraak.
En toe skal die klaroen twee keer. Ek het
Hom daar gelaat, verdwaas.

ALBANIË

Maar wie was dit?

EDGAR

Kent, die verbanne Kent; hy't daar vermom
Sy koning, hom vyandig steeds, gevolg,
Gedien soos geen slaaf't sou gedoen het nie.

'n Edelman op, met 'n bebloede dolk.

EDELMAN

Help, help, o help!

EDGAR

Maar watter hulp?

ALBANIË

Praat, man.

EDGAR

Dié mes vol bloed, sê, wat beteken dit?

EDELMAN

Dis warm, dit rook, dit kom nou uit
Haar hart . . . O sy is dood!

ALBANIË

Wie's dood? Praat, man!

EDELMAN

U gade, Heer, u gade; en haar suster
Het sy vergiftig, sy't die daad beken.

EDMOND

Ek was verloof aan albei, ons al drie trou
Nou in één oomblik.

EDGAR

Hier kom Kent.

Kent op.

ALBANIË

Bring hier hul liggame, lewend of dood.

[Edelman af.]

Dié oordeel uit die Heem'le laat ons sidder,
Maar roer ons nie tot deernis nie. *[Aan Kent]* O, is dit hy?
Ons kan hom hier geen eer betoon,
Die tyd's daarteen, al sou die hofflikheid dit verg.

KENT

Ek het gekom om my Koning en my meester
Vir altyd goeie nag te sê.
Is hy nie hier nie?

ALBANIË

Die grootste saak, o ons het dit vergeet!
Praat, Edmond, waar's die Koning? waar Cordelia?
Sien jy dié skouspel, Kent?

Die liggame van Goneril en Regan word ingebring.

KENT

Ag, waarom dit?

EDMOND

Tog, Edmond was bemin; die een
Het die ander om my ontwil vergiftig,
Daarna haarself gedood.

ALBANIË

So was't; dek hul gesigte.

EDMOND

Ek hyg na lewe; iets goeds wil ek nog doen
Ondanks my eie natuur. Stuur iemand gou,
O haas u tog, na die kasteel; ek het gelas
Lear en Cordelia moet sterf.
Stuur iemand nou, betyds.

ALBANIË

Jaag, jaag! O jaag tog!

EDGAR

Na wie, my Heer? Wie het jy dié bevel gegee?
Gee hom 'n teken van jou begenadiging.

EDMOND

Jy het gelyk; hier, neem my swaard,
Gee dit aan die kaptein.

ALBANIË

O haas jou, by jou lewe!

Edgar af.

EDMOND

U vrou en ek het hom beveel hy moet
Cordelia ophang in die tronk, en dan
Vertel haar eie wanhoop was die rede
Dat sy haar hand geslaan het aan haar lewe.

ALBANIË

Die Gode staan haar by! Bring hom weg.

Edmond word weggedra.

Lear op met Cordelia in sy arms.

Hulle word gevolg deur Edgar, die Kaptein en andere.

LEAR

Skreeu, skreeu, skreeu! O mense, jul's van klip;
Had ek jul tonge en oë, ek sou so skreeu,
Die hemelkoepel self sou kraak; sy's weg vir altyd.
Ek weet of iemand dood is of nog leef;
Sy's dood soos hierdie stof. Gee my 'n spieël;
Sou haar soet asem dié kristal verdof
Of mistig maak, dan leef sy nog.

KENT

Is dit die oordeelsdag?

EDGAR

Of skrikbeeld van dié gruwel?

ALBANIË

Val, hemele, en eindig alles.

LEAR

Dié veertjie roer, sy leef! O was dit waar,
Sou dié geluk vergoed vir al die smarte
Wat ek nog ooit verduur het.

KENT

O meester, goeie meester!

LEAR

Laat my met rus.

EDGAR

Dit is u vriend, die eed'le Kent.

LEAR

Mag jul vervloek wees, moordenaars, verraaiers!
Ek kon haar nog gered't; nou's sy vir altyd weg.
Cordelia, Cordelia, bly 'n rukkie! Ha . . .
Wat sê jy daar? Haar stem was altyd sag,
Lieflik en teer, iets heel moois in 'n vrou.
Ek het die slaaf gedood wat jou wou ophang.

KAPTEIN

Dis waar, hy't dit gedoen.

LEAR

Nie waar nie, man? Daar was
'n Tyd toe ek met my vlymende swaard
Hom sou laat trippel het, maar nou's ek oud,
Van al my laste en leed gedaan. Wie's jy?
My oë's nie van die beste nie, ek sê dit self.

KENT

Sou die Fortuin hom roem hy't twee bemin
En ook gehaat, sien ons nou een van hulle.

LEAR

Ag, treurige gesig, is jy nie Kent?

KENT

Hy self,
U dienaar Kent. Waar is u dienaar Caius?

LEAR

Hy was 'n gawe vent, dit sê ek jou,
Flink met sy swaard en vinnig . . . nou's hy dood, verrot.

KENT

Nee, beste Heer, ek is die einste man –

LEAR

Straks gaan ek daarop in.

KENT

Vanaf die eerste dag van u vernedering
Het ek u troostelose pad gevolg –

LEAR

Jy is hier welkom.

KENT

. . . En niemand anders. Alles donker, droewig, doods;
Verlate in hul wanhoop het u oudste dogters
Hulself van kant gemaak.

LEAR

Dit dink ek ook.

ALBANIË

Hy weet nie wat hy sê nie, dis vergeefs
Dat ons ons rig na hom.

EDGAR

Ja, dis verniet.
'n Offisier verskyn.

OFFISIER

Edmond is dood, my Heer.

ALBANIË

Dis bysaak hier.
Hoor, Here en edele vriende, ons besluit:

Wat ons kan doen sy rampe te versag,
Dit sal ons doen. Aan dié ou Majesteit
Staan ons solank hy leef ons hele mag
Met vreugde af. [*Aan Edgar en Kent*] U kry u ou regte, meer nog,
Dié nuwe eerbewyse wat u ruim verdien het.
Ons vriende kry die lone van hul deug,
Ons vyande die beker van hul straf. O kyk, kyk!

LEAR

My dierbaarste verwurg! Nee, nee, geen lewe nie!
'n Hond, 'n perd, 'n rot mag leef, en jy't
Geen asem meer, my kind, waarom? Nooit kom jy terug,
Nooit weer nie, nooit, nooit, nooit, nooit, nooit!
Maak tog dié knopie los. Dankie, meneer,
Sien jy dit ook? Kyk, kyk na haar, kyk na haar lippe,
Kyk dáár . . . dáár . . .

Hy sterf.

EDGAR

Hy't flou geval, my Heer, my Heer!

KENT

Breek, hart, ek bid jou, breek.

EDGAR

Kyk op, my Vors.

KENT

Kwel nie sy gees, o laat hom gaan, hy haat
Hom wat op die pynbank van hierdie taai ou wêreld
Hom langer sou wil uitrek.

EDGAR

Nou's hy weg.

KENT

Die wonder is dat hy so lank kon uthou,
Hy het homself oorleef.

ALBANIË

Dra albei weg, ons huidige bedryf
Is die algemene rou. [*Aan Edgar en Kent*] Vriende, regeer
Oor hierdie Ryk, skraag hom dat niks hom deer.

KENT

Ek sal moet gaan, 'n lang reis lê my voor,
My meester roep my en ek gee gehoor.

EDGAR

Dié droewe tyd se las sal ons moet dra,
Sê wat ons voel, nie wat gewoonte vra.
Die oudstes moes die meeste ly, ons jong geslag
Sal nooit soveel beleef, soveel vermag.

Almal af terwyl 'n dodemars gespeel word.